

T.N&A

| | |
|--|----|
| Redaksioneel Steward van Wyk en Wium van Zyl | 1 |
| “Drie keiserportrette” en die Romeinse geskiedenis in <i>Nuwe verse</i> van N.P. van Wyk Louw Martjie Bosman | 3 |
| Om Amsterdam te verbeel(d):’n verkenning van die stadsruimte in <i>30 Nagte in Amsterdam</i> van Etienne van Heerden Adèle Nel | 18 |
| “[om] nou hier op oordeelsdag bontbokke te kom tel” – Wopko Jensma en die sensuurwetgewing van die jare sewentig Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais | 37 |
| “Die lied van die nuwe jong Suid-Afrika”: Die representasie van vervreemding in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek Burgert Senekal | 53 |
| G.R. von Wielligh en die Afrikaanse taalbeweging J.C. Steyn | 68 |
| Landmeter Von Wielligh op ongekarteerde taallandskap Corlietha Swart | 92 |

Die drie keisers van “Drie keisersportrette” soos dit oorgelewer is op antieke Romeinse muntstukke. Hulle van links na regs Diocletianus (bo), Aurelianus en Galerius.

T.N&A



16DE JAARGANG NR. 2 2009

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS
16DE JAARGANG NR. 2 2009

T.N&A

TYDSKRIF VIR NEDERLANDS EN AFRIKAANS

T.N&A is 'n geakkrediteerde tydskrif en word uitgegee deur die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Neerlandistiek, met finansiële steun van die Nederlandse Taalunie. T.N&A wil die studie van die Nederlandse taal-, letterkunde en kultuur bevorder, ook in sy verhouding tot die Afrikaanse taal- en letterkunde. Daarbenewens wil die tydskrif die Afrikaanse taal- en letterkunde in Nederlandstalige gebiede bevorder. Die tydskrif verskyn twee keer per jaar.

Redaksie: Prof. Steward van Wyk, Prof. Wium van Zyl

Uitleg: Christa van Zyl

Redaksie-sekretariaat: Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland, Privaatsak X17, Bellville 7535, Suid-Afrika

Tel.: +27 21 959-2112; e-pos: svanwyk@uwc.ac.za ; wvanzyl@uwc.ac.za

Inskrywings en betalings:

Vir intekenaars in Suid-Afrika

Stuur 'n tjek van R100 uitgemaak aan die SAVN na Me. Renée Marais, E A G, Universiteit van Pretoria, 0002 Pretoria, Suid-Afrika.

Tel.: +27 12 420-4592

Faks: +27 12 420-3682

E-pos: renee.marais@up.ac.za

Vir intekenaars buite Suid-Afrika

Plaas R175 oor na rekeningnommer 1190154676, ABSA, Kode: 630125, Pietermaritzburg, Suid-Afrika.

Redaksieraad:

J.B. den Besten (Universiteit van Amsterdam)

H. Ester (Katholieke Universiteit Nijmegen)

C.R. Groeneboer (Universitas Indonesia)

M. Janssens (Katholieke Universiteit Leuven)

R.S. Kirsner (University of California)

G. Olivier (Universiteit van die Witwatersrand)

A.N. Paasman (Universiteit van Amsterdam)

M.A. Schenkeveld-van der Dussen (Universiteit Utrecht)

H.P. van Coller (Universiteit van die Oranje-Vrystaat)

F.P. van Oostrom (Rijksuniversiteit Leiden)

J. van der Elst (Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.)

A.T. Zuiderent (Vrije Universiteit Amsterdam)

Hierdie nommer van T.N.&A. bevat artikels wat voortgekom het uit twee simposiums: 'n simposium wat gehou is by die Universiteit van Pretoria en 'n herdenkingsgeleentheid by die Nasionale Letterkundige Museum in Bloemfontein ter herdenking van die Afrikaanse taalpionier G.R. von Wielligh se 150ste geboortedag. Die gasredakteur was Hein Grebe. Toe hy weens ernstige sieke nie met die werk kon voortgaan nie het Nerina Bosman ingetree en die werk afgehandel.

Martjie Bosman ondersoek N.P. van Wyk Louw se sonnetreeks “Drie keiserportrette” uit sy bundel *Nuwe verse* (1954). Sy plaas die gedigte in die konteks van die telkense aandag in Louw se oeuvre aan die verskynsel van historiese oorgangsperiodes en ook die Romeinse geskiedenis as sodanig. In die omgaan met die ontwikkeling van die pre-Christelike politieke situasie tot 'n dominant Christelike staatsbestel is hier volgens haar nie sonder meer sprake van 'n pro-Christelike ingesteldheid nie.

Adèle Nel ondersoek die element van geografiese ontheemding in Etienne van Heerden se *30 Nagte in Amsterdam*. Sy span hierby Nancy Stieber (2006) se kategorieë die “image of the city, the imagined city and the imaginary city” as raamwerk in vir haar beskrywing van die ervaring sowel as die aanbieding en verbeelding van Amsterdam in die roman. Amsterdam word verder ook ondersoek as 'n sone en “heterotopia” met die fokus op die twee ongelyke en mekaar uitsluitende wêreldes, naamlik die Oos-Kaap (Suid-Afrika) en Amsterdam (Nederland). Die kwessies van post-koloniale subjek en identiteit word hierby betrek asook by haar interpretatiewe gevolgtrekking oor sowel Henk de Melker en sy Tante Zan se uiteindelijke terugkeer na hul geboortekontrei.

Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais rig die aandag op die Suid-Afrikaanse sensuurbestel in die vorige politieke bedeling en die invloed wat dit gehad het op die land se letterkunde. Hulle behandel die digter en kunstenaar Wopko Jensma se digbundel *where white is the colour, where black is the number* (1974) as gevallestudie. Na aanleiding hiervan word opnuut besin oor die plek wat Jensma se werk in 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis behoort in te neem asook ten opsigte van die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse boek.

Burgert Senekal ondersoek die hedendaagse Afrikaanse protesmusiek. Sy tese is dat dit veral vervreemding onder die jeug tot uitdrukking bring. Hierby span hy Hermann (2009) se insigte in asook dié van Seeman (1983), Geyer (2001) en Mirowsky en Pribesh (2001). 'n Seleksie van lirieke van liedjies ná 1994 word bespreek. Elemente van magteloosheid en sosiale isolasie kom hierin sterk na vore,

J. C. Steyn bespreek G.R. von Wielligh se verbintenis met die sogenaamde Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Allereers word die feitlike betrokkenheid van hierdie veelsydige persoonlikheid by die beweging bespreek. Vervolgens word sy latere

rol as skrywer oor die beweging in beskouing geneem. In die proses word ook die beskuldiging teen hierdie taalpioniers nagegaan dat hulle as Afrikaner-nasionaliste die taal “om politieke redes ‘gekaap’ of alleen vir hulleself toegeëien het”.

Corlietha Swart bespreek hoofsaaklik Von Wielligh se bydrae as taalkundige en sien daarin onder meer ’n verbintenis met sy opleiding as landmeter. Hy was met hierdie benadering van hom volgens haar ’n voorloper ten opsigte van taalgeografie. Sy nog moeilik finaal vasstelbare, maar belangrike rol by die aanvanklike materiaalversameling vir die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* word eweneens van nader beskou. Dieselfde geld vir ander vertakkings van die taalkunde wat in sy tyd soms nog nie eens name gehad het nie soos die sosiolinguistiek, morfologie, sintaksis, fonetiek, semantiek en die historiese taalkunde.

Ons bedank graag die gasredakteurs, die keurders en Christa van Zyl wat die uitleg en grafiese ontwerp vir die voorblad gedoen het.

Universiteit van Wes-Kaapland

“Drie Keiserportrette” en die Romeinse geskiedenis in *Nuwe verse* van N.P. van Wyk Louw

Martjie Bosman

The sonnet series, “Drie keiserportrette” (Three imperial portraits), from N.P. van Wyk Louw’s fifth volume of poetry, Nuwe verse (1954), illustrates both his interest in Roman history and in eras of historical transition. This article focuses on the historical facts relevant to the third century Roman emperors Aurelian, Diocletian and Galerian that Louw provided in the explanatory notes accompanying the first publication of the three sonnets and the way the historical material is adapted in the poems. It is contended that the sombre, pessimistic view of the transition to Christianity ascribed to the Roman emperors reflects a particular notion of the decline and fall of the Roman Empire that was dominant at the time of first publication. Louw also reflects on other facets of the pre-Christian or the not yet Christian in Nuwe verse, but an unambiguous “development” or transition to Christianity cannot be deduced.

1. Inleiding

Die leser en student van die gedigte van die groot Afrikaanse digter N.P. van Wyk Louw kom veral voor twee, miskien drie uitdagings te staan. Eerstens is daar die omvang van sy oeuvre: ses digbundels, twee versdramas, ses gepubliseerde hoorspele, ’n radiofoniese opera en nege bundels letterkundige studies en opstelle. Tweedens kom ’n mens ook te staan voor ’n verbasend breë verwysingswêreld, veral in die laaste twee digbundels. En dan is daar nog die berugte “duisterheid” van Louw se gedigte waaroor veral sommige vroeë kritici nie te gelukkig was nie.

Een faset van Louw se breë verwysingsveld is sy kennis van die klassieke letterkunde en geskiedenis, wat sommige gedigte vir lesers met slegs ’n lekekennis hiervan haas ontoeganklik maak.

Louw het van jongs af ’n belangstelling in die Romeinse geskiedenis gehad, soos blyk uit die outobiografiese slotgedig van *Nuwe verse* (1954), “Beeld van ’n jeug: duif en perd”, waarin die jong seun vertel hoe hy in die agterplaas van hulle huis in die son in ’n boek oor die Puniese oorloë sit en lees. Latyn was een van Louw se skoolvakke op Sutherland, sy geboortedorp in die Karoo, waarmee hy op hoërskool (SACS) voortgegaan het nadat die Louws na Kaapstad verhuis het. Latyn was ook een van Louw se hoofvakke vir die B.A.-graad wat hy in 1924 aan die Universiteit van Kaapstad behaal het en volgens sy biograaf kon hy skrywers soos Suetonius en Erasmus met gemak in Latyn lees (Steyn, 1998: 18).

Die belangstelling in die Romeinse geskiedenis sou ook in Louw se skryfwerk tot uiting kom. Die reeks “Gedagtes, liedere en gebede van ’n soldaat” in Louw se tweede digbundel, *Die halwe kring* (1937), is deur die aanvanklike resepsie as nasionalistiese gedigte gesien (Mulder, 1947: 159 en Dekker, 1938: 177), maar die gedigte het

waarskynlik net soveel met Romeinse soldate as met soldate uit enige ander tyd te make gehad. In die indrukwekkende vierde digbundel, *Gestalten en diere* (1942), verwys ten minste een gedig, “Arend” uit die reeks “Drie diere”, na die Romeinse Ryk. In hierdie gedig word die arend, simbool van die Ryk, voorgestel as meedoënloos, kil en vreesaanjaend. Die reeks is tydens die Tweede Wêreldoorlog geskryf en word gewoonlik gelees as grimmige kommentaar op die vergrype van mag. Ook Louw se laaste bundel, *Tristia* (1962), bevat ’n aantal gedigte wat na die laat-Romeinse Ryk verwys en die titel self verwys na Ovidius se gedigte wat tydens sy ballingskap in Pontus geskryf is.

Louw se uitvoerigste verwerking van die Romeinse geskiedenis vind ons egter in die versdrama *Germanicus*. Hy het reeds teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog aan die drama begin werk, alhoewel dit eers in 1956 gepubliseer is en in 1957 die eerste maal deur die Nasionale Toneelorganisasie in Bellville opgevoer is.

In hierdie artikel wil ek aandag gee aan die sonnettereks “Drie keiserportrette” uit *Nuwe verse* (1954) waarin die laat-Romeinse Ryk ook ter sprake kom. Hierdie verse is aanvanklik onder die titel “Drie laat-heidense keiserportrette” gepubliseer in die tydskrif *Standpunte* (2 (1), Februarie 1947) en dateer dus uit ongeveer dieselfde tyd as die ontstaan van *Germanicus*. Afgesien van kursoriese verwysings na die drie sonnette in die aanvanklike resensies van die bundel en later in die literatuurgeskiedenis, is hierdie gedigte nog net onder die loep geneem deur Rob Antonissen (1979: 153–154), wat aan vormlike aspekte aandag gee, en Truida Lijphart (1985: 111–112), wat die wysigings aan die gedigte sedert die eerste plasing daarvan in *Standpunte* ondersoek. Die wyse waarop Louw aan die historiese gegewe gestalte gee en die plek van die drie sonnette in die bundelkonteks het nog nie vroeër aandag gekry nie.

2. Nuwe verse

Die “Drie keiserportrette” is in 1954 opgeneem in Louw se vyfde digbundel, *Nuwe verse*. Dié bundel bevat van Louw se bekendste en mees geliefde verse, waaronder “Ons klein en silwrigte planet”, “Die beitelkje”, “Ignatius bid vir sy orde”, “Suiwer wiskunde” en “Beeld van ’n jeug: duif en perd”. Van hierdie gedigte sou later ruim net soveel aandag in die kritiek kry as van die bekendste gedigte uit die vorige bundels. Daarby het *Nuwe verse* die vernuwende eienskappe gehad wat deur die oënskynlik neutrale titel in die vooruitsig gestel word, waaronder die aardsheid van die “Twee elegiese verse” en die speelsheid van verse soos “Die beitelkje” en “Ballade vir Jan se fees”, wat nogal verskil van die hoë erns van gedigte soos “Die hond van God” en “Die swart luiperd” in *Gestalten en diere*. Die eietydse resepsie is ook effens onkant gevang deur die eksperimentele aard van “Klipwerk”, wat die onderwerp van ’n hele aantal artikels sou word (onder andere van C.J.M. Nienaber en Merwe Scholtz).

En tog is *Nuwe verse* aanvanklik en ook later in die literatuurgeskiedenis as ’n bundel van “‘tussenstand’, van oorgang” getipeer (Antonissen, 1955: 278;

Kannemeyer, 1978: 414; Olivier, 1998: 627–628). ’n Mens kry die indruk dat die kritici van oordeel was dat die poëtiese styl nie dieselfde eenheid toon as die vorige en daaropvolgende bundels nie; dat sommige van die gestalteverse eintlik nog teruggryp na *Gestalten en diere*, terwyl ander weer vooruitwys na *Tristia* (Kannemeyer, 1987: 425). A.P. Grové is krities oor die “dowwe kolle” in “Klipwerk”, die “losse bou en tam beweging” van die “Twee elegiese verse”, en die gemis aan die “hoogspanning” en “dramatiese kwaliteit” wat *Gestalten en diere* gekenmerk het (1954: 289–291). J.C. Kannemeyer meen dat die weglaat van ontstaansdatums wel daartoe bydra dat die verbande tussen gedigte duideliker na vore kom, maar dat *Nuwe verse* glad nie die hegte konstruksie van D.J. Opperman se *Blom en baaierd* vertoon nie. Kortom, dit wil voorkom asof die titel van Antonissen se bespreking, “Tussenstand”, bly vassteek het en *Nuwe verse* gestempel het as redelik losse versameling verse wat te laat vir *Gestalten en diere* en te vroeg vir *Tristia* was (1987: 425).

Die literatuurhistorikus G. Dekker meen ook dat daar nog gedigte in *Nuwe verse* is wat as na- of tussenspel beskou kan word (hy verwys slegs na “Die dooper in die woestyn”). Vir hom lê die oorgangskarakter van die bundel egter nie soseer daarin dat dit tussen twee groot bundels lê nie (en dit is net met die wysheid van ’n agternaperspektief dat *Nuwe verse* “tussen” bundels geplaas kan word), maar in die diep kulturele besinning en besef van kontinuïteit, in die gedigte waarin Louw “die innerlike worsteling verbeeld van groot oorgangstye”, naamlik dié oor Ignatius van Loyola, Thomas van Aquinas en die keiserportrette. Die besinning oor kulturele kontinuïteit, en die jukstapenering van kulture en godsdienste is ook te vinde in die “Twee elegiese verse” en “Beeld van ’n jeug: duif en perd” (Dekker, 1980: 223–224). Hiermee sluit Dekker aan by Louw se eie slotopmerking in die aantekening wat saam met die verskyning van die keiserportrette in *Standpunte* gepubliseer is: “Só ingewikkeld is die tye van die groot oorgange, die tye waarin ‘die mensdom in ’n nuwe sleutel begin droom.’”

Benewens die figure in *Nuwe verse* wat hulle op die oorgang van een era na ’n ander bevind, het Louw se belangstelling in sulke figure reeds onder meer na vore gekom in die figure van Koki in die epiese gedig *Raka* (1941), Dias in die gelyknamige hoorspel (1952) en die Inkwisiiteur in “Die hond van God” (*Gestalten en diere*). Die sprekendste oorgangsfiguur vir die doeleindes van hierdie artikel is egter Germanicus, omdat Louw se versdrama oor dié figuur soos vroeër genoem, teen ongeveer dieselfde tyd ontstaan het en omdat sowel die drama as die drie sonnette met die oorgang van die heidense na die Christelike godsdiens binne die Romeinse Ryk te make het. Van Germanicus sê Antonissen dat hy “’n groot en hoogstrewende mens tussen twee wêrelde” is, “in ’n tydperk van beskawingswisseling, in die ‘Dämmerung’ van die paganistiese terwyl die humanisme wat Christendom heet, uit die agter- en ondergrond opdoem”, wat vergelyk kan word met die Doper- en Keisergedigte en “Beeld van ’n jeug: duif en perd” in *Nuwe verse* (1958: 182). Hiermee sluit Antonissen aan by Dekker (1980:

224), wat praat van die “geestelike kentering” in *Dias* en “Beeld van ’n jeug: duif en perd” wat “net duskant die Christendom bly aarsel”.

Benewens die gedigte oor oorgangstye binne en na die Christendom, is daar ook ander gedigte in *Nuwe verse* waarin die religieuse aangeraak word. Dit wil lyk of Louw in die bundel verskillende perspektiewe op die voor-Christelike, die nie-Christelike en die nog-nie-Christelike bied. Hierna sal later kortliks teruggekom word.

In dié verband neem die “Drie keiserportrette” ’n sleutelposisie in. Nie verniet is die sonnette aanvanklik “laat-heidense keiserportrette” genoem nie: Die keisers Aurelianus, Diocletianus en Galerius het geleef en geheers in die tyd net voordat Konstantyn die Grote die Christelike godsdiens tot staatsgodsdiens verklaar het.

3. Historiese gegewens

Soos P.G. du Plessis (1968: 9 - 25) aan die hand van Louw se gedig “Cervantes: Hommage à Eugène Marais” uit *Tristia* aantoon, word by sommige gedigte ’n bepaalde voorkennis dikwels veronderstel voordat dit op ’n heel basiese vlak verstaanbaar is. In die geval van die “Drie keiserportrette” tree die drie eiename wat die gedigtitels vorm op as verwysings na drie historiese figure en na ’n bepaalde era in die Romeinse geskiedenis waarvoor die leser ’n mate van kennis moet hê om die gedigte te verstaan. Hierdie agtergrondkennis kan redelik maklik nagegaan word, maar Louw het die lesers van *Nuwe verse* tegemoet gekom deur saam met die eerste verskyning van die gedigte in *Standpunte* ’n kort artikel as “Aantekening by ‘Drie laat-heidense keiserportrette’” te plaas.¹ Die historiese verwysings in dié sonnette is dus van ’n ander orde as die “duister” verwysings in sommige gedigte uit *Tristia* waar ’n intertekstuele gesprek vermoed kan word en waar, soos Grové dit stel, “die gedig dus eintlik gesien moet word as ’n soort, dikwels ietwat verhulde, kommentaar – krities, ironies, sinies – op ’n bepaalde opgetekende gegewensheid” (1978: 78). In gedigte waarvan die “oerteks” opgespoor kon word, soos die sogenaamde Eusebiusgedigte (waaronder “Keiserlike reskrip”, “Dood van die Heilige Biblis” en “Die groot Tempel”) kon skrywers nagaan op watter wyse die gedig die oorspronklike teks ontgin en daarvan verskil.

Louw het egter nie aangedui wat die bronne vir die aantekeninge by die “Drie keiserportrette” of vir die gedigte self was nie en (tot dusver) is ’n oerteks vir hierdie gedigte nie gevind nie. Dit is waarskynliker dat die digter van verskeie bronne gebruik gemaak het en omdat die gedigte, soos reeds genoem, ongeveer saam met *Germanicus* gekonsipieer is, mag dieselfde bronne dalk ter sake wees, alhoewel *Germanicus* byna drie eeue voor hierdie keisers geleef het. In ’n brief aan die Nederlandse digter Jan Greshoff noem Louw dat hy vir sy werk aan *Germanicus* baie lees “in verband met die Rome van die Keisertyd: eers Mommsen, toe Gibbon en Burckhardt; gedurig tussenin Tacitus en Suetonius” (aangehaal in Steyn, 1998: 406). Aangesien Tacitus en Suetonius se geskiednisse net tot die vroeë keisertyd strek en Mommsen se aantekeninge oor die latere keiserstyd eers in 1983 gepubliseer is, kon hulle nie as bronne vir die drie keiserportrette

dien nie. Vermoedelik is Louw se siening dus veral beïnvloed deur die Engelse historikus Edward Gibbon wat die opkoms van die Christendom as ondermynend vir die etos van die Romeinse Ryk beskou het (Heather, 2006:14). Gibbon het hom dalk op die spoor gebring van die geskrifte van Eusebius, die hagiograaf van Konstantyn, wat die interteks was vir die gedigte in *Tristia* waarna vroeër verwys is.

Die ondergang van die Romeinse Ryk hou blykbaar ’n durende fassinering vir die geskiedskrywing in. Historici het steeds hoë agting vir die geweldige hoeveelheid inligting wat in Gibbon se groot studie, *The history of the decline and fall of the Roman Empire* (1776), bymekaargebring is, maar dié feite word vandag anders geïnterpreteer. Party historici praat nie meer van ’n ondergang nie, maar van ’n oorgang en selfs ’n voortgang. Verlaas die Oostenrykse kunshistorikus Alois Riegl het die term *Spätantike* aan die begin van die twintigste eeu gepopulariseer, terwyl die Britse historikus Peter Brown in sy werk *The world of Late Antiquity* (1971) aangetoon het dat die tydperk tussen die tweede en agste eeue nie so donker was as wat vroeër geglo is nie, maar groot vernuwing op kulturele gebied meegebring het. En alhoewel die stad Rome in 476 geval het, het die Oos-Romeinse Ryk nog vir ’n duisend jaar tot en met die val van die stad Konstantinopel bly voortbestaan. Teen 1947, toe die “Drie keiserportrette” geskryf is, was Gibbon egter nog die gesaghebbendste skrywer oor die Romeinse Ryk.

Om terug te keer tot die aantekeninge by die sonnettereeke: Die feit dat die digter self aantekeninge by sy gedigte verskaf, beteken nie dat die leser dit sonder meer kan aanvaar nie. Eerstens kan gevra word of die digter die leser nie buite-om die gedigte wil beïnvloed om die drie keisers in ’n goeie lig te sien nie. ’n Bepaalde, goedkeurende houding teenoor die figure spreek naamlik uit die aantekeninge: Louw noem twee van hulle “van die beste en kragtigste manne wat die ou kultuur nog kon voortbring”; Aurelianus het volgens Louw “iets van die outydse opregtheid en stoer deugde van ’n vroeëre tipe Romein” gehad en Diocletianus het “byna uit wanhoop” die Christene begin vervolg, al het hy “iets van die pragtige verdraagsaamheid en humaniteit van ’n Antoninus Pius” gehad. Spreek die Gibbon-opvatting dat die Christendom die ou moraliteit van Rome verander het, hierin mee?

Ook ter sake is wat uit die magdom beskikbare historiese gewens vir hierdie aantekeninge (en natuurlik vir die gedigte self) gekies is en wat nie, en of die aantekeninge wel genoeg inligting aanbied vir die verstaan van die gedigte. Hier is byvoorbeeld geen verwysing na die aanslae van die Germaanse stamme op die grense van die Ryk in die tyd van hierdie keisers nie, ook nie na die inherente swakheid van ’n Ryk wat so groot geword het dat dit kwalik meer beheer kon word nie. Daarenteen kom die woord “Christene” of “Christendom” nie minder nie as vyf maal in die kort aantekeninge voor. Die opkomende Christendom, wat reeds in die eerste sin van die aantekeninge ter sprake kom, kan dus beskou word as dié faktor in die “groot oorgange” waarop Louw hier wil fokus. Die aantekeninge bepaal in ’n sekere sin die klimaat waarbinne die drie sonnette verstaan moet word.

'n Derde belangrike saak is die wyse waarop Louw die portrette aanbied. In die aantekeninge is hy die kyker van buite na die keisers; in die gedigte is die keisers self aan die woord en gee hulle húl kyk op die tyd waarin hulle leef. Indien ons die term “portrette” aanvaar, bied Louw die gedigte dus eerder as “selfportrette” aan waarin die keisers in hulle blik op die wêreld onbedoeld iets van hulleself prysgee.

4. Die “Drie keiserportrette”

Die tydperk wat in hierdie gedigte ter sprake is, is 270 toe Aurelianus aan bewind gekom het, tot 311, toe Galerius oorlede is. Dit was 'n era van relatiewe stabiliteit ná 'n paar dekades van groot onrus teen die middel van die derde eeu, wat later as die Krisis van die Derde Eeu bekend geword het.

Hierdie krisis was deels die gevolg daarvan dat keiserlike opvolging nooit eenduidig vasgestel is nie en wanneer 'n bepaalde keiser nie 'n vanselfsprekende dinastieke opvolger gehad het nie, groot onsekerheid en soms selfs anargie na sy dood geheers het. Ná die moord op keiser Alexander Severus in 235 het so 'n tyd van politieke onrus gevolg. Verskeie Romeinse generaals het probeer om beheer oor die Ryk te kry, wat teen 258 gelei het tot twee afsplinteringe van die sentrale Italiese deel, naamlik die westelike provinsies Brittanje, Gallië en Spanje wat die Galliese Ryk genoem is, en die provinsies Sirië, Palestina en Egipte wat die Palmireense Ryk gevorm het. Talle aanvalle deur Germaanse stamme oor die Ryn en die Donau en aanvalle vanuit die Sassaniese Ryk aan die oosgrens van die Romeinse Ryk het gevolg. Teen 268 is 'n Gotiese aanval egter gestuit en onder Claudius II is die onrus tot 'n mate besweer en onder Aurelianus het relatiewe bestendigheid weer na die verskillende provinsies teruggekeer. Ná hierdie krisis sou die westelike deel van die Ryk nog vir meer as 'n eeu bly voortbestaan, terwyl die oostelike deel van die Ryk nog byna 'n duisend jaar lank oorleef het.

Die onsekerheid waarna in die beginreëls van al drie die sonnette verwys word, moet dus op iets anders as die staatkundige bestel dui.

4.1 *Aurelianus* (270–275 n.C.)

Aurelianus was van Illiriese afkoms (soos sy voorganger Claudius II en ook Diocletianus na hom) en was 'n doeltreffende heerser, besiel met 'n diep gevoel van verantwoordelikheid (Delorme 1981: 221). Volgens Louw se verklarende aantekeninge het hy “iets van die outydse opregtheid en stoer deugde van 'n vroeë tipe Romein” gehad.

Met “vroeë tipe Romein” verwys Louw waarskynlik na die tyd van die Romeinse Republiek, voor die imperiale era. Die deugde waarvan Louw praat (waarskynlik in aansluiting by Gibbon – vgl. Heather, 2005: 14), het nie verband gehou met enige godsdienstige oortuiging nie. Dit het dinge ingesluit soos “integrity, rectitude,

honesty and purity of manners” (Heather, 2005: 17), deugde wat deur ’n besondere soort opvoeding oorgedra is en wat kenmerkend van die patrisiërklas was.

Nóg Aurelianus nóg Diocletianus het egter uit die Romeinse patrisiërklas gestam en daar kan net bespiegel word of hulle werklik hierdie soort deugde besit het. Die feit dat hulle uit die boerestand gestam het, moet die hedendaagse leser egter nie laat dink dat hulle demokraties verkose leiers was nie. Hulle was soldate wat deur die range gevorder het en by die dood van hulle voorgangers deur aanhangers tot keiser uitgeroep is. Hulle het dus byna met militêre staatsgrepe aan bewind gekom en was outokratiese heersers: Die Romeinse senaat het in die imperiale era (27 v.C. tot met die val van Rome in 476) feitlik geen gesag meer gehad het nie en eintlik net ’n simboliese rol gespeel.

Aurelianus het die militêre wêreld verstaan en dit gebruik. Nadat hy keiser geword het, het hy eers die onrus op die grense van die Ryk besweer deur die Germaanse stamme te onderwerp en terug te dryf, die Palmireense wegbreekryk en Gallië weer met die groter ryk te verenig en die Gote tot oor die Donau te dryf. Die voortslepende bedreiging van die Germaanse stamme het die stad Rome self kwesbaar gemaak en tydens Aurelianus se heerskappy is dus begin met die bou van ’n muur om die stad. Benewens ekonomiese en administratiewe hervormings wou Aurelianus ook die eenheid van die Ryk wat in die derde eeu byna verbrokkel het, herstel. Hy het dus die Sol Invictus-kultus, die kultus van die Onoorwinlike Son, probeer verstewig. Die kultus kom oorspronklik uit die ooste en was veral onder die Romeinse soldate gewild. Hiermee wou Aurelianus ’n eenvoudige, verenigende simbool daarstel vir alle inwoners van die Ryk, wat reeds ver buite die oorspronklike gebied uitgebrei het (Ferguson, 1987: 779). Deur een kultus bo ander te verhef, is reeds wegbeweeg van die tradisionele panteon in die rigting van ’n monoteïsme. Aurelianus self was egter verdraagsaam teenoor ander godsdienste en het nie aanspraak op persoonlike goddelikheid gemaak soos ander keisers voor hom nie (Ferguson, 1987: 776).

In teenstelling met die sterk, besliste keiser wat uit die historiese feite blyk, word Aurelianus in die gelyknamige sonnet in die eerste reël voorgestel as iemand wat bewus is van ’n allesoorheersende onsekerheid (“Dit wankel alles.”). Hy is egter ook bewus van sy verantwoordelikheid om die onsekerheid te probeer afweer, om die wankelende muur met sy eie hande te probeer stabiliseer – ’n verwysing na die nuwe muur om Rome wat deur hom laat bou is. Dit is die enigste toespeling op fisiese bedreiging in die gedig en sou gelees kon word as verwysing na die Germaanse aanslae op die Ryk, alhoewel Louw in die aantekeninge geen melding hiervan maak nie. Die muur as metafoor vir die beskerming van die stad Rome is betekenisvol: Alhoewel Aurelianus die stad self nog wou beveilig, sou Rome ná sy bewind steeds minder belangrik word en het volgende keisers stede soos Antiochië, Nicomedia en uiteindelik Konstantinopel verkies as administratiewe sentrum van die Ryk.

“Hande” word in reël 5 herhaal en weer in die konteks van behou of keer; tog word deur “die lae tyd” gebyt aan die hande, word die pogings om in stand te hou dus ondermyn. In reël 6 kom die verval van die burgerlike deugde waaroor Gibbon dit gehad het ter sprake. Slegs enkeles (“eensames”) koester nog die deugde; adel en eer is nie noodwendig meer die eienskappe van die aristokrasie nie, maar van dié wat besef dat die tradisionele godsdiens verdwyn – die gode het vervreem geraak en het nie meer betekenis vir al die onderdane van die Ryk nie (r. 7–8). Woorde soos “wankel”, “waan”, “klaarverdrinktes”, “vervreemde gode” en “verdwyn” gee aan die oktaaf van die sonnet ’n bykans wanhopige klank.

Daarenteen verleen woorde soos “helder”, “enkeld”, “sekerhede” en “eenvoud” ’n ietwat positiewer toon aan die sekstet. Aurelianus spreek die voorneme uit om iets in die plek van die “vervreemde gode” te stel, om iets aan die “wilde Ryk” (wat moontlik as verwilderd gelees kan word) te gee. Dan volg die inspelings op Aurelianus se steun aan die kultus van die Son in die plek van die ou gode. Volgens Louw se aantekeninge het die Sol Invictus-kultus die stryd tussen die lig en die duisternis as sentrale oortuiging gehad (1947: 71). Hier word egter nie van stryd gepraat nie, maar van die herstel van die eenheid van “die geskeie twee”, ’n gedagte wat versterk word deur die herhaling van konsepte wat op eenheid betrekking het: “enkelde woorde”, “eenselwig”, “eenvoudig”. Wat Aurelianus hom voorneem om aan die Ryk te bied, moet egter nie net konsepte wees nie, maar iets sigbaars en helders “in die oog van die soldaat”: “beelde van die son”, die sekerheid van die dagbreek.

In hierdie eerste sonnet van die reeks kom die idee van onsekerheid en verandering dus reeds sterk na vore, maar by hierdie keiser is daar tog nog steeds die wil om die veranderinge te stuur en om die onsekerhede teen te werk.

4.2 *Diocletianus* (284–305 n.C.)

In die aantekeninge noem Louw hierdie keiser een van die magtigste figure van die Oudheid (1947: 71). Hy is in Dalmasië gebore en was van nederige afkoms, maar verder is daar min oor die eerste 40 jaar van sy lewe bekend. Hy maak opgang as militêre leier en word na die dood van keiser Carus en sy seun Numerianus deur die soldate tot keiser uitgeroep.

Tydens sy heerskappy het Diocletianus verskeie hervormings op politieke, administratiewe en ekonomiese gebied deurgevoer. Hy het die uitgestrekte Ryk in militêre streke verdeel en hulle bevelvoerders in die beheer van die Ryk opgeneem. In 286 stel hy Maximianus as medekeiser oor die gebied Gallië aan, terwyl hy self die oostelike deel van die Ryk beheer (albei met die titel Augustus). In 293 word Constantius Chlorus as onderkeiser vir Maximianus en Galerius as Diocletianus se onderkeiser in die ooste aangestel (albei met die titel Caesar). So het die sogenaamde Tetrargie ontstaan, waardeur aansienlik beter beheer oor die verskillende dele van die Ryk uitgeoefen kon word..

Soos Aurelianus wou Diocletianus die morele eenheid van die Ryk herstel (Delorme, 1981: 221, 224). Hy self was 'n getroue aanhanger van die Romeinse panteon. Dit het hom in botsing met ander godsdienste gebring, aanvanklik veral met die Manicheïsme, 'n Persiese godsdienst wat die stryd tussen lig en duister as sentrale tese gehad het. In 302 vaardig Diocletianus die vervolging van die Manicheërs uit, en kort daarna sou hy die vervolging van die Christene instel.

Volgens Gibbon ([1793]1903, vol. 3: 66) was dit eintlik Maximianus en Galerius wat Diocletianus aangespoor het om ook die Christene te vervolg – vandaar Louw se opmerking dat Diocletianus byna onwillig was om die vervolging af te kondig. (Die Christene se gehoorsaamheid aan 'n ander gesag as dié van die staat het vrese vir die ontwikkeling van 'n staat binne 'n staat laat ontstaan.) Ná insidente waar Christensoldate die wapen neergelê het, vaardig Diocletianus sy “Edik teen die Christene” op 24 Februarie 303 uit. Kerke is vernietig, geskryfte verbrand en leiers tereggestel. Daar was egter wye teenkanting teen die vervolging selfs onder die heidene en die meeste Christene het ontkom aan die vervolging.

As gevolg van voortslepende siekte abdikeer Diocletianus in 305 en trek hom terug na sy paleis in Salona (die huidige Split) aan die Adriatiese See, waar hy hom aan groenteboerdery wy. Hy sterf op 3 Desember 313.

Die eerste tien reëls van Louw se sonnet oor Diocletianus word gewy aan die besinning van die keiser oor die tyd waarin hy leef (“my eeu”, r. 3) en wat hy as 'n era van toenemende donkerheid ervaar. Dit begin, soos die voorafgaande sonnet, met 'n stelling oor die omvattendheid van die verandering. Die somberheid van die keiser se siening in die gedig staan in ironiese kontras met die sukses wat hy op bykans alle terreine van sy heerskappy kon behaal. Sy pessimisme oor die ontwrigting van die eeu moet dus op 'n ander terrein lê: Dit het te make met “toegesulte breine” (r. 4) wat 'n keuse wil afdwing vir 'n verhaal wat woorde gebruik wat vreemd op die oor val van 'n magtige, trotse leier van 'n groot ryk.

Die kontras tussen lig en donker kom reeds in die eerste reëls van die gedig aan die bod (“Alles wat donker is, het krag. Die lig / is heerlik”). Die lig, wat hier geles kan word as die lig van die Romeinse beskawing en Diocletianus se eie opvattinge, is “stil” (r. 2) en nietig. Dit kan niks meer verander nie (“niks roer”, r. 3) en is so lig soos 'n veer wat op water dryf (r. 14). Die donker het krag (r. 1), is magtig (r. 9) en is die omvattende medium (r. 14). Die donker word hier ondubbelsinnig met die ontwrigtende Christendom geassosieer deur verwysings na “die een, dun verhaal” en die “ander woorde: ootmoed, sonde, val –”. Teenoor die rykdom van die Romeinse panteon (“hierdie ryk heelal”, r. 5) staan die geslotenheid van die nuwe opvattinge. Vir Diocletianus lê die sukses van die Christendom daarin dat hulle weet hoe om op die basiese, die lae, 'n beroep te doen: Hulle “ken die kuns om áf te reik”. Die elemente van die Christelike geloof wat hier genoem word, naamlik die bloed van Christus en sy sterwe wat deur die apostel Paulus vergelyk is met saad wat in die grond val, saam met die “lentenagte en grotte” het die krag van die primordiale.

Die wending in hierdie sonnet kom in die laaste vier reëls, waar Diocletianus dit oor sy eie lot het en dit betreur dat hy nie 'n waardige oudag kan hê nie, maar moet boet daarvoor dat hy getrou gebly het aan die waardes van die lig, al moes hy leer hoe onbeduidend dit geword het. Die gedig eindig ook met die duister: Wat die ou keiser dink, word omsluit deur donkerkte. Die eens magtige leier het in sy eie oë 'n kneg geword.

4.3 Galerius (305–311 n.C.)

Louw noem Galerius “een van die aktiefste leiers van die verset teen die nuwe wêreldbeskouing”. Hy was 'n Traciër, ook uit die boerestand, wat opgang as soldaat maak. Hy word in 293 deur sy skoonvader Diocletianus as lid van die Tetrargie aangestel met die verantwoordelikheid vir die Illiriese provinsies van die Romeinse Ryk.

Soos vroeër genoem, was dit Galerius wat die senior keiser Diocletianus aangemoedig het om die Christene te vervolg omdat hy verwag het om politieke voordeel daaruit te trek. Die gevolg was die edik van 24 Februarie 303 waarna reeds hierbo verwys is. Aan die einde van sy lewe moes Galerius egter toegee dat die vervolging nie daarin geslaag het om die Christene na die tradisionele geloof terug te bring nie en in 311, toe hy self senior keiser was, het hy die edik teruggetrek.

Met die aanvangswoorde van Louw se sonnet oor Galerius, “Die kring het nie gebreek”, word dadelik verwys na die onsuksesvolle poging om die Christene terug te bring na die ou godsdiens (volgens Lijphart, 1985: 112) verwys “kring” by Louw byna altyd na iets geslote). Daarna word die woord “breek” nog drie maal gebruik, en al drie kere in verband met die keiser self en sy besef dat dit hy is wat sal moet toegee, dat dit sý wil is wat gebreek gaan word. Die opposisie van die kring en die gevange keiser vorm die spil van die gedig waaromheen 'n hele reeks ander opposisies aangetoon kan word: die vlugtige gebaar wat verstar het (r. 2–3); die sterwe wat “'n stelsel” word in die Christendom (r. 7) teenoor die verwagting van sy eie sterwe (r. 9); die ryk van nederige dinge (r. 11) teenoor die ryk van trots (r. 13) en die “swart bronne” waaruit die nuwe ryk ontstaan het (r. 12) teenoor die glansende wit planeet (r. 3–4). Die Christendom, wat aanvanklik na iets nietigs ('n gebaar) en van verbygaande aard (vlugtig) gelyk het, het ontwikkel tot 'n hele stelsel. Waar die lig in die vorige sonnet aan die ou tradisies behoort het, het die nuwe, die verstarde gebaar, nou glansend geword, “'n wit planeet” geword, al het dit uit die donker ontwikkel (r. 12). Met “'als wat nederig is” word waarskynlik gesinspeel op die feit dat die Christendom aanvanklik veral aanklank by die onderste lae van die samelewing gevind het.

Hierdie teenstellings betrek die leser by Galerius se worsteling om tot die besluit te kom wat hy kort voor sy dood geneem het. Hier word gesuggereer dat dit vrees vir die wraak van die nuwe God is wat hom teen sy eie dood laat stry (r. 7–9). In die sekstet verwoord Galerius dan wat vir hom die vernederende is: om magteloos toe

te kyk hoe die Christendom wat hy wou teenstaan, “opstoot oor die wal van hierdie ryk van trots”. Al wat vir hom oorbly, is die haat.

Hierdie drie sonnette is inderdaad wat die hoofitel sê: Dit is portrette, momentopnames waarin iets wesensliks van die drie figure saamgevat word. Binne die kort bestek van die sonnet word die veranderinge uitgebeeld wat die drie keisers rondom hulle waarneem: die wankeling van die ou opvattinge (“Aurelianus”), die ontwrigting van die eeu (“Diocletianus”) en die opstoot van die nuwe (“Galerius”). Dit is asof die drie keisers in drie verskillende rigtings kyk: terug na wat was, na die hede en vorentoe, na die toekoms, en ’n mens word herinner aan die beeldhouwerk van die Tetrargie wat Diocletianus ingestel het waarin die vier medekeisers na verskillende kante kyk.

Wanneer die drie sonnette naas mekaar geplaas word, word ’n bepaalde progressie betreffende drie sake duidelik. Eerstens is daar die toenemende onmag van die drie keisers (Antonissen, 1979: 153), nie omdat hulle van hul politieke mag moes prysgee nie, maar omdat hulle al minder in staat was om die verandering van religie wat hulle sien kom het, te keer. By Aurelianus is daar nog die wil om iets te doen en ’n alternatiewe godsdiens voor te staan, soos dit in die sekstet van die Petrarkaanse sonnet uitgedruk word: “Ek wil die wilde Ryk iets helders gee” (r. 9). By Diocletianus is daar reeds die idee van dwang, van die verlies van keusevryheid. In r. 4 is daar sprake van “die toegesulte breine wat vir ons dwing om ... te kies” en in die laaste vier reëls het die ou keiser onmagtig geword: Hy “moet ... boet” (r. 11), hy het ’n kneg geword (r. 13) en moet in sy ouderdom nog leer sterf (r. 13). In “Galerius” kom die onmag reeds in die eerste reël ter sprake: “Ek sit gevang.” Uiteindelik word sy magteloosheid dan in soveel woorde in die laaste reël uitgesê.

Tweedens demonstreer Louw die groter wordende rol van die Christendom in die denkwêreld van die Romeinse Ryk. In “Aurelianus” kom nie eens ’n enkele verwysing na die Christendom voor nie, slegs maar ’n bewustheid van onsekerheid en miskien verval. In “Diocletianus”, daarenteen, is daar die duidelike inspelings op die verhaal van Christus se sterwe en opstanding. In die laaste sonnet neem Galerius se worsteling met die opvattinge en opkoms van die Christendom byna die hele gedig in beslag en is daar feitlik geen gedagte meer aan die ou opvattinge nie, behalwe die verwysing na die “ryk van trots” (r. 13). Die Christendom word oor die drie gedigte heen ’n onstuitbare mag.

Derdens demonstreer die drie sonnette ’n ommekeer in die opvatting van die lig. In “Aurelianus” behoort die lig aan die keiser: Hy het so ’n mate van beheer daaroor dat hy “iets helders” wil teruggee aan die Ryk. Diocletianus, daarenteen, vrees dat die duister die lig, waarvan hy ’n kneg is, gaan oorweldig. Die lig van die Romeinse beskawing word bedreig deur die donkerheid van die nuwe godsdiens. In die derde sonnet het die nuwe godsdiens self die lig, die wit planeet geword en is die gevreesde verandering voltrek.

Die sonnette word aangebied as die gedagtes van die keisers, en werk hoofsaaklik

met konsepte soos verandering, verval, onsekerheid, donkerte en magteloosheid. Ander historiese feite rakende die keisers speel byna geen rol nie. Terugskouend is dit dan duidelik dat Louw met die aantekeninge die interpretasie van die sonnettereks wel in 'n bepaalde rigting stuur. Die klem wat in die aantekeninge op die opkoms van die Christendom gelê word, maak dit moeilik vir die leser om 'n ander konteks vir die verset, die wanhoop en uiteindelik die magteloosheid van die laaste keiser in die reeks te oorweeg, al sou die aanslag van die Germane of die Manichese stryd tussen lig en duister dalk ook in elemente van die gedigte gelees kan word. Deur hierdie keisers se innerlike worsteling aan die leser voor te hou, personifiseer die digter die laaste gedagte in die verklarende aantekeninge oor die ingewikkeldheid van oorgangstye.

5. Die goddelike in *Nuwe verse*

Daar is reeds gewys op die ander gedigte oor oorgangsfigure in *Nuwe verse*: Ignatius van Loyola, Thomas van Aquinas, Johannes die Doper – almal figure wat met die Christendom verband hou. Maar is die handjievul gedigte genoeg om die bundel as een van kulturele oorgange te bestempel? En is daar sprake van enige ander oorgange as na en binne die Christendom?

Dekker is waarskynlik reg wanneer hy die idee van historiese oorgange in die bundel in verband bring met die jukstaponering van kulture en godsdienste soos dit in “Twee elegiese verse” en “Beeld van 'n jeug: duif en perd” verwoord word (1980: 223–224). Oorgange word nie net in enkele figure vergestalt nie, maar ook in die naas mekaar plaas van verskillende figure en konsepte, waarvan die religieuse opmerklik is. Uitgaande van die demonstrasie van die groeiende belangrikheid van die Christendom in die “Drie keiserportrette” kan 'n mens tog die verkenning van verskillende maniere om oor die goddelike te besin, as één besondere lyn in *Nuwe verse* raaksien. Die digter stel as 't ware ook 'n galery portrette van die goddelike ten toon, sonder om 'n duidelike keuse uit te oefen.

Dit is asof Louw op verskillende terreine 'n antwoord soek op die vraag “Maar watter van die gode sal ek prys” wat in die sonnet “Clifton” gestel word. Later in die gedig word geantwoord: “Ek weet dit nie; maar iets moet goddelik wees ...” Soos reeds deur meer as een skrywers aangetoon is (o.a. Degenaar, 1962: 47 e.v., Jonker, 1995), word die begrip “God” by Louw in verskillende betekenisse gebruik en dit is hier ook so. In twee van die kort gedigte waarmee die bundel open, word selfs van “gode” gepraat, naamlik in “Ons klein en silwrigte planeet” en “Die gode is groot en eensaam in die nag”. “Clifton” het eers die titel “Griekse digter” gehad, wat 'n mens laat wonder of hier nie dalk op die Griekse en Romeinse panteon gesinspeel word nie. In die twee “ambag”-sonnette kom die begrip “God” weer nader aan 'n filosofiese betekenis, soos dit ook in vroeër bundels te vinde is.

'n Andersoortige voor-Christelike perspektief word daargestel deur die lang gedig oor Johannes die Doper, “Die doper in die woestyn”, wat die keiserportrette

onmiddellik voorafgaan en wat myns insiens die belangrikste teenhanger van die keisers as oorgangsfigure na die Christelike verteenwoordig. Soos verwag kan word, staan die verwagtinge van die spreker, Johannes die Doper self, oor die koms van Christus in skerp teenstelling met die sombere visie op die koms van die Christendom in die keiserportrette. Waar die keiserportrette sterk op die konseptuele fokus, gee “Die dooper in die woestyn” ’n baie konkrete voorstelling van ’n landskap deurstraal met die goddelike teenwoordigheid: “Iets het in hierdie aarde in / met vlam geslaan: die rots is wit, / die sand is wit verborge vuur / die watere is heiliger / en reik na ons op”.

Van die goddelike is daar egter byna geen sprake in die afdeling “Klipwerk” met sy kort, volkse verse nie. Dit is asof Louw hier ’n Suid-Afrikaanse pre-Christelike wêreld aan die leser voorhou, soos hy self later in *Rondom eie werk* gesê het. In die “Twee elegiese verse ‘Arlésiennes’ en ‘Meretrix Tarraconensis’ word ’n Europese kulturele wêreld geteken waarin die Christendom maar ’n klein onderdeel is, “’n episode en ’n agonie.”

En dan, in die groot slotgedig van die bundel, “Beeld van ’n jeug: duif en perd”, vergestalt die jong seun die moeilike keuse vir één manifestasie van die goddelike. Voor sy geestesoog speel beelde uit die geskiedenis van die Romeine, die Asteke en die Bybel af en word vervleg met die gebeure in die sondeurdrenkte agterplaas: duiwe wat vry rondvlieg en ’n hings wat wil uitbreek. Die seun teken drie simbole in die gruis: Romeinse swaard, Asteke-pyl en Christelike kruis, maar aarsel om een van hulle te kies.

Anders as die “Drie keiserportrette” toon die volgorde waarin die gedigte wat die goddelike ter sprake bring in die bundel geplaas is, nie ’n duidelike ontwikkelingslyn nie, nóg in terme van die ontwikkeling van ’n godsbegrip, nóg in historiese sin. (Die gedigte oor Ignatius van Loyola en Thomas van Aquinas, byvoorbeeld, is vóór die Romeinse keisers in die bundel geplaas). Soos die seun in die agterplaas die simbole van verskillende opvattinge naas mekaar plaas, so lê die gedigte waarin daar sprake is van die gode, God of Christus in jukstaposisie in die bundel. By elke herlees van een van dié gedigte spreek die ander mee, maar of die sprekers terugkyk, vorentoe kyk of opkyk, dit gee die bundel nie so maklik prys nie.

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

Antonissen, Rob. 1955. Tussenstand. *Standpunte*, Februarie. Opgeneem in Nienaber, 1966: 269–279.

Antonissen, Rob. 1958. Drie dramas – drie wêrelde. *Standpunte*, Januarie-Februarie Opgeneem in Antonissen, 1963: 176–188.

Antonissen, Rob. 1963. *Kern en tooi*. Kaapstad: Nasou.

- Antonissen, Rob.** 1966. 'n "Klinckert" af en toe. *Standpunte*, Junie. Opgeneem in Antonissen, 1979: 146–156.
- Antonissen, Rob.** 1979. *Verkenning en kritiek*. Kaapstad: HAUM.
- Biezen, Jan (red.).** 1985. *Vóortbestaan in gerechtigheid: dichten en denken van N.P. van Wyk Louw*. Leiden: Dimensie.
- Brown, Peter.** 1978. *The making of Late Antiquity. Massachusetts*: Harvard University Press.
- Degenaar, Johan.** 1985. De betekenis van N.P. van Wyk Louw voor mijn eigen denken. In Biezen, 1985: 68–80.
- Delorme, Jean.** 1981. The ancient world. In Dunan, 1981: 41–228.
- Dekker, G.** 1938. 'n Belangrike nuwe digbundel. *Die Huisgenoot*, 11 Maart. Opgeneem in Nienaber, 1966: 168–178.
- Dunan, Marcel (ed.).** 1981. *Larousse Encyclopedia of ancient and medieval history*. London: Hamlyn.
- Du Plessis, P.G.** 1968. *Die verwysing in die literatuur*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Ferguson, John.** 1987. Ruler-worship. In Wachter, 1987: 766–784.
- Gibbon, Edward.** [1776] 1906. *The history of the decline and fall of the Roman Empire*, Edited by J.B. Bury with an introduction by W.E.H. Lecky. 1906. New York: Fred de Fau & Co.
- Grové, A.P.** 1954. Resensie van *Nuwe verse*. Opgeneem in Nienaber, 1966: 287–294.
- Grové, A.P.** 1975. *Die dokument agter die gedig*. Pretoria: Academica.
- Grové, A.P.** 1978. Twee walvisgedigte. In Grové, A.P. 1978. *Dagsom: Letterkundige opstelle uitgegee by geleentheid van die skrywer se sestigste verjaardag op 10 Junie 1978*. Kaapstad: Tafelberg.
- Heather, Peter.** 2005. *The fall of the Roman Empire: A new history*. London: Pan Macmillan.
- Jonker, W.D.** 1991. "Onmiddellik voor God" Gedagtes van 'n teoloog oor 'n sentrale perspektief in die werk van N.P. van Wyk Louw. www.uj.ac.za/EN/Faculties/humanities/departments/afrikaans/NPvanWykLouw/Pages/vorigelesings.aspx. Besoek op 7/9/2010.
- Kamm, Anthony.** 1995. *The Romans: An introduction*. London: Routledge.
- Lijphart, Truida.** 1985. In die werkwinkel. In Biezen, Jan (red.). 1985. *Vóortbestaan in gerechtigheid: Dichten en denken van N.P. van Wyk Louw*. Leiden: Dimensie.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1947. Aantekeninge by "Drie laat-heidense keiserportrette." *Standpunte* 2(1), Januarie: 71.
- Louw, N.P. van Wyk.** 1979 (1954). *Nuwe verse*. Kaapstad: Tafelberg.
- Mulder, H.A.** 1937. Resensie van *Die halwe kring*. *Die Suidsterm*, 14 Desember. Opgeneem in Nienaber, 1966: 156–163.
- Nienaber, P.J.** (samest.). 1966. *Beeld van 'n digter. Aangebied aan N.P. van Wyk Louw by sy sestigste verjaardag deur Nasionale Boekhandel Beperk*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

- Olivier, Gerrit.** 1998. N.P. van Wyk Louw. In Van Coller, H.P. (red.). *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis 1*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Steyn, J.C.** 1998. Van Wyk Louw. *'n Lewensverhaal*. Kaapstad: Tafelberg.
- Wacher, John (ed.)**. 1987. *The Roman World, Vol II*. London: Routledge.

Note

1. Die aantekeninge uit *Standpunte* 2(1): 71 word in die geheel hier onder aangehaal.

Aantekening by “Drie Laat-Heidense Keiserportrette”

Ongelukkig kan 'n mens nie meer aanneem dat die geskiedenis van die Oudheid en van die opkomende Christendom algemeen bekend is nie.

Aurelianus, Diocletianus en Galerius was drie Romeinse keisers uit die tyd onmiddellik voordat die Christendom onder Konstantyn die Grote en sy opvolgers die Ou Wêreld verower het. Die kultuur van die Oudheid was aan't sterwe: maar vir baie mense het die Christendom – nie lank tevore nog 'n obskuur Asiatiese godsdiens van slawe en van die proletariese massas van die stede – voorgekom as 'n bedreiging van alles wat beskawing was.

Twee van hierdie keisers was van die beste en kragtigste manne wat die óú kultuur nog kon voortbring.

Aurelianus (keiser 270–275 n.Chr.) het uit die armste boerestand opgekom en iets van die outydse opregtheid en stoer deugde van 'n vroeëre tipe Romein – 'n Camillus of 'n Fabricius – besit. Hy was waarskynlik aanhanger van die kultus van die *Sol Invictus* (die Onoorwinlike Son), die eenvoudige soldategodsdiens wat die stryd tussen die Lig en die Duisternis as sentrale oortuiging gehad het, en wat byna die godsdiens van Europa geword het. Die sonnebeeld kom op die muntstukke van Aurelianus voor.

Diocletianus (keiser tussen 284 en 305, toe hy afgetree het en, stil of verbitterd, in sy groot paleis aan die Dalmatiese kus gaan woon het) is een van die magtigste figure in die Ou Geskiedenis. Hy was ook aanhanger van die *Sol Invictus*. Hoewel later – byna uit wanhoop – 'n vervolger van die Christene, was hy tog in sy beste dae 'n man wat iets van die pragtige verdraagsaamheid en humaniteit van 'n Antoninus Pius in die keiserskap wou invoer.

Galerius was een van die aktiefste leiers van die verzet teen die nuwe wêreldbeskouing en het as onder-keiser van Diocletianus heelwat met die vervolging van die Christene te doen gehad: maar voor sy dood is hy verplig om sy verzet te staak en vrye loop aan die nuwe beweging te gee.

Só ingewikkeld is die tye van die groot oorgange, die tye waarin die “mensdom in 'n nuwe sleutel begin droom.”

Om Amsterdam te verbeel(d):'n verkenning van die stadsruimte in *30 Nagte in Amsterdam* van Etienne van Heerden

Adèle Nel

This article investigates the topos of geographical displacement from South-Africa to a foreign country in Etienne van Heerden's novel 30 Nagte in Amsterdam (30 Nights in Amsterdam). The novel tells of the protagonist's travel to and accommodation in Amsterdam while attempting to take possession of an inheritance left by an aunt that he has not seen for a long time. He experiences Amsterdam as (temporary) migrant from a postcolonial subject position, and is confronted by the option of emigrating to Amsterdam permanently. Nancy Stieber (2006) discusses the city-as-space and distinguishes between the image of the city, the imagined city and the imaginary city. This is used as a framework in order to establish how Amsterdam is experienced, or represented or imagined in 30 Nagte in Amsterdam. In addition to an imagined city, Amsterdam is examined as zone and heterotopia, where the focus is on the two incommensurable and mutually exclusive worlds, namely Eastern-Cape (South-Africa) and Amsterdam (Netherlands).

1. Inleidend

In Etienne van Heerden se bekroonde roman, *30 Nagte in Amsterdam* (2008), verwoord die protagonis die ruimtelike problematiek wat sentraal staan soos volg:

Weens 'n vloek, nee, met vele vloeke van die geskiedenis het ons hier beland, en die noordgrens wat ons afkeer en benoud laat saambondel, was 'n pennestreek op 'n kaart deur 'n koloniale owerheid wat van hierdie deel van die wêreld en sy mense min geweet het. [...]

Nou sit ons hier en eis met sentimenteel-patriotiese frases lojaliteit van mekaar. [...]

Watter goedkoop sentiment, dink Henk, watter verpakte opportunisme-as-beheer. Hier in Amsterdam besef ek ek is keelvol vir begrippe soos burgerskap en patriotisme, vir al die debatte oor behoort en vertrek, die gesprekke oor windswawels wat uitwyk en nooit weer terugkom nie. Die getjommel oor xenofobie. (215)¹

Hierdie aanhaling distilleer drie aspekte wat onderskeidelik in die roman uit die sentrale gegewe geïdentifiseer word, naamlik: die verwysing na die koloniale owerheid wat met 'n pennestreek op 'n kaart 'n beslissende keerpunt in die geskiedenis getrek het, stel 'n postkoloniale diskoers aan bod; “debatte oor behoort en vertrek” sny die topos van geografiese verplasing na die buiteland aan; en die deiktiese verwysing, “hier in Amsterdam”, stel die stad as ruimte op die voorgrond.

30 Nagte in Amsterdam vertel die verhaal van Henk de Melker, 'n museumassistent in Somerset-Oos, 'n plattelandse dorp in die Oos-Kaap, se reis na en verblyf in Amsterdam om sy erfposie van 'n lank verdwene tante, Zan de Melker, op te eis. Die voorwaarde van haar nalatenskap, wat onder andere 'n woonhuis in Amsterdam

insluit, is egter dat hy permanent na dié stad moet verhuis. Soos uit die titel en narratief afgelei kan word, staan Amsterdam as stadsruimte sentraal in die roman, en handel die intrige in die eerste plek oor die dilemma rondom migrasie² na dié stad. Die sentrale problematiek van die roman is dus ruimtelik gesetel in die dwingende keuse van behoort/bly in Suid-Afrika, of vertrek/migreer na Nederland, en spesifiek Amsterdam. Die doel van hierdie artikel is om ondersoek in te stel na die wyse waarop Henk Amsterdam as ruimte ervaar, of beleef gedurende sy verblyf van dertig nagte, ten einde tot 'n finale keuse te kom. As uitvloeisel van die sentrale problematiek kom enkele aspekte van 'n postkoloniale diskoers, sowel as die konseptualisering van Afrikaanse identiteit ook ter sprake.

2. “Is dít die toestand van ontheemding?” (266): debatte oor behoort en vertrek

Die toekenning van vlugtelingstatus in Kanada aan mnr. Brandon Huntley in Augustus 2009, op grond van die huidige vlakke van maatskaplike ongelukkigheid, onstabieleit en onveiligheid in Suid-Afrika, het weer eens die diskoers rondom die verskynsel van die sogenaamde Suid-Afrikaanse diaspora op die voorgrond gedwing. Dit is algemene kennis dat groot getalle Suid-Afrikaners die afgelope twee dekades die land verlaat het, vanweë verskillende redes. Die reaksionêre debatte in die pers, sowel as in persoonlike gesprekke na aanleiding van die Huntley-sage, het steeds as gemene deler die vraag: om te bly of om te vertrek? Ongeag die regverdiging al dan nie vir so 'n ingrypende besluit, impliseer 'n keuse die vraag na die gebondenheid aan 'n geboorteland, en die problematiek van hoort of nie-hoort in dié land.

In haar artikel “Ampie aan de Amstel’: De creatieve energie van grensoverschryding in de Zuid-Afrikaanse letterkunde” verwys Ena Jansen (2003) na 'n tradisie van ontheemding in die Suid-Afrikaanse letterkunde. Jansen fokus dan verder in haar betoog op postapartheid romans wat handel oor die keuse van wegbly of terugkeer na Suid-Afrika. Herman Wasserman (2001) bespreek op sy beurt in sy artikel “Bevryding en beklemming: Postkoloniale distopie en identiteit in enkele resente Afrikaanse tekste”, die problematiek van (hoofsaaklik wit) karakters wat gekonfronteer word met die besluit om te migreer of nie. Hy fokus veral op moontlike redes wat aangevoer word en bepalend kan wees in die besluit wat gemaak word, en voer as sentrale argument aan 'n *diskoers van ontnugtering* met postapartheid Suid-Afrika as die vernaamste rede vir 'n keuse om te vertrek. Wasserman (2001:70) lees verder ook hierdie diskoers van ontnugtering as 'n moontlike voortsetting van die postkoloniale diskoers in Afrikaans. Waar daar sprake is van 'n tradisie van ontheemding, is die gemene deler die ervaring van geografiese verplasing na die buiteland, terwyl die belangrikste verskil ingebed is in die redes vir verplasing,³ soos afgelei kan word uit Wasserman se argumente, sowel

as die voorbeelde⁴ wat hy voorhou. 'n Verdere belangrike aspek waarna Wasserman (2001:71) verwys, is Hawley (1996:xx) se opvatting dat daar groter klem gelê word op individuele belange in die literatuur wat geskryf word na dekolonisasie: "(P)ost-colonial writing (...) increasingly confronts local and personal responsibility, and actively expresses individual, rather than strictly national, goals". Hierdie opvatting impliseer 'n nuwe fokus op die soeke na 'n individuele identiteit wat tot stand kom "in 'n eindelose reeks transaksies en relasies" (Wasserman, 2001:71), en is veral van belang vir die lees van *30 Nagte in Amsterdam*. In dié spesifieke konteks is daar byvoorbeeld 'n oomblik van vreugdevolle, flitsende insig as Henk, die "gevangene op reis" (66), hom in die private ruimte van Tante Zan se slaapkamer in die Amstelstraat bevind, en hy uitkyk oor die water na 'n dun boot wat verbyskuif met 'n enkele mens daarop:

Die vreugde van vryheid, van besluit – als is in sy hand. Hy kan besluit. Hy is los van geskiedenis en enige ander simpel eis. Hy is burger alleen van sy gemoed. Sy patriotisme is dié van die individuele gees. En dit is die mensdom se grootste krag. (216)

Philip John (2008:83) rapporteer in sy ondersoek na identiteit in enkele hedendaagse Afrikaanse prosatekste, dat die Afrikaanse prosa 'n diepgaande identiteitskrisis met betrekking tot die Afrikaner registreer, wat terselfdertyd verband hou met geografiese verplasing na die buiteland. Dit is veral laasgenoemde wat nuwe tematiese inhoud in die prosa inbring, en wat duidelike implikasie vir enige denke oor of voorstellings van 'n Afrikaanse identiteit het, omdat "dit die identiteit in nuwe ruimtes of werklikhede plaas wat heroriëntasie, herbesinning en aanpassing van identiteit vereis" (John, 2008:84).

Hoewel *30 Nagte in Amsterdam* gesitueer is in die sogenaamde postapartheid Suid-Afrika, en daar enkele verwysings is na die huidige politieke bestel, asook die ontstellende onderliggende werklikheid van sake wat vir die deursnee Suid-Afrikaner gewoon geword het, staan die diskoers van ontnugtering nie op die voorgrond nie. Die ingrypende besluit waarvoor Henk de Melker te staan kom, is in die eerste plek 'n persoonlike keuse wat 'n impak het op die kleingeskiedenis van 'n individuele lewe. Henk verwys na homself as 'n man uit die kolonies, en hy besin telkens oor die koloniale proses wat sy verre voorvaders in Suid-Afrika geplant het. Daar is dus sprake van 'n besliste postkoloniale diskoers teen die breë doek van die verre verlede. Die oorkoepelende ruimtelike problematiek wat myns insiens so op die voorgrond gedwing word, reik gevolglik óók verder as bloot die keuse van bly of vertrek, en betrek in die tweede plek die vraag watter keuse gemaak sal word indien die individuele postkoloniale subjek voor die geleentheid te staan kom, om terug te kan keer na die koloniale sentrum, ten einde daar 'n nuwe lewe te begin.

Zan de Melker se verhaal⁵ is op haar beurt (oënskynlik) ingebed in die

apartheidsgeskiedenis, en sy slyt haar lewe in Amsterdam as 'n sogenaamde uitgewekene (*expatriate*). Sy het reeds op jeugdige ouderdom by die bedrywighede van die sogeneemde Sel aangesluit as deel van die anti-apartheidsbeweging. Haar motief was waarskynlik aanvanklik eerder ook persoonlik as werklik suiwer ter wille van die saak, want haar geliefde Wehmeyer was immers die dryfkrag agter haar besluit. Sy verhuis as deelgenoot van die strugle na Amsterdam, maar dié daad van verzet is terselfdertyd op persoonlike vlak teen 'n kleinburgerlike bestaan, en 'n opstand teen gesins- en familiebande, sowel as teen 'n onregverdigde politieke bestel. Haar verzet manifesteer gevolglik op hoogs individuele wyse in die politiek van die lyf, soos blyk uit haar belydenis teenoor haar broerskind Henk aan die einde van die roman: "Henkie," sê sy hees. "Kwaad. Kwaád. Begryp jy? My lyf was my slagspreuk. Met my lyf was ek kwaad." (416).

In aansluiting by Jansen (2003) se betoog van (trans-)migrasie, word Zan se verhaal terselfdertyd een van terugkeer uit die buiteland na Suid-Afrika as sy aan die einde 'n keuse maak om in haar geboorteland te sterf. Die onthulling van Zan se aandadigheid en skuld aan die misdade van die anti-apartheidsbeweging (met spesifieke verwysing na die vergrype teenoor haar gesin en familie), word in die loop van die roman 'n aktuele konfrontasie vir die Afrikaanse leser, omdat dit terselfdertyd 'n persoonlike blik werp op individuele verantwoordelikheid en skuld, en die problematiek van waarheid en versoening wat steeds nie 'n geslote hoofstuk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is nie. Die ambivalensie onderliggend aan die Suid-Afrikaanse realiteit word terselfdertyd aangeraak, omdat Zan as blanke Afrikaner en as vrou met haar misdrywe die meesterkodes van apartheid ondermyn, en in die proses diegene wat die naaste aan haar was, benadeel het. Die vraag ontstaan gevolglik waarom Zan na 'n leeftyd van vervreemding die moeite doen om Henk na Amsterdam te bring. Ook in 'n moontlike antwoord kom die problematiek van waarheid en versoening op 'n persoonlike vlak ter sprake. Daar is telkens in die roman verwysings na "weet", en die waarheid van die verlede word dan ook geleidelik onthul. Advokaat Grotius verduidelik aan Henk Zan se motief: "Sy wou u uit u land dwing. Sy wou u dwing tot nadenke." (271). Hy maak voorts die stelling dat Henk 'n man is wat in 'n kort tydsbestek 'n nuwe verlede aan die ontdek is, en op pad is "om nou nog meer te weet" (271). Vir Henk word Amsterdam dus die ruimte van waarheid en geestelike bevryding, en uiteindelijke versoening. Henk se koms na Amsterdam bied vir Zan die moontlikheid van katarsis, omdat die misdrywe van die verlede uiteindelik aan die lig kom. Tog is haar opregte motief haar obsessie met en liefde vir Henk: "Vir haar is daar net een mens op hierdie aarde, en dis Henk de Melker" (377), verklaar Grotius. Henk se teenwoordigheid in Amsterdam bied dus vir Zan die geleentheid tot versoening met haar verlede, en die aanvaarding van die een persoon wat sy opreg lief het.

3. Amsterdam en die trialektiek van stedelike ruimtelikheid

Die ooglopendste topos van geografiese verplasing geskied in *30 Nagte in Amsterdam* in die begin van die roman as Henk de Melker vanuit Suid-Afrika na Amsterdam vertrek. Die keuse van Amsterdam as bestemming is egter nie lukraak nie. Vir die Afrikaner in Suid-Afrika is Amsterdam steeds die metropool, of die koloniale sentrum vanwaar die beslissende “pennestreek op ’n kaart” getrek is. Die roman bied dus ’n herbesinning oor die verhouding tussen dié twee wêrelddele. Vanweë dié stamverwantskap, sowel as die talige verbintenis met Nederlands, is Amsterdam vir die Afrikaanse leser ook geen onbekende nie. In die Afrikaanse literêre landskap is daar talle Afrikaanse skrywers en digters wat oor dekades heen geskryf het oor ’n persoonlike verbintenis met die stad.⁶ Daar word gevolglik deurlopend in die roman klem gelê op die stad Amsterdam, en Henk se belewing van die stad-as-ruimte. My uitgangspunt in hierdie verband is dat die representasie van die stad in die literatuur nie enkelvoudig of ongekompliseerd is nie. Hierdie stelling geld ook vir die wyse waarop Amsterdam in die algemeen, maar ook spesifiek in *30 Nagte in Amsterdam* uitgebeeld word. Die keuse van ’n spesifieke stad of stedelike ruimte in die literêre teks be-teken daarbenewens meer as bloot ’n geografiese, kulturele of historiese konteks. Dienooreenkomstig is dit belangrik om in gedagte te hou dat die beskrywing van die stad as literêre ruimte nie ’n eenduidige dimensie het nie, en nie slegs blote topos of agtergrond vir die gebeure of handeling is nie, maar dat dit dikwels die uiting van opvattinge oor sosiale strukture en -praktyke, én die lewe in die algemeen is. (Vergelyk ook Nel, 2008:27.)

’n Belangrike aspek van die roman is die verhouding tussen die plek en die self, en die impak van die ruimte op die subjek, met ander woorde dit gaan dus ook daarom hóé die inwoner of die vreemdeling ’n bepaalde ruimte beleef. Nicols (2008:13) se opvatting oor die verhouding tussen die stad-as-ruimte en die subjek is relevant as hy daarop wys dat: “There is an essential link between the topography of the city and the psychological topology of the subject it contains; it could be said that the topology of the subject is inscribed into the material form of the city”.⁷ Henk se aanvanklike sekerte ten opsigte van sy leefwêreld is ruimtelik gesetel in die geslote mitologiese wêreld van die Oos-Kaap, en spesifiek in “sy lessenaar in die museum” (122), waar hy hom verweer deur middel van ’n “stil lewe, gedissiplineer” teen die “uitvlugte van sy brein” (121). Sy koms na Amsterdam hef egter alle (oënskynlike) sekerhede op, en uiteindelik word Amsterdam, die wiegende stad wat op water dryf (93), tegelyk ook dié ruimtelike metafoor vir die sogenaamde koloniale sentrum wat sy vastigheid verloor het en steeds gerekonstrueer word, sowel as metafoor vir ’n onvaste postmoderne wêreld.⁸

Nancy Stieber (2006) onderskei in haar essay “De ‘City of the Mind’” drie konsepte as moontlike terreine van ondersoek waar die stad-as-ruimte ter sprake is: die beeld van die stad (“the image of the city”), die verbeelde stad (“the imagined

city”) en die denkbeeldige stad (“the imaginary city”).⁹ Hierdie drie kategorieë sluit mekaar nie uit nie, maar is heuristiese hulpmiddele om ’n onderskeid te maak tussen die wyses waarop die stad ervaar, of verbeeld, of verbeel/gefantaseer word (Stieber, 2006:250). Van Alphen (2002:56) huldig min of meer dieselfde opvatting, en hy verduidelik soos volg:

In one way or another imagined places do have a connection with a place that exists geographically. However, the mode in which this geographic place is experienced is ontologically different: geographic place is experienced not through real interaction, but rather through the imagination. This does not cancel out concrete interactions of a political and economic order, but it does foreground the particular aspects of migrancy that make it an urgent and important topic of analysis for the humanities. (Kursivering EvA.)

3.1 Die beeld van die stad

Die beeld van die stad is die individuele of kollektiewe voorstelling van die werklike stad, dit wil sê die konsep wat die ervaring van die stad oproep, hetsy soos deur die inwoners in hul daaglikse aktiwiteite, of die stad soos gekonstrueer deur die oë van toeriste op besoek. Dit sluit onder andere in die geografiese beeld, sowel as demografiese veranderinge, én die stad as sosiale ruimte met sy moderne stedelike belewings en praktyke. Stieber (2006:250) het die volgende te sê: terwyl die stadsbeeld van die inwoners gemarkeer word deur die trajekte en herkenningstekens in die stedelike weefsel wat sy status ontleen aan sy vertroudheid, is die toeristiese roete egter juis daarop gerig om ’n spektakelagtige stadsbeeld op te roep wat die buitengewone aksentueer, en wat niks te make het met die gewone, daaglikse lewe nie. Die selfbeeld van die stad, die beeld wat die stad van sigself opbou, sal normaalweg gesproke ’n kombinasie wees van die geografiese beeld en die toeristebeeld. Dit is ’n voorstelling waarin die spesiale kenmerke van die stad wat vooropstaan in sy trots, sy propaganda, en sy selfpromosie, gekombineer word met die kenmerke van die vertroude, die sentimenteel opgehemelde en die alledaagse (Stieber, 2006:250).

Ulf Hannerz (1996) gebruik in sy boek *Transnational Connections. Culture, People, Places* die metafoer van die stad as vensters op die wêreld. Vanweë die deursigtige aard van vensters bied dit egter nie slegs ’n uitkyk na buite nie, maar is dit ook ’n oppervlak waardeer daar na binne gekyk kan word. Toegepas op Amsterdam reflekteer dié vensters ’n blik op die stad self – ’n blik wat veral die beeld van die stad reflekteer. Die vraag ontstaan gevolglik hóé sien die beeld van die stad Amsterdam daar tans uit? Hierdie vraag bly steeds relevant, soos byvoorbeeld blyk uit die interdisiplinêre kongres met die titel, *Imagining Amsterdam: visions and revisions*, wat in November 2009 in Amsterdam gehou is, en waar die beeld van die stad Amsterdam binne ’n globale diskoers steeds gedomineer het.

'n Eerste karakteristiek wat allerweë erken word, is dat die stad veral gekenmerk word deur die “Ander”. As gevolg van die koloniale geskiedenis en die handelsbedrywighede van die Amsterdammers, het die stad deur die eeue ander mense van buite getrek. Hierdie eienskap van diversiteit manifesteer eerstens binne die vaste raamwerk van die daaglikse lewe, want naas die gebore en getoë “Nederlandse Amsterdammers”, is daar die beduidende populasie postkoloniale migrante wie se stamlande Indonesië, Nederlandse Antille of Suriname is, en wat dikwels reeds vir 'n tweede of derde geslag in Amsterdam 'n heenkome gevind het. Daarbenewens is daar ook die gaswerkers uit Turkye en Marokko wat hulle permanent in dié stad gevestig het. Naas dié vaste raamwerk van stedelike inwoners, is die vloeï van menslike verkeer 'n rede vir die teenwoordigheid van die “Ander” in die stad. Naas die instroming van migrante uit derdewêreldlande, wys Adrian Favell (2009) in sy referaat op 'n nuwe geslag migrante wat hy noem transnasionale “free-movers”, dit wil sê jong mense wat as gevolg van die vrye beweeglikheid wat die geïntegreerde Europa bied, in staat is om vir langer tydperke tussen kontinente, en tussen lande te beweeg en transnasionaal te werk. 'n Vierde groep is die gewone toeriste met 'n vinnige omset, wat uit alle uithoeke van die wêreld op Amsterdam as toeriste attraksie toesak. Die gragte, geskiedkundige geboue en museums, die polsende straatlewe, kafees en koffiehuisse, en die befaamde rooiligbuurt bly steeds deel van die stad se toeristiese besienswaardighede, maar ook steeds wat Stieber, (2006:250) noem “die trots, die propaganda, die sentimenteel opghemelde en die alledaagse”. In aansluiting by die diversiteit wat die stad kenmerk, roem Amsterdammers hulle op die buitengewone toleransie wat die mense van Amsterdam aan die dag lê – dit wat Hannerz (1996:146) noem 'n kulturele *laissez-faire*. Die ooglopendste teken van toleransie is waarskynlik die nuwe Amsterdamse logo wat oral en op allerlei wyses in die stad tentoongestel word:

“**I Amsterdam**”. Hiervolgens word die toe-eiening van die stad deur die “Ander” myns insiens gekonstitueer, en word die *individuele* appropriasie daarvan beklemtoon deur die vooropstelling van “I Am” in rooi. (Vergelyk ook Nicols se uitspraak oor die essensiële verband tussen die subjek en die stad.) Patton (1995:117-118), soos aangehaal deur Mahoney (1997:169) huldig ongeveer dieselfde opvatting as hy die volgende oor die beeld van die stad skryf:

To the extent that the inhabitant of the (post)modern city is no longer a subject apart from his or her performances, the border between self and city has become fluid ... the city as experienced by a subject which is itself the product of urban experience, a decentred subject which can neither fully identify with nor fully dissociate from the signs which constitute the city.

Die narratief in *30 Nagte in Amsterdam* toon 'n tipiese beeld van die stad soos hierbo uiteengesit, en soos veral ervaar deur die oë van die verwonderde, kortstondige migrant/toeris, Henk de Melker.¹⁰ Van Heerden spaar gevolglik nie sy leser die

toeristiese clichés, die sentimentele persepsies en verslete beelde in die beskrywings van die beeld van Amsterdam nie. Van Heerden beskryf die gesig van die Ander en die Rembrandtplein soos volg:

Hier huiwer die geur van 'n onvoorspelbare Europa, 'n genepoel wat sy uitlopers vind in die ontkleedans, die heroïenspuit, die middag-af-punckrocker en die verwaande kabaretkunstenaar, nog hees van die vorige aand, by sy minnares ingehaak. Ongeduldig drom gene uit ander wêrelddele hierdie ruimtes binne, maar soos dit maar gaan, is dié voorlopers uit alle windrigtings die gewaagdes, die dissidente en die tipes.

Hulle wyk eerste uit hul moederland, hulle arriveer voor al die ander. Eers die avonturiers, dan die burgery. Henk weet; hy kom uit 'n kolonie. Daarom al die vinnige oë, die opgepompte spiere, die jagsheid en die opportunisme van die Rembrandtplein. (206)

Henk ervaar, naas sy eie waarnemings tydens sy wandeling in die strate, ook die beeld van die stad vanweë sy inisiasie in die stadsluwe deur middel van die begeleiers Advokaat Grotius, sowel as die busker, die sakkeroller en die bedelaar. Laasgenoemde driemanskap is by uitstek deel van die toeristiese spektakel van die stad, maar is terselfdertyd op ironiese wyse uitgewekenes vanweë hul huislose toestand en anti-sosiale aktiwiteite. Soos Zan is die busker, Manuel, en die sakkeroller boonop ook expats uit Afrika, mense wat hul dus as gevolg van hul migrante-status op die rand van die Westerse samelewing bevind. Tim Cresswell (2004:102-110) munt die term *anachorisme* vir dinge of mense wat hul in die verkeerde plek bevind. Diesulkes wat sogenaamd “buite plek” (“out-of-place”) is, is mense wat nie die verwagte verhouding tussen plek, betekenis en praktyk handhaaf nie - dus mense soos onder andere huisloses, sigeuners, politieke aktiviste, gekleurdes, uitgewekenes en prostitute, wat hulle in die randgebiede van die Westerse stedelike sosiale orde bevind. Die stad as sosiale konstruk is by uitstek die gebied waarin sodanige sosiaal-gemarginaliseerde ruimtes en aktiwiteite manifesteer. Vir Cresswell (2004:115) is die konsep *huis* 'n ideaal, sowel as 'n plek, dus 'n ruimtelik gekonstrueerde ideologie wat korreleer met behuising. Die huislose toestand (as anachorisme) is veral die produk van die druk om die stad as 'n kohesiewe plek te reconstrueer volgens middelklas of elitistiese standaarde (Cresswell, 2004:115). Huisloosheid is gevolglik deel van die problematiek van die beeld van die stad, en in uiterste gevalle word die huisloses selfs deur die stadvaders gesien as menslike afval. In die roman is die driemanskap deel van die ruimtelike problematiek wat in *30 Nagte in Amsterdam* op die voorgrond gestel word, omdat hulle die “Ander” verteenwoordig, en hulself “buite plek” bevind. Terselfdertyd beklemtoon hul teenwoordigheid in die strate die genuanseerde problematiek van hoort en nie-hoort binne die sosiale strukture van die stad-as-ruimte. Indien die idee van die huis as 'n ideale soort plek in gedagte gehou word, is die feit dat Henk se erfposisie 'n woonhuis insluit besonder veelseggend en ironies, want die implikasie is dat hy as vreemdeling in die stad “in plek” sal wees.

3.2 Die verbeelde stad en die denkbeeldige stad

Die verbeelde stad dui op die konkrete stad soos op subjektiewe wyse deur kunstenaars, skrywers, argitekte en beplanners voorgestel word in kuns, film, literatuur, musiek en reklame. In die ondersoek na die verbeelde stad, maan Stieber (2006:251), is die verhouding tussen dit wat waargeneem word, en dit wat verbeeld word, van kardinale belang:

De voorstellings van de stad roepen de bekende vragen op die we bij alle vormen van mimesis tegenkomen, met name die naar de vooronderstellingen achter de gemaakte keuzes: we vragen ons af wat er buiten het beeld is gelaten, wat doelbewust is uitgekozen, en wat die beslissingen impliceren. (Stieber, 2006:251)

Uiteindelik is die kragtigste eienskap van die verbeelde stad die beweeglikheid daarvan in tyd, omdat dit verlede (deur kaarte, foto's en tekeninge), hede én toekoms (deur toekomsprojeksies van beplanners) uitbeeld. Met die *denkbeeldige stad* bedoel Stieber (2006:251) die stad as fantasie, losgemaak van enige poging tot weergawe van feitelike omstandighede.¹¹

Die volgende aspek van Amsterdam wat vir die lees van die roman deurslaggewend is, en aansluit by die nosie van Amsterdam as verbeelde stad, is die opvatting dat Amsterdam beskryf kan word as heterotopiese ruimte en gevolglik as 'n sone. Brian McHale (1987:44) is van mening dat 'n heterotopiese ruimte nie 'n "wêreld" is nie, maar 'n sone, want "Zones are located nowhere but in the written text itself". McHale (1987:44) gebruik as voorbeeld Apollinaire se gedig "Zone" – 'n verduideliking wat ook op Henk se beleving van toepassing gemaak kan word. Die spreker in die gedig dwaal deur Parys se strate in die rooilig-distrik, en dit word dan 'n objektiewe korrelaat vir moderne Europa en sy eie gemarginaliseerde, heterogene en voelvryverklaarde ervaring (McHale, 1987:44).

Die term *heterotopia*, het sy oorsprong in Foucault se lesing in 1967, "Of other spaces" (Foucault, 1986:22-27). Die kern van die term *heterotopia* het betrekking op 'n bewussynsbeweging tussen die ruimte van die werklikheid en die ruimte wat verbeeld of verbeel word - die grensgebied van die menslike gees of bewussyn waar die ervaring van die werklike en die verbeelde en/of fantasie vermeng. Hoewel Amsterdam as sone in die roman by uitstek 'n menslike, verbeelde konstruksie is, is dit ten seerste ook gesetel in die konkrete realiteit van 'n Europese stad.¹² Foucault (1986:22) beklemtoon voorts: "The heterotopia is capable of juxtaposing in a single real place several spaces, several sites that are in themselves incompatible". Dit gaan dus daarom dat die een ruimte in terme van 'n ander teenoorgestelde ruimte ervaar word.

In aansluiting by bogenoemde wys Van Alphen (2003:121) tereg daarop dat karakters wat hulself in 'n sone bevind, worstel met 'n verskeidenheid ontologiese probleme en vrae, veroorsaak deur die onvergelykbaarheid van die elemente wat

gesamentlik die sone definieer. McHale (1987:10)¹³ artikuleer hierdie ontologiese problematiek wat teweeggebring word deur die sone, soos volg met sy nou reeds bekende vrae: Wat is 'n wêreld? Watter soort wêreld bestaan, en hoe word dit gekonstitueer, en hoe verskil hulle van mekaar? Wat gebeur as twee totaal verskillende wêreld met mekaar gekonfronteer en grense oorskry word? Van Alphen (2003:122) maak op sy beurt die belangrike stelling dat laasgenoemde vraag nie slegs meer binne die konteks van postmodernistiese metaliteratuur gestel word nie, maar ook sentraal staan in kontemporêre debatte oor postkolonialisme en multikulturele kwessies. Die veronderstelling dat Amsterdam beskryf kan word as 'n heterotopia, moet myns insiens dus binne die konteks van die roman gekwalifiseer word, want dié ontologiese problematiek spruit juis uit die karakter, Henk, se posisionering as postkoloniale subjek binne 'n sosiaal-gemarginaliseerde ruimte (“alleen en onbekend”, 381) in 'n vreemde multikulturele stad, wat tegelyk plek van herkoms én moontlike bestemming is. Ook inbegrepe by dié verbeelde stad is die denkbeeldige stad, soos blyk uit die volgende reëls:

Hy herken iets van 'n geheue wat ver teruggryp. Twaalf generasies sit sy mense al in Afrika. Maar nou is daar 'n oergeheue waardeur hy plas. Hy is 'n Hollander op 'n fiets en saam met die vrou en kind ry hy weg in die mis en geboue op die horison: Amsterdam. (65)

Foucault (1986) beskryf aan die hand van 'n aantal beginsels sy opvatting omtrent heterotopias, en hy stel dit as eerste beginsel dat daar geen kultuur is wat geen heterotopias voortbring nie, maar dat die heterotopias van kulture onderling ingrypend verskil.¹⁴ As tweede beginsel stel Foucault dit dat, binne die denke oor ruimtelikheid, 'n heterotopiese ruimte mettertyd sy funksie kan verander. Van Schalkwyk (2007) munt, in aansluiting by Foucault se teoretiese fundering, en ter uitbreiding van sy onderskeiding tussen onder andere heterotopias van krisis en van afwyking, die terme *heterotopia van verplasing* en *heterotopia van bestemming*. Van Schalkwyk se terme betrek dan beide hierdie beginsels, want albei dié benoemings is by uitstek op Amsterdam van toepassing, soos ervaar deur Henk sowel as Zan, wat hul as migrante uit Afrika in die ánderste ruimte van die stad Amsterdam bevind.

3. Amsterdam en “opdrifels uit Afrika” (346)

Die dilemmas van verplasing en bestemming, hoort en nie-hoort, tuiste en ontheemding word deurgaans aangeraak en selfs baie eksplisiet verwoord in *30 Nagte in Amsterdam*. Henk vra homself byvoorbeeld pertinent af: “Is dit hoe Tante Zan moes leef vir dekades? Is dít die toestand van ontheemding? (266). Wasserman (2001:71) se argument rondom postkoloniale identiteit in 'n “eindeloze reeks transaksies en relasies”, word ook aangeraak en geknoop aan die ruimtelike problematiek van hoort en vervreemding, soos blyk uit die busker se tirade:

“Dat ons ’n tuiste het waar ons hoort, is nog ’n illusie,” fluister die Eerste Viool asof hy ’n geheim deel. [...] “Opdrifels,” blaf hy onverwags hard, asof hy die gedagte van nêrens haal. “Ons almal. Opdrifels uit Afrika. Die skuim van koloniale oorloë en revolusies. [...] Kyk na jou tante. Wie is sy? Waar strooi ons haar asse wanneer sy sterwe? En Alphonse? Die afstammeling van sakkerollers. Waar hoort hy? (346-347)

In hierdie aangehaalde gedeelte word die verband eksplisiet gelê tussen hoort, plek, post-koloniale subjekte en identiteit. Wat betref die (her)konstruksie en heroriëntasie van identiteit, is die verhouding tussen die subjek en die stad-as-ruimte van bepalende belang, want na enkele dae in Amsterdam verwoord Henk opnuut die identiteitsproblematiek soos volg: “Is ek nog Henk de Melker? Wonder hy. Hoe kan ek nog hy wees? Met al die nuwe dinge wat bygekome het en wat om my verlede saamklos soos skulpe om ’n skip se anker?” (339).

Reeds met Henk de Melker se aankoms op Schiphol word die tyd-ruimtelike dimensie, die teenoormekaar stel van twee leefwêrelde, beklemtoon: “Dit het hom gebring tot die oomblik waarop hy nou hier sit, tussen twee lande vasgevang” (46).¹⁵ Hy bevind hom gevolglik vir dertig nagte in Amsterdam in ’n gebied wat bestempel kan word as ’n “sone”, of ’n heterotopiese ruimte wat inderdaad twee onvergelykbare en wedersyds uitsluitende wêrelde akkommodeer: Suid-Afrika (Afrika) en Amsterdam (Europa) waarvan die twee landkaarte voorin die roman – een van die Oos-Kaap en een van Amsterdam se gragtegordel – reeds ’n aanduiding is. Van Alphen (2003:125) lê klem op die verband tussen kaarte en werklike ruimte, dus die beeld van die stad en die verbeelde stad:

The semiotics of maps serves a specific, historically loaded purpose here. The motif of the map foregrounds the signifying, hence specifying relation between text and reality. But, strikingly, real space does not determine what maps look like – it is the other way around, the map determines the real space.

In aansluiting by Foucault se opvatting dat die heterotopia in staat is om binne ’n enkele plek verskeie ruimtes te jukstaponeer, word Amsterdam in die roman gevolglik geteken as sowel ’n *distopia* én ’n *utopia*. Die stad in die algemeen kan volgens Easthope (1997:133) gelees word as ’n distopiese ruimte en terrein van vervreemding – nie soseer alleen sosiale vervreemding nie, maar eerder ’n “full-blown transcendental alienation to be understood as the view that formerly human life in cities was real, a natural inheritance, but now it is made up, a merely arbitrary construction from which something transcendental is felt to be missing”. Henk se eerste emosionele beleving van die stad-as-ruimte is angst: “Agter die toe toiletdeur op Schiphol sit Henk en asem skep. Hy is bang om hier uit te gaan. Amsterdam wag. Hy het tyd nodig.” (63). Henk se vrees om die stad binne te gaan spruit gedeeltelik uit die wêreld waar hy vandaan kom – die geslote, ordelike en gestruktureerde leefwêreld

van gestroopte teenkreatiewe verbeelding, wat lynreg geteken word teenoor die gedurfde, vrysinnige en energieke leefwêreld waarvan Amsterdam by uitstek die beliggaming is. Henk as verteller registreer die onsekerheid en onveiligheid van die stad Amsterdam vir die onseker migrant: “Sy lyf is hier in Holland, maar dit vul hom nou met verwagting, met bang. Hy wag op homself, op die Henk wat in Somerset-Oos is. [...] Hy is net een ding, en dis die vrees vir die bliksem wat hom hier gaan tref” (137).

Dit is insiggewend om Lapsley (1997:193) se stelling ten opsigte van vrees en distopiese stedelike vervreemding hieraan toe te voeg. Hy baseer sy redenasie oor die subjektiewe stedelike beleving op Lacan se onderskeiding van die reële, die simboliese en die imaginêre, en is van mening dat die stad as tuiste nie moontlik is nie, omdat dit op simboliese vlak die Ander is: “Neither the city nor its subjects can achieve self-integration – each is inhabited by alterity, and so, as Kristeva states, foreignness is within us. This sense of an uncanny unassimilable otherness is accentuated by the heterotopia of the modern city”. Die eise van die moderne stad op die stedelike subjek is veelvuldig; dit vereis disparate rolle sodat die subjek ’n verhoogde ervaring van self-verstrooiing ervaar. Hierdie stelling is veral van toepassing op Henk wat hom as migrant en plattelandse boorling in ’n heterotopiese stedelike ruimte bevind, die gevaarlike gebied op die snypunt tussen twee wêreldes. Hierdie grensgebied ontnem hom ook, naas alle ander sekerhede, sy identiteit, die gevaar wat hy bestempel as “volkome afwesigheid. ’n Nie-man tussen kontinente. Niemand” (304).

As gefragmenteerde postmodernistiese subjek voel Henk aanvanklik onherroeplik verlore in die risoom van die stad. Hans Ester (2007:87-89) vergelyk Amsterdam as risoom met die klassieke labirint wat ’n middelpunt het, en ’n weg na dié middelpunt toe. Die risoom daarenteen is na alle kante oop en het nie ’n vaste struktuur nie; dit is veranderlik en laat elke punt van die wortelvertakking in beginsel met die ander punt verbind. Op konkreet-ruimtelike vlak dui die risoom op Amsterdam se uitleg, en bied dit ’n uitdaging aan enige wandelaar in die stad. Die geografiese fragmentasie en ruimtelike ontwrigting wat die risoom vergestalt, is des te meer problematies vir die onseker migrant uit Afrika wat sy begrip van plek en ruimtelike oriëntasie verloor het. In aansluiting by die opvatting van die stad as risoom, kan die stad (en spesifiek Amsterdam) ook gesien word as ’n sentrifugale ruimte wat spesifieke modaliteite van stedelike angs ontketen. Dimendberg (2004:172) verklaar soos volg: “the anxieties provoked by centrifugal space hinge upon temporality and the uncertainty produced by a spatial environment increasingly devoid of landmarks and centers and often likely to seem permanently in motion”. Die risoom word egter terselfdertyd óók metafoor van ’n onseker, postmoderne beleving in Amsterdam-as-tekste. Dit is dan ook te verstane dat Henk aanvanklik kaarte van die binnestad versamel en bestudeer:

Elke kaart het 'n ander invalshoek, kies 'n ander middelpunt, kyk uit 'n ander windrigting na die gragtegordel. Henk sweef oor Amsterdam. Hy memoriseer die tremroetes, die hoefystervorm van die kanale, die pleine en teaters se ligging. Hy dink aan sy voorouers wat hier geloop het. Dit gee hom 'n gevoel van sekerheid. (136)

Naas Dimendberg se verklaring vir die ervaring van stedelike angs, is 'n verdere moontlike oorsaak van angs vir die subjek volgens Lapsley (1997:193) “the eliminable presence of the gaze. To be a subject is to be trapped within a field of visibility, subjected to the pre-existing gaze of the Other. If the space of the city is defined by the gaze of the Other [...] that gaze increasingly provokes anxiety”. Hierdie onafwendbare teenwoordigheid van die blik impliseer onder andere dat die strate aan die Ander behoort. “Is dit moontlik, wonder Henk, om in 'n digbevolkte stad soos hierdie ooit vir 'n oomblik te lewe sonder twee of meer oë op jou?” (203). Sonder dat Henk dit besef word hy inderdaad dopgehou, nie alleen deur Advokaat Grotius, sy tante se regsgeleerde nie, maar ook deur die randfigure van die busker, die bedelaar en die sakroller, sowel as die geheimsinnige Heer Zuiderzinnen – karakters wat deel was van sy tante se veelbewoë lewe, en wat uiteindelik ook 'n deurslaggewende rol in Henk se besluite sal speel. Henk se onsekerheid en toenemende angstigtheid manifesteer op konkrete vlak in die vreemde beursies wat by herhaling op geheimsinnige wyse in sy sak beland - 'n moontlike bevestiging dat die strate inderdaad aan die onsigbare Ander, wat meester van die situasie is, behoort.

Teenoor die stad as distopiese ruimte word die kontradiksie beklemtoon dat dit egter ook erbaar word kan as utopiese ruimte, want Amsterdam manifesteer terselfdertyd as lokus van begeerte (123), van opwindende belofte: “Ek is nou hier waar alles moontlik is. Ek kan my lyf verwen [...]. Iets wat op Somerset-Oos nooit moontlik sal wees nie...” (94), sê Henk aan homself. Amsterdam skerp sy sintuiglike beleving op en hy beskryf dié bevrydende geestesingesteldheid soos volg:

Op soek dwaal Henk snags deur die stad. Hy is onrustig. Hy kan nie ophou dwaal nie. Dis iets wat met hom aan die gebeur is. Sy sintuie is opgeskerp. Hy hoor en sien soos nog nooit tevore nie. (187)

En:

Hy voel reeds in hierdie eerste week van sy besoek hoe hy verander, hoe jare se skille van sy oë afval. Hy voel of hy die eerste keer begin sien. Amsterdam word 'n glansende, woelige karnaval; sy sintuie is daarvoor gereed. (204)

Daar is aanvanklik ook die ervaring van vertroulikheid en identifikasie met die stad. Amsterdam word pertinent beskryf as die woonplek van sy verre voorouers, en hy bely teenoor homself: “Dis liefde met die eerste oogopslag”.

In aansluiting by die jukstaponeerende aard van die heterotopia, word Amsterdam deurgaans in die roman vergelykend teenoor Afrika gestel, vandaar Henk se opmerking teenoor Grotius: “Die kontraste val op” (264). Die een ruimte word met ander woorde in terme van die ander ervaar of geïnformeer. Hierdie twee wedersyds uitsluitende wêreldes word vanuit die grensgebied van Henk se bewussyn, waar die werklike en verbeelde vermeng, aan die leser gekommunikeer. Henk beskryf homself byvoorbeeld as ’n “man uit die kolonie, wit soos die Hollanders, maar in sy hart brand die flikkeringe van vure en ontplooi die ritmes van ander landskappe. (...) ’n Frats, ’n tussen-in mens sonder kind of kraai. ’n Witman uit Afrika” (66-67). In hierdie verwysings is daar by implikasie óók ingebed die problematiek van hoort of nie-hoort op ’n spesifieke vasteland, sowel as ’n herbesinning oor Afrikaner-identiteit. Teenoor Nederland met die water as sy “grootste talent” (125), word Afrika gestel as die plek waar die Nederlandse seevaarders sy voorgeslagte gaan plant het, “om daar in stof te oorleef” (125). As en verkoelde bome is die reuk van Afrika - veldbrande en bloed en verskroeiende aarde is die realiteit van Henk se geboorteland: “Dis soos hy deesdae stap deur hierdie stad: hy hinkpink, en sy herkoms is soos ’n geskroeiende brandpad in sy bors” (266). As vreemdeling in Amsterdam worstel hy met die vraag of hy moontlik steeds die vergestaltung is van ’n oorgeërfde Nederlandse koloniale skuldgevoel: “Dis waarom hulle die woord ‘stamverwantskap’ vies van hulle weggooi [...]. Dit herinner hulle te veel aan hulle eie sondes, en die wilde lote wat deur daardie sonde uitgestoot is” (269). Implisiet in beide hierdie uitsprake is ingebed die gestigmatiseerde of gekontameneerde identiteit van die Afrikaner wat worstel met die problematiek van “herkoms” en “stamverwantskap”, want nie alleen kom die verhouding met die eertydse metropool ter sprake nie, maar ook die verhouding met Afrika na die nuwe bedeling van 1994.

Henk se aanvanklike utopiese ervaring van geborgenheid (127) aangetrokkenheid, vertroulikheid (126) en identifikasie met Amsterdam (67 en 97), word egter toenemend gekombineer met ’n gevoel van onbegrip en argwaan en vervreemding teenoor Amsterdam. Hy kom algaande tot die insig dat hy nie kans sien om te bly in ’n stad waarvan hy die tekstuur en die subtiele toespelings nie verstaan nie; dat hy nie kans sien vir die proses van inburgering, vir die moeisame taak van behoort nie, en om ’n lewe te kom slyt in wat in wese ’n staat van vreemdelingskap is (307). “Ek het die opstand van die oningewyde teen wat ek om my sien. Die colonial cringe” (307), is die erkenning.

’n Verdere ontugtering ten opsigte van sy ervaring in Amsterdam van “die vreugde van vryheid, van besluit” (216), word soos volg verwoord: “Ek het geleer om nie veel van my vryheid te verwag nie, dink Henk terwyl hy deur Amsterdam stap en sy opsies oorweeg: om terug te gaan na Suid-Afrika of om die Nederlandse huis te aanvaar as sy eie” (367). Vrysinnige en vrye Amsterdam, as lokus van individuele vryheid, word uitgebeeld as onbetroubaar, want Henk kom tot die insig dat sy verhaal in Amsterdam anders verloop as waarop hy aanvanklik gereken het.

Amsterdam as verbeelde stad, word vir hom die metafoor van gevangenesskap as gevolg van die erforsie van die huis, en die “las van geslagte” (369). “Ek weier, dink hy. Ek wil vry wees, in ’n vrye land. Ek wil hier uit. [...] In Amsterdam kan ek nie bly nie.” (369). In hierdie oomblik van selfrefleksie besef Henk egter terdeë dat ook *vryheid* ’n ambivalente begrip is, omdat postapartheid Suid-Afrika, as sogenaamde vrye land, sy inwoners onder beleg het as gevolg van die kriminele geweld. Tog kies hy uiteindelik vir vryheid van gees en wys hy die erforsie van die huis, sowel as die stad, op besliste wyse af (377).

4. Ten slotte

In minder as die bestek van *30 nagte* word Henk voor ’n tweede keuse gestel. Die terminaal siek tante versoek dat hy haar terugneem na Suid-Afrika om daar te sterf, wat die gevolg inhou dat hy die erforsie afstaan aan die erfgenaam-van-tweede-instansie. Aan die einde van die roman verlaat Henk en sy tante Amsterdam, en keer terug na die inklusiewe ruimte van die Suid-Afrikaanse landskap.¹⁶ Beide karakters se keuse is in ooreenstemming met Hawley se opvatting dat daar groter klem gelê word op individuele belange in die literatuur wat geskryf word na dekolonisasie. Zaan se besluit om op Suid-Afrikaanse bodem te sterf, is dus geen nasionalistiese daad, of gekoppel aan sentimentele patriotiese motiewe nie, want haar keuse dien suiwer haar eie individuele belange. In die eerste plek wil sy terugkeer na die plek waar die geliefde verbrand is om sy werwelbeen te vind, en om op simboliese wyse oor sy asse ’n laaste paringsdans uit te voer. In die tweede plek is haar motief minder selfsugtig van aard, want sy het ten doel om Henk se inisiasieproses na vryheid van gees, wat sy ontkiem het deur sy verblyf in Amsterdam, in die inklusiewe ruimte van hul grootwordjare te volvoer: “Belowe my een ding, Henk de Melker: Jy gaan skietgee. Jy gaan laat gaan. Jy gaan jý word, seun.” (435) Hierdie woorde staan op ironiese wyse in jukstaposisie met Henk se aanvanklike utopiese beleving van Amsterdam, soos blyk uit die vroeëre stelling: “Hier sal ek ék wees, dink Henk” (67). As Henk dan ten slotte saamdans, bevestig dit sy persoonlike transformasie en geestelike bevryding, sowel as ’n versoening met Tante Zaan en sy verlede.

Uiteindelik bied die roman vir die Suid-Afrikaanse leser geen klinkklaar antwoord op die dilemma van bly of vertrek nie, maar vir die protagoniste van die roman word dit ten slotte ’n verhaal van tuiskoms, wat terselfdertyd ’n denke oor Afrikaanse identiteit konseptualiseer. John (2008:84) beklemtoon die verband wat in sommige onlangse Afrikaanse romans gelê word tussen geografiese verplasing, identiteit en die dood. Hy betoog dat sulke tekste dit duidelik maak “hoe onder druk Afrikaanse identiteit is: met verwysing na sowel die buiteland as na Suid-Afrika word ’n Afrikaanse identiteit met die dood geassosieer” (John, 2008:86). Wanneer ’n Afrikaanse karakter in die buiteland tot sterwe kom, manifesteer die dood op negatiewe wyse as ’n “afwesigheidspool”. Die teenoorgestelde beweging is uit die aard van die saak ook

geldig, want indien 'n migrant na Suid-Afrika terugkeer, kan dit gelees word as 'n (her)bevestiging van die band tussen Afrikaanse identiteit en Afrikabodem. Henk motiveer sy keuse en sy verbondenheid aan sy vaderland soos volg:

Ek het een vaderland verlaat, en keer na 'n ander een terug.
Maar ek moet teruggaan. Want ek is Henk de Melker.
Henk van die Groot-Karoo.

Uit hierdie aanhaling blyk die afskeid van 'n agtergelate wêreld, en 'n transformasie in die verhouding met die vaderland, want hy bevestig sy persoonlike verbondenheid aan sy geboorte grond en sy Afrikaanse identiteit. Ook Zan herwin haar Afrikaanse identiteit as sy haar letterlik én metafories stroop van die vermomming van Zuiderzinnen, om naak met "(d)ie lyf van Xan" (439) in die Suid-Afrikaanse landskap te dans. Die afleiding is dus dat die mitologiserende slot van die roman impliseer dat Henk sowel as Zan, as postkoloniale subjekte, die rug op die sentrum en die metropool keer, en die koloniale verlede afwys, ten gunste van die geboorteland waarvan hy/sy volledig kind geword het.

Binne die groter raamwerk van die tydgenootlike worsteling met en denke oor die problematiek van behoort of vertrek, wat onvermydelik saamval met Afrikaanse identiteit, is die slot van die roman in der waarheid minder optimisties. Henk is kinderloos, terwyl Zan se hibriede kleinkind as Nederlander in Amsterdam gevestig is – dit wil dus voorkom of die sterfte op eie bodem ook die sterfte van Afrikaanse identiteit impliseer. Die slotwoorde van die roman lui immers ook soos volg: "So dans ons, óns, die laaste van die De Melkers van Somersetstraat" (441).

Noordwes Universiteit

Bronnelys

- Alter, R.** 2005. *Imagined Cities. Urban Experience and the Language of the Novel*. New Haven en London: Yale University Press.
- Bergfelder, T.** 2005. National, Transnational or Supernational Cinema? Rethinking European Film Studies. *Media, Culture & Society*, 27(3):315-331.
- Chambers, I.** 1990. *Border Dialogues: Journeys in Postmodernity*. London: Routledge.
- Chambers, I.** 1994. *Migrancy, Culture, Identity*. London: Routledge.
- Cresswell, T.** 2004. *Place: A Short Introduction*. Oxford: Blackwell Publishing.
- De Certeau, M.** 2000. Walking in the City. In: During, S. (red.) *The Cultural Studies Reader*. London en New York: Routledge. 126-133.
- Dimendberg, E.** 2004. *Film Noir and the Spaces of Modernity*. Cambridge, Massachusetts en London: Harvard University Press.
- Easthope, A.** 1997. Cinécities in the Sixties. In: Clarke, D. (red.) *The Cinematic*

- City*. London en New York: Routledge.
- Ester, H.** 2007. Amsterdam: van rizzoom tot verhaal. In: Van Zyl, W. (samesteller) *Elke Slot 'n weerbegin*. Kaapstad: Universiteit van Wes-Kaapland. 87-101.
- Favell, A.** 2009. Amsterdam as Eurocity: How Foreign European Residents Experience the City. Ongepubliseerde referaat gelewer by die kongres *Imagining Amsterdam. Visions and Revisions*, Amsterdam. November 2009.
- Foucault, M.** 1986. Of other Spaces. Heterotopias. *Diacritics*, 16(1). 22-27.
- Hannerz, U.** 1996. *Transnational Connections. Culture, People, Places*. London en New York: Routledge.
- Hauptfleisch, D.C.** 1970. *Woordeboek van die Afrikaanse taal. Deel X111* Stellenbosch: Buro van die WAT.
- Jansen, E.** 2003. 'Ampie aan de Amstel': De creatiewe energie van grensoverschrijding in de Zuid-Afrikaanse letterkunde. *Stilet* XV:2, 84-110.
- John, P.** 2008. Die tyd van die triekster: identiteit in enkele hedendaagse Afrikaanse prosatekste. *Literator*, 29:3, 75-97.
- Lapsley** 1997. Mainly in Cities and at Night: Some Notes on Cities and Film. In: Clarke, D. (red.) *The Cinematic City*. London en New York: Routledge.
- Mahoney, E.** 1997. 'The People in Parentheses' Space under Pressure in the Postmodern City. In: Clarke, D. (red.) *The Cinematic City*. London en New York: Routledge.
- Mazzoleni, D.** 1993. The City and the Imaginary. In: Carter, E., Donald, J. en Squires, J. (reds.) *Space and Place: Theories of Identity and Location*. London: Lawrence en Wishart. 285-302.
- McHale, B.** 1987. *Postmodernist Fiction*. New York: Routledge.
- Nel, A.** 2006. Die digter in transitio: reisverse en liminaliteit in Lykdigte en Ruggespraak van Joan Hambidge. *Literator* 27(7), 189-210.
- Nel, A.** 2008. Die representasie van die stad in Aan die ander kant van die stad deur Herman Wasserman. *Stilet* XIX:2, 26-42.
- Nicols, J.** 2008. Lacan, the City, and the Utopian Symptom. An Analysis of Abject Urban Spaces. *Space and Culture OnlineFirst*, DOI: 10.1177/1206331208320482: Sage Publications.
- Said, E.** 2002. *Reflections on Exile and Other Essays*. Cambridge, Massachusetts: Harvard University Press.
- Soja, E.** 2006. Cityscapes as Cityspaces. In: Lindner, C. (red.) *Urban Space and Cityscapes. Perspectives from Modern and Contemporary Culture*. London en New York: Routledge.
- Stieber, N.** 2006. De 'City of the Mind'. In: Dings, M. (red.) *De stad*. Rotterdam: Uitgeverij 010.
- Van Alphen, E.** 2002. Imagined Homelands. Re-mapping Cultural Identity. In:
- Van Alphen, E.** 2003. Africa as Textual Play. In: Hoving, I., Korsten, F. en Van Alphen, E. (reds.) *Africa and its Significant Others. Forty Years of Intercultural*

- Entanglement*. Amsterdam en New York: Rodopi. 121-130.
- Van Schalkwyk, P.** 2007. “in hierie droë annerlikheit”: heterotopia en Suid-Afrika. Ongepubliseerde referaat, Potchefstroom: Noordwes-Universiteit.
- Van Heerden, E.** 2008. *30 Nagte in Amsterdam*. Kaapstad: Tafelberg.
- Verstraete, G. en Cresswell, T. (reds.)** *Mobilizing Place, Placing Mobility. The Politics of Representation in a Globalized World*. Amsterdam en New York: Rodopi. 53-69.
- Viljoen, L.** 1998. Plek, landskap en die postkolonialisme in twee Afrikaanse romans. *Stilet* 10(1):73-92.
- Wasserman, H.** 2001. Bevryding en beklemming: Postkoloniale distopie en identiteit in enkele resente Afrikaanse tekste. *Stilet* XIII:1, 69-87.
- WAT.** Sien Hauptfleisch

Note

1. 'n Bladsynommer sonder outeursnaam en publikasiedatum verwys telkens na: Van Heerden, 2008.
2. Volgens die WAT word met die term *migrasie* bedoel die handeling, proses of geval van te migreer. Migreer word dan gedefinieer as: “een land, streek of plek verlaat ten einde jou in 'n ander te vestig. Na ander omstandighede beweeg”. Ingebed in hierdie definisie is die konsep van verplasing oor landsgrense heen. Vergelyk ook Chambers (1990:5): “Migrancy, on the contrary, involves a movement in which neither the points of departure nor those of arrival are immutable or certain. It calls for a dwelling in language, in histories, in identities that are constantly subject to mutation.”
3. In die literatuur oor migrasie is daar verskeie terme wat gebruik word as daar na migrante verwys word en wat by implikasie die redes vir ontheemding aandui. Edward Said maak byvoorbeeld in sy artikel “Reflections on Exile” (1984) die onderskeid tussen ballinge (*exiles*), vlugtelinge (*refugees*) en uitgewekenes (*expatriates en émigrés*).
4. Wasserman (2001) bespreek as voorbeeldtekste verhale uit *Feeks* (Riana Scheepers), *Paartjie by Jakes* (Jaco Fouché), *Skaduwees tussen skaduwees* (Abraham H. de Vries), *Groot Vyf* (Johann Botha), en *Twaalf* (Eben Venter).
5. Zan de Melker en Henk se lewensverhale is ten nouste verweef in die roman. Nadat sy op 'n jeugdige ouderdom na Amsterdam verhuis het, verdwyn sy byna 'n leeftyd uit Henk se lewe. Hy ontvang op 'n dag 'n brief van ene advokaat Grotius wat hom inlig dat sy tante oorlede is, en hom in kennis stel van die bepalings van haar testament. In Amsterdam leer Henk egter geleidelik die ware stand van sake ken: die tante is nie dood nie, maar terminaal siek. Sy versoek hom ten slotte om haar terug te neem na Suid-Afrika om daar op Suid-Afrikaanse bodem te sterf. Henk word ook in die loop van die roman ingelig oor die talle geheime in sy tante se lewe: sy het 'n kind gehad by haar strydmakker Bra Zolani, en die sakkeroller Alphonse, met wie Henk kennis maak, is haar kleinkind, terwyl ook Grotius indirek verwant is aan haar, want hy is haar oorlede Nederlandse eggenoot se seun.
6. Ester (2007) verwys byvoorbeeld na die prosa van Petronella van Heerden, Abraham de Vries, Hennie Aucamp en Karel Schoeman, sowel as na die poësie van Lina Spiess, waarin die verbintenis met Amsterdam duidelik na vore kom. Elisabeth Eybers as migrant in Amsterdam is ook 'n voorbeeld.

7. Soja (2006:xvi) beklemtoon ook die verband tussen die liggaam en die stad met die volgende uitspraak: "(...) cityspace became connected with the space of the body, what the poet Adrienne Rich once called the 'geography closest in'. The body and the city in turn become positioned within a larger nesting of regions of attachment, identity, and discipline that stretch in scale from the corporeal and the local to the outer reaches of global geopolitics, with lots of pertinent spaces of representation in between."
8. Dit is relevant om daarop te let dat Chambers (1994) van mening is dat migrasie en verplasing eerder 'n postmoderne kondisie is, as slegs 'n werklike ervaring. Vanweë die metropolisasie van die aardbol word die model van die stad terselfdertyd model van die kontemporêre wêreld. Chambers se argument impliseer insgelyks dat migrasie 'n letterlike én metaforiese oorgang in ruimte, sowel as tyd is.
9. Hoewel Stieber (2006) se onderskeidings vir die doel van hierdie artikel as raamwerk gebruik word, is dit insigte wat reeds deur verskeie skrywers oor dié onderwerp verreken is, soos onder andere Alter (2005), De Certeau (2000), Lapsley (1997) en Mazzoleni (1993). Vergelyk ook Nel, 2006 en 2008.
10. Henk maak die interessante waarneming dat die Hollanders veral die Ooste in hul lewensruimtes betrek, en dat vele huise boeke berg oor ander eksotiese ruimtes soos Indonesië, Nederlands-Indië, Afrika en Suid-Amerika: "In Nederland, lyk dit vir Henk, vermy koffietafels in huiskamers boeke oor die Nederlanders se eie water, hul eie polders, hul gragte. Dis asof hulle hierdie dinge vir toeriste reserveer. Dalk het die internasionale toerismebedryf Holland reeds só gekoloniseer dat die Hollanders als wat hul eie is as cliché aansien?" (126)
11. Lapsley (1997:187) redeneer min of meer in dieselfde trant, soos blyk uit sy opvatting oor die verbeelde stad: "It has become a cliché of contemporary writing that the city is constructed as much by images and representations as by the built environment, demographic shifts and patterns of capital investment".
12. Waar migrasie na spesifiek Europa ter sprake is, is dit voorts van belang om daarop te let dat die woord *Europa* ook die implikasie dra van meer as net 'n fisiese of geografiese plek, maar eerder beskou moet word as 'n kritiese hoek of perspektief op kulturele samestellings en veranderende kulturele hoedanighede. Bergfelder (2005:320) maak in hierdie verband die volgende belangrike uitspraak: "*European* is to understand it not so much as a stable cultural identity or category, but rather as an ongoing process, marked by indeterminacy or 'in-between-ness'. [...] Western culture is at its very roots, about experiences of spiritual dislocation and homelessness". (Kursivering TB.)
13. McHale (1987:45) onderskei vier strategieë waardeur 'n heterotopiese sone in 'n narratiewe teks gekonstitueer word, naamlik deur jukstapenering, interpolasie, superponering en misattribusie.
14. Die implikasie van hierdie opvatting is dat Amsterdam vir die Amsterdammers nie 'n heterotopias nie, omdat dit nie as 'n anderste ruimte ervaar word nie. Daarenteen kan die Nederlandse leser Afrika as heterotopia identifiseer.
15. McHale (1987:10) se bovermelde vrae reflekteer insgelyks die sentrale problematiek wat hier in *30 Nagte in Amsterdam* aan bod kom.
16. Die term *landskap* word hier gebruik met die fokus op die aspekte van die natuurlike omgewing, soos die geografie en plantegroei, in teenstelling met die stadsruimte van Amsterdam. Daar moet egter ook deeglik in gedagte gehou word dat daar "desnietemin sprake is van 'n historiese, politieke en kulturele dimensie" soos Viljoen (1998:77) aantoon.

“[om] nou hier op oordeelsdag bontbokke te kom tel”¹ – Wopko Jensma en die sensuurwetgewing van die jare sewentig

Leti Kleyn en Johann Lodewyk Marais

In July 1964 the list of banned publications in South Africa stood at 12 000 titles and increased rapidly thereafter. Between 1955 and 1971 thousands of titles were burned in municipal ovens. In this article the second volume of poetry of the poet and artist Wopko Jensma (1939–1993?), where white is the colour, where black is the number (1974), is used as a case study on the influence of censorship legislation on South African literature. The article will highlight the status of Jensma as a writer, the course of the censorship case against his book, its possible effect on Jensma’s position in South African literature as well as a reflection on the effect of censorship on canonisation. In conclusion the revision of Afrikaans literary history as well as the importance of book history against the background of new information about its writer is considered.

Men are accomplices to that which leaves them indifferent
– George Steiner

1. Inleiding

Sedert die jare vyftig van die twintigste eeu was daar in Suid-Afrika ’n drastiese toename in verbode titels. Met die bewindsoorname van die Nasionale Party in 1948 was slegs 100 titels op die lys van verbode materiaal; in 1949 groei die syfers tot 200; in 1950 tot 400; in 1952 tot 800 en in 1955 tot 1 400 (Dick 2004: 32). Ampie Coetzee (voorwoord tot De Lange 1997: xi) verduidelik dat sensuurwetgewing onder die regering van die Nasionale Party (1948–1994) meer as net publikasiebeheer behels het: “Censorship is not only the control of publications, films, theatre and forms of art: it is the offspring of political control.”

Archie Dick (2004 en 2006) sluit hierby aan met sy werk oor die wyse waarop biblioteke en inligtingsbeamptes tydens die jare van sensuur aan die vernietiging van duisende boeke in munisipale oonde meegewerk het. Dié regeringsinisiatief was ’n poging om die leesgewoontes van die publiek te reguleer en nie net die “slegte” boek te vernietig nie, maar om in noue samewerking met die biblioteekgemeenskap ook die “goeie” boek te bevorder (Dick 2004: 31).

In 1956 word ’n kommissie deur die regering aangestel om ondersoek na ongewenste publikasies te doen. Die bevindinge in dié verslag is in September 1957 bekendgemaak en het strenger beheer van sowel ingevoerde as plaaslike materiaal tot gevolg gehad. Die eerste Publikasiebeheerraad word op 1 November 1963 in die lewe geroep en in die eerste sewe maande van die bestaan van die Raad word 504 titels verbied. Vyf jaar later, in 1968, staan die lys op ’n astronomiese 12 000 titels (Dick 2004: 32).

Onder die soekterm “objectionable literature” is meer as 22 950 individuele items by die Nasionale Argief van Suid-Afrika (NASA 2010) gelys. Die dokumente is nou hoofsaaklik in die Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap beskikbaar. Materiaal uit hierdie versameling is in die mees onlangse omvattende studie oor sensuurwetgewing in Suid-Afrika, naamlik Peter D. McDonald se *The literature police: Apartheid, censorship and its cultural consequences* (2009), bestudeer.

Een voorbeeld van ongewenste literatuur, bestaande uit drie leggers wat nou in die openbare domein is, is die ondersoek na die uiteindelijke verbod op die tweede digbundel van Wopko Jensma, *where white is the colour, where black is the number* (1974). Hierdie artikel stel vervolgens ondersoek in na die status van Jensma as skrywer, die verloop van die sensuursaak, die moontlike uitwerking daarvan op sy posisie in die letterkunde en ’n besinning oor die uitwerking van sensuur op kanonisering. Ten slotte kom die hersiening van die Afrikaanse literatuurgeskiedenis en die belangrikheid van boekgeskiedenis teen die agtergrond van nuwe inligting oor die skrywer kortliks ter sprake.

2. Wopko Jensma as digter en visuele kunstenaar

Wopko Pieter Jensma (1939–1993?) het tussen die jare sestig en tagtig opspraak verwek met sy gedigte en grafiese kuns. Talle van sy gedigte het in literêre tydskrifte verskyn, terwyl drie digbundels, naamlik *Sing for our execution* (1974), *where white is the colour, where black is the number* (1974) en *i must show you my clippings* (1977c), uit sy pen verskyn het.

Ten spyte van sy klein, maar betekenisvolle bydrae op die gebiede van die literatuur en die kuns is Wopko Jensma steeds grootliks ’n naam wat as ’t ware uit die geskiedenis verdwyn het. Tot onlangs is min navorsing oor sy lewe en werk gedoen, terwyl sy rol in die literêre (en kunswêreld) min aandag in Afrikaanse, Engelse en Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis kry.² McDonald (2009: 297) voer die volgende verklaring hieroor aan: “[W]ith only three slim books to his name, which never enjoyed a wide circulation, he remained a marginal presence on the literary landscape.”

Sedert die aanvang van ’n omvattende navorsingsprojek oor die lewe en werk van Jensma is heelwat dokumente en briewe in sowel die privaatbesit van vriende en familieleden as dokumente en korrespondensie uit die argiewe van NELM, NALN, enkele literêre tydskrifte en argiewe versamel. In laasgenoemde was die dokumentasie rondom Jensma se egskeiding in 1977 en dokumente rondom die verbod op Jensma se tweede digbundel, *where white is the colour, where black is the number*, van groot belang vir die navorsing.

Jensma is besonder goed deur tydgenootlike kritici ontvang en het deur resensies van sy bundels deur André P. Brink (1975), Lionel Abrahams (1975), A.J. (Ampie) Coetzee (1971), Leon de Kock (1977), Stephen Gray (1973a, 1973b en 1975),

William Pretorius (1977) en Peter Wilhelm (1973 en 1977) heelwat blootstelling in die media geniet. Hy word selfs gunstig met N.P. van Wyk Louw en Roy Campbell vergelyk (A.R. 1975: 8). In buitengewone positiewe resensies van sy bundels word daar gewys op die aansluiting wat Jensma se verse vind by N.P. van Wyk Louw se “Klipwerk”; D.J. Opperman se “Vuurbees”; gedigte van Boerneef, Breyten Breytenbach en, soos Brink (1975: 6) dit stel, ook by “Matthews, Serote, Mtshali [...], Leroi Jones, [Allen] Ginsberg, [Lawrence] Ferlinghetti, [Leonard] Cohen, en selfs, verrassend, [e.e.] Cummings”.³

Buiten vir sy literêre bydrae is Jensma ook deur die voorste kritici vir sy kunswerke geloof, en weens die aard van sy kreatiewe uitsette met veral die taalvermenging as hoofkenmerk van sy skryfwerk en “human-animal-plant-spirit-creatures” (Berman 1983: 197) in sy hout- en linosneë, sowel die eerste ware Suid-Afrikaner (Wilhelm 1973: 45) as ’n “[e]xercise in mind-expansion” (Abrahams 1975: 13) vir die Suid-Afrikaanse kuns- en literêre landskap genoem. Met die talle gedigte wat Jensma in die jare sestig en sewentig in literêre tydskrifte publiseer, sy belangrike drie digbundels, talle kunsuitstallings en afdrukke van sy grafiese werk het hy gou aandag getrek en redelik wyd bekend en omstrede geraak.

3. Die politieke situasie in Suid-Afrika en Jensma se poësie

Die gespanne politieke situasie in Suid-Afrika was veral tydens die tweede helfte van die twintigste eeu stremmend vir die literatuur. In 1974 is die Wet op Publikasies hersien en beheer verskerp; in 1975 word Breytenbach tot nege jaar tronkstraf gevonnissen en sy bundel, Skryt: *Om ’n sinkende skip blou te verf* (1972), verbied; die Inkatha Vryheidsparty se bedrywighede beleef ’n oplewing; die Afrikaanse Skrywersgilde word gestig; en in 1976 breek die Soweto-opstande uit. “In a divided society, words cannot be expected to carry the same value,” som Mafika Gwala (aangehaal in McDonald 2009: vi) dan ook dié situasie op.

Jensma het aandag getrek deur sy huwelik met die isiZulu-sprekende Lydia Thandi Thabete met wie hy in 1967 in Swaziland getroud is omdat so ’n huwelik strydig met die Suid-Afrikaanse Wet op Gemengde Huwelike sou wees, die aard van sy kunswerke en die groot mediablootstelling danksy kuns- en literêre resensente wat sy werk met die heersende politieke toestand in die land in verband gebring het asook sy aktiewe betrokkenheid by little magazines en die uitgewersbedryf.⁴ Brink (1975: 6) wys in sy resensie op die politiese aard van Jensma se tweede bundel: “Daar is momente waarin die strydvers onvermydelik vervlak tot ’n uitslinger van slagkrete of ’n opstapel van eendimensionele beskuldigings: dit lê in die aard en op die weg van hierdie soort vers. Dit wil ‘antipoësie’ wees: poësie as revolusie; digterskap geskep deur opstand.”

Ook in die Engelse media verskyn enkele resensies wat Jensma se tweede bundel met die heersende politieke situasie in verband bring. Bewus van die implikasies wat

hierdie werk van hom inhou, voorspel Abrahams (1975: 13) dat die boek opslae gaan maak: “[T]his book attempts to make a practical protest against that fragmentation by jolting us out of our insular habits of thinking. Whether it begins to succeed will be one topic in the debate that is sure to rage over this unusual book.”

Ironies genoeg het Jensma homself egter as “geheel en al a-polities” beskou (Jensma aangehaal in Wigget 1975), en hom sterk uitgespreek en verset teen Peter Horn se aanmoedigings om sy skryfwerk te verpolitiseer (Jensma 1966a, 1966b, 1967, 1968a en 1968b). “Jensma was always an extreme outsider figure who defied all forms of classification and allegiance both in his life and in his work,” aldus McDonald (2009: 297). Ook is hierdie houding duidelik in sy korrespondensie met Horn, wat op ’n hewige woordewisseling in briewe tussen dié twee uitgeloop het, maar ’n ooreenkoms is later bereik dat hulle ter wille van die vriendskap nie verder oor politiek met mekaar sou praat nie.

Die uitgewershuis Ravan Press (wat vir die publikasie van al drie Jensma se bundels verantwoordelik was) het verder ook tot Jensma se politieke profiel bygedra (McDonald 2009: 136). Ravan het grootskaalse politieke ongemak veroorsaak weens “a more radical publishing programme” (McDonald 2009: 136). In vergelyking met uitgewers soos David Philip en Ad. Donker, wat in dieselfde era boeke van min of meer dieselfde aard gepubliseer het, het Ravan veel erger onder die Direkoraat van Publikasies deurgeloopt. Meer as ’n kwart van hulle publikasies is gelys en meer as die helfte daarvan is uiteindelik verban. Hierteenoor is publikasies deur Sheila Roberts, Breyten Breytenbach, Mongane Wally Serote, Siphos Sepamla en Mafika Pasqual Gwala by ander uitgewers óf deurgelaat, óf vir korter periodes gelys (McDonald 2009: 136).

Uit die lesersverslag van M.G. Scholtz vir die eerste heraansoek deur die Direkoraat Suid-Afrikaanse Biblioteke in 1987 word die verantwoordelikheid van die uitgewer ook duidelik uitgespel in die misnoeë wat hy teen Jensma se digkuns uitgespreek het:

Dit is onbegryplik dat ’n uitgewer so iets kon aanvaar vir publikasie. Wat hierin verskyn getuig van swak smaak en kennis. Dit is ’n belediging en teleurstelling vir die leser wat enige vertroue stel in die uitgewer se vermoë om voor publikasie die kaf van die korrels te skei.

4. So was dit die geval met Jensma

Hoewel Jensma se eerste bundel, *Sing for our execution* (1973), ook voorgelê is aan die Direkteur van Publikasies, maar deurgelaat is (McDonald 2009: 136), is sy tweede digbundel, moontlik vanweë die groot hoeveelheid Afrikaanse materiaal, ernstiger deur die Direkoraat van Publikasies bejeën.

Op 21 Januarie 1975 rig kaptein G.J. Richter van die Suid-Afrikaanse Polisie en bevelvoerder van die Ficksburgbruggrenspos ’n skrywe aan die voorsitter van die

Raad van Beheer oor Publikasies in Kaapstad insake “onbetaamlike, onweloweglike en aanstootlike lektuur” met betrekking tot sowel Jensma se *Sing for our execution* en *where white is the colour, where black is the number* as *Ophir 20* (onder die redaksie van Peter Horn, Peter Randall en Walter Saunders, en die Britse redakteur Martin Booth) (Richter 1975). Op 24 Januarie 1975 word ’n aansoek vir oorweging en hersiening van ’n publikasie of voorwerp onder die Wet op Publikasies van 1974 as legger nommer P75/4/35 by die Direkoraat van Publikasies vir *where white is the colour, where black is the number* geopen.

“While the police, who submitted both his first volumes to censors, clearly considered Jensma a serious threat, the censors themselves were less sure. They passed *Sing for our Execution*, despite its politically provocative content, but they banned *where white is the colour [, where black is the number]*, even though they could make little sense of it” (McDonald 2009: 298).

Die vreemde taalgebruik en (on-)verstaanbaarheid van Jensma se literêre werk is deur die resesente uitgewys: Jensma se werk is “[anything] from American English through to slapgat Afrikaans [...]. [I]t is highly likely that the majority of his buyers won’t be even vaguely aware of what his hell-hole, melting-pot language says,” het Gray (1975) dit beskryf.

Dit is veral Brink (1975: 6) wat met groot lof van Jensma se besondere bydrae en taalvernuf skryf: “[N]aas verse in virtuose standaard-Afrikaans [...] of Engels [...] is daar ander waarin die Afrikaans, die Engels, die Fanagalo afsonderlik of gesamentlik verwing word tot ’n resultaat wat by wyle lyk na ’n mengsel van *Jabberwocky*, Blum se ‘Man wat mal word’ en Amerikaanse jazz of rock.” Hy waarsku egter: “Wie [...] hierdie as blote taalspel wil sien, kyk die verstommende dinkstruktuur onder en in die verse mis – en ontbeer daarmee een van die verstommendste ontwikkelings van ons inheemse literatuur.”

Die moeilikheidsgraad, verstaanbaar- en leesbaarheid van Jensma se gedigte waarna resesente verwys het, was inderdaad ’n kwessie waarvoor kop gekrap is. Die voorsitter van die Raad van Beheer oor Publikasies meld dat meer lede by die komitee gevoeg moes word, omdat hierdie “’n uiters moeilike geval is” en beveel aan dat twee lede, naamlik T.T. Cloete en A.H. Murray, by die paneel bestaande uit J.P. Jansen en H. v.d. Merwe Scholtz⁵ aansluit.⁶

Uit ’n handgeskrewe nota (in die legger) kan afgelei word dat daar in die geval van Jensma se bundel een dag toegelaat is vir lees, een dag vir koördinering en een dag vir beslissing (Jansen 1975). “Die besoldiging van ’n komitee is R20 per dag en van ’n voorsitter van ’n komitee R30 per dag” (Cloete 1975a en Scholtz 1974).

Scholtz (1975) dui in sy verslag aan dat nie al die gedigte ewe toeganklik is nie: “Sommige van hulle is idiomaties-ontoeganklik, maar baie van hulle dra meer as net maar suggesties van die smeulende opstand.” Hierteenoor merk hy dat sommige werke wel toeganklik én eksplisiet is.

Murray (1975) wys in sy leesverslag daarop dat:

Die argument sal gebring word dat die aard van hierdie geskrywe so ingewikkeld is dat die persone op wie dit 'n nadelige uitwerking mag hê – die aggitasie-tiepe [*sic*] – dit nie sal lees, of verstaan, nie. Daarteen: agiteerders staan onder leiding deur wie dergelike dinge alreeds versprei is; en verder: as een van hierdie tiepe [*sic*] van publikasies deurgelaat word word die weg oopgestel vir nog meer dergelike stukke. Ek meen hierdie bundel moet liewers afgekeur word.

Cloete (1975b) se verslag bied die omvattendste bespreking: Dit beslaan vyf bladsye en meer as 20 gedigte word individueel in terme van die wetgewing bespreek. Met betrekking tot Cloete se interpretasies van veral twee van die gedigte, wys McDonald (2009: 299) op die spekulatiewe aard daarvan “in a way that can only be described as extraordinarily but revealingly paranoid”.

Cloete (1975b) huldig 'n mening ooreenstemmend met dié van Murray (1975). In sy verslag skryf hy:

Ons moet nie vergeet nie dat 'n bundel soos hierdie nie alleen staan nie maar een is van vele wat vandag in Suid-Afrika verskyn – dink aan Breyten se *Skryt*, aan die gedigte van die swart digters Matthews, Kunene en Serote, onder andere. Dit word 'n hele dikke stroom, en moet mens nie betyds keer nie? Dit lyk my na 'n geval vir verbod.

Die kwessie van die Breytenbach-bundel kom ook in Murray (1975) se verslag voor, hoewel hy verduidelik dat Jensma se geval minder problematies as *Skryt* is. Dat Breytenbach egter 'n belangrike maatstaf was, word ook aangedui deur Cloete (1975c) se pleidooi by die Direkteur van Publikasies om ander keurders se verslae in hierdie verband te sien. In 'n brief (9.6.1975) skryf hy as naskrif:

Omdat ek wil kennis dra van my kollegas se argumente en norme, is dit vir my belangrik om die rapporte te sien van die ander lede van die komitee wat oor *Skryt* besluit het, en die finale rapport. Ek sal bly wees as u my fotostatiese afdrukke daarvan kan stuur. Dit is vir my hoogs belangrik vir toekomstige beleid om te sien hoe die ander lede van die komitee oor *Skryt* geoordeel het. Ek hoop nie dat u my van lastigheid verdink nie. Ek wil baie graag weet hoe die ander lede hieroor redeneer. In die ou bedeling het ons immers mekaar [*sic*] se rapporte gesien, en dit is veel werd vir uniforme beleid en norme in ernstige gevalle. Dit geld trouens ook vir die geval Jensma.

Cloete ontvang hierdie dokumente “vir u vertroulike inligting en veilige bewaring” en ook 'n vriendelike bedanking vir sy voorstelle aangaande die betalings aan die lede van die komitee. Hy word geloof vir sy betrokkenheid by die Direktoraat (Pretorius 1975):

'n Woord van dank word deur die Direkoraat aan u oorgedra vir u gewaardeerde hulp en samewerking as letterkundige onder die nuwe bedeling in die aangesig van onredelike en ongegronde kritiek uit sommige oorde oor die werk van komiteede wat hulle in alle goeie trou en nie met subjektiewe vooroordele doen nie.

5. Toepassing van die Wet op *where white is the colour, where black is the number*

Die Wet op Publikasies van 1974 is ingestel

[o]m voorsiening te maak vir beheer oor sekere publikasies of voorwerpe, rolprente en openbare vermaaklikhede; om die Poswet, 1958, te wysig; om die Wet op Publikasies en Vermaaklikhede, 1963, te herroep; om die Docane- en Aksynswet, 1964, en die Wet op Onbetaamlike of Onweloweglike Fotografiese Materiaal, 1967, te wysig; en om vir bykomende aangeleenthede voorsiening te maak.

Afdeling 47(2), wat betrekking het op publikasies en eenparige uitsprake betreffende onderafdelings c, d en e in die geval van Jensma beteken het, word as volg verwoord:

(2) By die toepassing van hierdie Wet word 'n publikasie of voorwerp, rolprent, openbare vermaaklikheid of voorgenome openbare vermaaklikheid geag ongewens te wees te wees indien dit of 'n deel daarvan –

- (a) onbetaamlik of onweloweglik of vir die openbare sedes aanstootlik of skadelik is;
- (b) godslasterlik is of vir die godsdienstige oortuigings of gevoelens van enige bevolkingsdeel van die Republiek aanstootlik is;

(c) Enige bevolkingsdeel van die Republiek belaglik of veragtelik maak:

Jansen (1975), Scholtz (1975) en Cloete (1975b) meen dat gedigte soos “Waarom dink julle?” (p. 9); “Only us” (pp. 13–15); “Jy het nie haas nie, nie tyd nie” (p. 35); en “Oom Soois is dragtig” (p. 55) beledigend teenoor die blanke is, hulle in 'n slegte lig stel, of dat die uitbeelding van die Afrikaner as onderdrukker in gedigte soos “Is dit jy?” (p. 56) en “Lemme tell” (p. 90) problematies is. “Hy [die blanke Afrikaner] word voorgestel as gewelddoener, as rower, skynheiligheid, ensovoorts. Die nieblanke word voorgestel as die onderdrukte, die mishandelde” (Jansen 1975). Jansen (1975) voel ook dat die uitbeelding van die polisie (p. 67) dié veiligheidsdiens in 'n slegte lig stel, terwyl Cloete (1975b) die vernederende voorstelling van die Calvinis toevoeg in gedigte soos “Die halte Calvin” (p. 12), “Sir and Lady Toothpick caught in the act” (p. 28) en “Ons is gister” (p. 50).

(d) Vir die betrekkinge tussen enige bevolkingsdele van die Republiek skadelik is:

Jansen (1975) wys daarop dat minstens ses van die gedigte skadelik vir rasseverhoudings is, onder meer “Hide his head” (p.23). Die voorsitter lig die gebruik van die woord “Azania [...] die naam wat deur die terroriste vir ons land gebruik word” uit (Jansen 1975) in sowel “In memoriam Ben Zwane” (p. 33) as die verwysing na Bram Fisher as “óns bo-baas” in die gedig “Bram Fisher gasink” (p. 18), wat as Kommunisties beskou moet word. Ook Scholtz voel dat die gedig met verwysing na Fisher patroonmatig is van wat in die bundel bewerkstellig word. In aansluiting hierby voel Cloete (1975b) dat die gebruik van die rooi kleur in die gedig “Umlilo [so hell]” (p. 27) dalk ’n direkte verwysing na die Kommunistiese rooi kan wees.

(e) Vir die veiligheid van die Staat, die algemene welsyn of die vrede en goeie orde nadelig is:

Jansen (1975) lig drie gedigte uit wat as “staatsgevaar” beskou kan word; Scholtz (1975) verwys na gedigte wat as oproep tot geweld teen blankes beskou kan word en Cloete (1975b) meen dat gedigte soos “Only us” (pp. 13–15), “As he strolls in” (p. 17), “Cry me a river” (p. 19), “Toll” (p. 26) en “Umlilo, so hell” (p. 27) as aanmoediging tot gewelddadige opstand beskou kan word. Jansen wys op die versugting na ’n revolusie wat sigbaar is in gedigte soos “Only us”, “Only the best” (p. 21), “Noudat dit te laat is” (p. 58) en “Laughing competition to amuse the king on freedom square” (p. 67); en Cloete (1975b) na “Trains on platform nine stop at all stations” (p. 45) as ’n bevrydingslied.

Hoewel Jansen (1975) die name uitlig van Bob Dylan en Mirian (sic) Makeba wat in die foto-collages sigbaar is, voel Scholtz dat hy geen beswaar teen die foto’s het nie, “trouens, ook nie teen die tekening nie. Dit is flitse van die verstedelike Bantoe, met hier en daar suggestiewe maar geensins aanstootlike jukstaposisie nie” (Scholtz 1975).

Oor die literêre waarde is daar nie eenstemmigheid nie. Hoewel sowel Jansen (1975) as Murray (1975) meen dat hierdie bundel min of geen literêre waarde het nie, voel Scholtz (1975) anders. Murray verduidelik dat hy estetiese kwaliteit mis: “Ek meen dat die literêre kwaliteit hier nie juis hoog is nie” (Murray 1975), terwyl Scholtz skryf: “ek kan hom nie literêr as minderwaardig afskrywe nie” (Scholtz 1975). Die voorsitter maak wel in sy gevolgtrekking melding dat Jensma se publikasie “iets nuut in die Suid-Afrikaanse letterkunde” is én dat Scholtz meen Jensma ’n soort “robuuste talent het”. In die finale verslag skryf hy egter: “dit is vir my duidelik dat hierdie boek nie deurgelaat kan word nie, wat ook al sy literêre waarde mag wees – wat, ek meen nie heel hoog is nie. Die inhoud is bewus grieuwe-kwekend en aanporrend” (Jansen 1975).

Brink (1975: 6) wys in sy resensie op die belangrikheid van Jensma vir die literêre bestel: “Wie nie kennis neem van Wopko Jensma se poësie nie, is uit voeling met van die ingrypendste en sterkste kreatiewe werk wat daar vandag – in weerwil van sensuur en reëlreg téén sensuur in – in Suid-Afrika verrig word.” Van hierdie uitspraak dra die komiteevoorsitter (Jansen 1975) kennis (hy haal selfs uit die resensie aan), maar dit maak geen verskil aan die mening of die oorweging nie: die komitee besluit eenparig dat die boek verbied moet word, met geen gronde vir appèl.

Jensma se bundel (en ’n verdere 24 publikasies) word ses maande na die verskyning daarvan op 28 Junie 1975 in die Staatskoerant verbied (Anoniem 1975).

“The ban placed on an anthology of Wopko Jensma’s poetry was yesterday described by the book’s publisher as ‘impoverishing all of us – including those who do the banning because it denied the sharing of an artistic insight’,” het Peter Randall (destydse direkteur van Ravan Press, aangehaal in die *Rand Daily Mail*, 1975) hom teen die verbod in die media uitgespreek. Verder voel hy dat die aanval op die poësie tot groot kommer behoort te wees vir diegene wat in die behoud van vryheid van denke, uiting en beweging glo. McDonald (2009: 288) verduidelik dat digters soos Dennis Brutus, Breytenbach, Horn, Ingoapele Madingoane, Jensma, Mazisi Kunene, James Matthews en Daniel P. Kunene ’n groot probleem vir die regering is: “[T]he poets the censors believed posed the greatest threat to the established order.”

Kort na die verbod voer ’n joernalis ’n onderhoud met Jensma. Soos blyk uit die volgende aanhaling, was hy oënskynlik min gepla deur die verbod (Jensma aangehaal in Wigget 1975):

To have one’s book banned in this country is to be given a literary prize (...). It is at least some indication that people are reading one’s work and one should take it as an honour (...). Politicians always think they know so much about art and culture. As in Russia, they attach far too much importance to literary people.

Hoewel hy geen direkte redes kan gee waarom hy dink die werk verbied is nie, voeg Jensma by: “Perhaps I have looked into the ills of this particular society and present too much of a threat. But I can assure you of one thing. Old Tannie Sannie from Blikkiesdorp is not going to read my poetry” (Jensma aangehaal in Wigget 1975). In sy latere korrespondensie met Walter Saunders dui hy sy ongelukkigheid met die berig aan: “The local paper phoned me one day about the banning of my book and I made some statements which they printed incorrectly” (Jensma aan Saunders 1975) en rig hy herhaaldelike korrespondensie tot die Direktoraat. Dit is duidelik dat die verbanning van sy boek wel groot ongemak by hom veroorsaak het (Jensma 1976, 1977a en 1977b).

6. Hernude aansoeke en navrae word gerig

Jensma rig twee versoeke (September 1976 en September 1977a) tot die Direktooraat van Publikasies om te hoor wat die redes vir sowel die verbod as die voorwaardes vir heroorweging en vrystelling was. Die bedrag om appèl beloop R25 – ’n bedrag wat Jensma reeds volgens die bogenoemde koerantonderhoud aangedui het hy nie sal kan bekostig nie (Wigget 1975). Op 1 November skryf Jensma aan die Direktooraat dat die Afrikaanse Skrywersgilde ingewillig het om die bedrag te betaal (Jensma 1977b).

Op 28 Desember 1977 word die bundel aan Jensma teruggestuur nadat die Afrikaanse Skrywersgilde nie met ’n skrywe aan die Publikasieraad of die geld vorendag kon kom nie (Lighton 1977).

Op 5 Junie 1979 doen Mike Kirkwood (1979) namens Ravan Press navraag om die verbod te heroorweeg met die hoop dat die verbod gelig sal word. Ook hulle betaal nie die R25 nie, waarskynlik omdat so baie van hulle publikasies by die verskyning daarvan verbied is (Van Zyl 2008). Daar kom ook niks van dié versoek nie.

Die Wet op Publikasies van 1974 word in 1977 sodanig gewysig dat literêre werke met ’n beperkte leserspubliek aan minder streng oordeel onderworpe sou wees en dat redes verskaf moet word as ’n publikasie deur die Direktooraat ongewens verklaar word.

Jensma se appèl sou in die lig van die literêre aard van die publikasies wat in onder meer sowel die reeds genoemde resensies as Scholtz (1975) se verslag uitgespreek is, na alle waarskynlikheid onder die nuwe wetgewing sukses gehad het. Op 16 September 1987 rig die Direktooraat Suid-Afrikaanse Biblioteek egter ’n onsuksesvolle heraansoek om vrystelling tot die Direktooraat van Publikasies nadat ’n verslag van prof. M.G. Scholtz (1987) aangevra is. Hierin skryf Scholtz:

Wat in Wopko Jensma se ‘where white is the colour where black is the number’ saamgebundel word, is moeilik om te sê. Daar is diegene wat dit seker as poësie sal bestempel, maar volgens my is dit die grootste klomp onsin en snert wat ek vir ’n lang tyd onder oë gehad het. Dit handel oor allerlei sake soos die liefde, haat, religie, die uitbuiting van swart deur wit, die oneerlikheid en huigelry van die witman, ’n openlike gespot met waardes wat die witman s’n sou wees en allerlei soorte banaliteit. Dit word egter op so ’n wyse aangebied dat min lesers die moeite sal doen om dit enduit te lees. Diegene wat dit wel sou doen, sal dit uiteindelik met ’n gevoel van onvergenoegdheid en irritasie toemaak met die wete dat hulle hul tyd beter kon benut het. Die idiolek wat Jensma gebruik is dikwels moeilik verstaanbaar en baie gekunsteld. Dit irriteer eerder as wat dit vermaak of boei.

Ondergetekende kon werklik niks in hierdie werk vind wat dit in terme van die Wet op Publikasies ongewens sou maak nie. Dit is ’n werk met min of geen artistieke verdienste nie. [...] Hierdie publikasie behoort met die minagting wat dit verdien bejeën te word. Slegs diegene wat die siektesimptome vertoon wat orals uit hierdie teks spreek, sal hierdie werk kan lees. Ek

beveel in die lig van die bogenoemde aan dat geen beperking op die verspreiding van hierdie werk geplaas word nie.

Hierdie de-literariserings van Jensma se teks maak dit vir die Publikasieraad moeilik om tot 'n besluit te kom. 'n Tweede en derde mening word gevra, wat bevind het dat die vorige verslae ook in ag geneem moet word.

Op 28 Oktober 1987 word besluit dat die vorige komitee se besluit van krag sal bly.

In 1990 word 'n volgende aansoek aan die Direkoraat gerig, hierdie keer deur mev. N. van der Walt (1990), Hoof van die Diensafdeling van die J.S. Gericke Biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch. Die Stellenbosse filosoof, A.A. van Niekerk (1990), skryf in sy leesverslag positief oor die ontvangs en die "lofprysings op die agterblad" en meen dat "niks so ernstig [is] dat art. 47(2)e-belange wesenlik in die gedrang kom nie."

Op 29 Junie 1990 word die verbod op *where white is the colour, where black is the number* in die Staatskoerant (Goewermentskennisgewing 1990) tersyde gestel. Vir Jensma het dit egter min beteken. Hy is teen hierdie tyd weens skisofrenie reeds so afgetakel dat hy permanent by die Heilsleër in Hillbrow tuisgegaan en sy dae onder die haweloses van Johannesburg deurgebring het. So skryf die sosioloog Eddie Koch en Gavin Evans (1991: 54–55) oor hom:

Today, at the age of 52, he [Jensma] spends his days looking for food, old books and other paraphernalia on the streets of the city. At night he sleeps in a tiny matchbox of a room set aside for him in the Salvation Army dormitory. [...] Do you still paint the fine pictures that once appeared in the galleries in Johannesburg? Do you still write poetry?

The reply is simple. 'No!' And it's followed by a stream of random thoughts and incoherent sentences. His fellow inmates at the shelter say Jensma's mad. [...] 'I don't want to be interviewed. If you want to say something about me go and read my poems. They will tell you about my life.'

7. Samevatting

Die lotgevalle van Wopko Jensma se *where white is the colour, where black is the number* verskaf sekere insigte in die werking van die sensuurmasjinerie van die 1970's en 1980's. Hierdie besondere geval word welsiwaar gekompliseer deur die aard van sy skryfwerk, wat soms baie ontoeganklik is en tot vreemde uitsprake van tydgenootlike letterkundiges gelei het. Die letterkundiges wat by die beoordeling van die digbundel vir die Publikasiebeheerraad betrokke was, het in bepaalde opsigte in die "slagyster" getrap wat Jensma met sy werk gestel het (kyk veral M.G. Scholtz se skreiende opmerkings) en was klaarblyklik onseker oor die rol van literêre meriete of ander maatstawwe in hulle aanbevelings. Dit is moontlik dat die verbanning van die digbundel bygedra het tot die marginalisering én stigmatisering van die skrywer in veral die Afrikaanse maar ook in die Suid-Afrikaanse literêre sisteme en

'n voortgesette herwaardering van sy werk is daarom nodig.

Dokumente wat meer oor die prosesse en rolspelers van die destydse sensuurwetgewing aan die lig bring, maak 'n meer geskakeerde Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenis moontlik. Toegang tot dokumente rondom sensuur wat vroeër nie beskikbaar was nie, kan verskuiwings in die posisie van 'n skrywer soos Jensma binne die kanon meebring. Sulke dokumente kan ook betekenisvol wees in 'n te skrywe geskiedenis van die Afrikaanse boek. Die dokumente in die Nasionale Argief van Suid-Afrika is tewens 'n vonds vir navorsers en belangstellendes in die geskiedenis van die boek, want “[t]he history of reading can tell us something about the history of ideas that shaped historical events in South Africa. This is a difficult but not impossible task. (...) More importantly, collaboration between book historians and library historians would reveal something of the character of South Africa’s reading culture”, verklaar Dick (2006: 37).

Universiteit van Pretoria

Bronnelys

- A.R.** 1975. Jensma’s new way uncertain. (Review of *where white is the colour, where black is the number.*) *Cape Herald*, 1 March: 8.
- Abrahams, Lionel.** 1975. Exercise in mind-expansion. (Review of *where white is the colour, where black is the number.*) *Rand Daily Mail*, 6 January: 13.
- Alvarez-Pereyre, Jacques.** 1983. *The poetry of commitment in South Africa*. London: Heinemann.
- Anoniem.** 1975. Digbundel van Jensma verbied. *Beeld*, 28 Junie.
- Berman, Esmé.** 1983. *Art & artists of South Africa: An illustrated biographical dictionary and historical survey of painters, sculptors & graphic artist since 1875*. Cape Town and Rotterdam: A. A. Balkema.
- Brink, André P.** 1975. Jensma bevestig sy uniekheid. [Resensie van *where white is the colour, where black is the number.*] *Tydskrif-Rapport* ('n tydskrifbylaag tot *Rapport*), 2 Maart: 6.
- Brink, André P.** (samest.). 2000. *Groot verseboek 2000*. Kaapstad: Tafelberg.
- Brink, André P.** (samest.). 2008. *Groot verseboek* (in drie dele). Kaapstad: Tafelberg.
- Chapman, Michael.** 2003. *Southern African literatures*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Cloete, T.T.** 1975a. Censor Application Form Cloete 1975 (Portable Document Format) beskikbaar by: <http://www.theliteraturepolice.com/documents/> (Besoek op 23 Februarie 2009.)
- Cloete, T.T.** 1975b. W. Jensma: *where white is the colour*. (Leesverslag.) Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Cloete, T.T.** 1975c. Brief aan die Direkteur van Publikasies – 16/6/75. Argief en

- Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Cloete, T.T.** 1980. *Die Afrikaanse literatuur sedert Sestig*. Goodwood: Nasou.
- Coetzee, A.J.** 1971. "Politick" in skilder se gedigte. (Resensie van *Sing for our execution*.) 11 April.
- Coetzee, Ampie.** 1997. Introduction. In: De Lange, Magreet. *The Muzzled Muse: Literature and Censorship in South Africa*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- De Kock, Leon.** 1977. Die digter is wat hy wil wees. (Resensie van *i must show you my clippings*.) *Beeld*, 19 September: 6.
- De Lange, Magreet.** 1997. *The muzzled Muse: Literature and censorship in South Africa*. Amsterdam/Philadelphia: John Benjamins Publishing Company.
- Dick, Archie.** 2004. Book burning and the complicity of South African librarians, 1955–1971. *Innovation* 28: 31–40.
- Dick, Archie L.** 2006. Book history, library history and South Africa's reading culture. *South African Historical Journal* 55: 33–45.
- Du Toit, S.F.** 1979. Brief aan Mike Kirkwood vanaf Director of Publications – 22/6/79. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Foster, Ronel en Viljoen, Louise** (samests.). 1997. *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960*. Kaapstad: Tafelberg.
- Goewermentskennisgewing.** 1990. Tersydestelling van verklaring dat publikasies ongewens is: 29 Junie.
- Gray, Stephen.** 1973a. Jensma is natuurlike talent. (Resensie van *Sing for our execution*.) *Tydskrif-Rapport*. 17 Junie.
- Gray, Stephen.** 1973b. Poetry in progress. (Review of *Sing for our execution*.) *Star Literary Supplement*, 22 Junie.
- Gray, Stephen.** 1975. Not a bad start to the 1975 publishing year. (Review of *where white is the colour, where white is the number*.) *The Star*, 6 February.
- Gray, Stephen.** 1979. *Southern African literature: An introduction*. Cape Town: David Philip.
- Jansen, J.P.** 1975. Wet op publikasies, 1974: Werksdokument vir deelydse komitee. (Leesverslag.) Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Jensma, Wopko.** 1966a. Letter to Peter Horn. 8 December. NELM.
- Jensma, Wopko.** 1966b. Letter to Peter Horn. 29 December. NELM.
- Jensma, Wopko.** 1967. Letter to Peter Horn. 16 January. NELM.
- Jensma, Wopko.** 1968a. Letter to Peter Horn. 9 January. NELM.
- Jensma, Wopko.** 1968b. Letter to Walter Saunders. 19 June. NELM.
- Jensma, Wopko.** 1973. *Sing for our execution*. Johannesburg: Ravan Press.
- Jensma, Wopko.** 1974. *where white is the colour, where black is the number*. Johannesburg: Ravan Press.

- Jensma, Wopko.** 1975. Brief aan Walter Saunders –21/7/75. Walter Saunders/Ophir-korrespondensie.
- Jensma, Wopko.** 1976. Brief aan die Publikasieraad – 8/9/76. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Jensma, Wopko.** 1977a. Brief aan die Direktoraat van Publikasies – 14/9/1977. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer no. P75/4/35.
- Jensma, Wopko.** 1977b. Brief aan die Direktoraat van Publikasies – 1/11/1977. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Jensma, Wopko.** 1977c. *i must show you my clippings*. Johannesburg: Ravan Press.
- Kannemeyer, J.C.** 2005. *Die Afrikaanse literatuur 1652–2004*. Kaapstad en Pretoria: Human & Rousseau.
- Kirkwood, Mike.** 1979. Brief aan Publications Directorate – 11/6/1979. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Kleyn, Leti & Marais, Johann Lodewyk.** 2010a. Wopko Jensma: 'n Profiel. (Ongepubliseerde manuskrip.)
- Kleyn, Leti & Marais, Johann Lodewyk.** 2010b. Wopko Jensma en die soeke na 'n nuwe (Suid-) Afrikaanse identiteit. *Tydskrif vir Letterkunde* 47(1): 5–24.
- Koch, Eddie & Evans, Gavin.** 1991. The hobo life. *Penthouse*. September: 53–55, 106–108.
- Komrij, Gerrit** (samest.). 1999. *De Afrikaanse poëzie in duisend en enige gedichten*. Amsterdam: Bert Bakker.
- Lighton, R.E.** 1977. Brief aan Wopko Jensma vanaf Direkteur van Publikasies –28/12/77. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- McDonald, Peter M.** 2009. *The literature police: Apartheid, censorship and its cultural consequences*. Oxford: Oxford University Press.
- Murray, A.H.** 1975. Kommentaar op W. Jensma “where white is the colour ...” [Leesverslag.] Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- National Archives of South Africa.** 2010. Databasissoektog, soekterm: “objectionable literature”. Besikbaar by: <http://www.national.archsrch.gov.za/sm300cv/smws/sm300ds?2010022314182323883682> (Besoek op 23 Februarie 2010.)
- Pretorius, J.L.** 1975. Brief aan prof. T.T. Cloete – 4/7/1975. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Pretorius, William.** 1977. Wopko Jensma and Chris Mann: Rough and smooth. (Review of *i must show you my clippings*.) *Tydskrif-Rapport*, 25 September: 14.
- Richter, G.J.** 1975. Onbetaamlike, onwelvoeglike en aanstootlike lektuur. (Brief aan Raad van Beheer oor Publikasies.) 21/1/75. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Saunders, Walter.** 2008. In gesprek met Leti Kleyn. 22 April.

- Scholtz, Merwe.** 1974. Censor Application Form Merwe Scholtz 1974 (Portable Document Format.) Beskikbaar by: <http://www.theliteraturepolice.com/documents/> (Besook op 23 Februarie 2009.)
- Scholtz, M.G.** 1987. Leesverslag. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/275 lêer nommer: P87/9/96.
- Scholtz, Merwe.** 1975. Leesverslag. Wopko Jensma: Where white is the colour where black is the number (P 75/4/35). Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/1 lêer nommer: P75/4/35.
- Staatskoerant van die Republiek van Suid-Afrika.** 1974. Wet op Publikasies. Wet No. 42.
- Van Coller, H.P.** (samest.). 1998. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel I. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P.** (samest.). 1999. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel II. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van Coller, H.P.** (samest.). 2006. *Perspektief en profiel: 'n Afrikaanse literatuurgeskiedenis*. Deel III. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Van der Walt, N.** 1990. Application for a decision/review –21/5/90. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/275 lêer nommer: P90/05/44.
- Van Niekerk, A.A.** 1990. Leesverslag. Argief en Rekorddiens van die Wes-Kaap, IDP 3/275 lêer nommer: P90/05/44.
- Van Zyl, Danie.** 2008. In gesprek met Leti Kleyn. 15 Mei.
- Van Wyk, Johan; Conradie, Pieter; & Constandaras, Nik** (samests.). 1988. *SA in poësie/SA in poetry*. Pinetown: Owen Burgess.
- Wilhelm, Peter.** 1973. A voice for the people. [Review of *Sing for our execution.*] *To The Point*, 30 June, 45.
- Wilhelm, Peter.** 1977. Nog 'n drie. [Review of *i must show you my clippings.*] *Snarl: A Critical Review of the Arts*, 6: 1–2.
- Wigget, H.** 1975. An honour to have your work banned. *The Cape Argus*, 10 July.

Note

1. Uit die gedig “oom Soois is dragtig” (Jensma, 1974: 55).
2. “Gardiner [...], wat die enigste uitgebreide artikel oor Jensma se Afrikaanse gedigte die lig laat sien het, het onvermoed gewerk aan die kanoniserings van Jensma in die Engelse literatuur” (Kleyn & Marais 2010b: 5). Hy het egter beperkte sukses daarmee behaal. Jensma word slegs kortliks vermeld in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis van J.C. Kannemeyer (2005), T.T. Cloete (1980) en H.P. van Coller (1999 en 2006), en word ook in die Engelse literatuurgeskiedenis van Stephen Gray (1979) en Michael Chapman (2003) tot enkele verwysings en voetnote gereduseer.
3. Wat betref bloemlesings is die nalatenskap van Jensma beter daaraan toe. In André P. Brink (samest.) se *Groot verseboek 2000* (2000) en *Groot verseboek in drie dele* (2008); Ronel Foster en Louise Viljoen

(samests.) se *Poskaarte: Beelde van die Afrikaanse poësie sedert 1960* (1997); Johan van Wyk, Pieter Conradie en Nik Constandaras (samests.) se *SA in poësie/SA in poetry* (1988); en Gerrit Komrij (samest.) se *De Afrikaanse poëzie in duisend en enige gedichten* (1999) is enkele van sy gedigte opgeneem.

4. Hy het vir die duur van *Ophir* se bestaan (1967–1976) meer as 70 gedigte daarin gepubliseer. “In *Ophir* [...] social, racial and political themes became the subject of poetry and the work that was published, drawn from all parts of the world, broke down South African narrow horizons” (Alvarez-Pereyre 1983: 36). Stigters, redakteurs en uitgewers van *Ophir*, die drietal Walter Saunders (aan wie Jensma se tweede bundel opgedra is), Peter Horn en Michael Macnamara, het deur Horn met Jensma kontak gemaak, waarna hy ’n belangrike bydraer geword het. “It gave a very special feeling to the magazine, having so much Wopko in it. *Ophir* had a very distinct quality and Wopko contributed to this. The presence of Wopko gave the magazine a definite character” (Saunders, 2008).

Jensma was sedert sy studentejare aktief op literêre terrein. Hy het in *Sestiger* en *Standpunte* gepubliseer; as vertaler (Duits na Afrikaans) by die Afrikaanse Pers Boekhandel gewerk; ’n eie literêre tydskrif vanuit Botswana op die been probeer bring en werk van skrywers uit Afrika vir publikasie versamel en aan plaaslike tydskrifte versprei. Verder het hy ook grafiese werk en gedigte vir onder meer *Contrast*, *Wurm*, *Purple Renoster*, *Izwi*, *The Classic* en *Snarl* gelewer en in sommige gevalle is die omslagontwerpe ook deur hom gedoen. “[Sy] grafiese werk [...] is orals te vinde: op stofomslae kom sy werk só dikwels voor dat Suid-Afrikaanse skrywers mekaar graag spottend vra: Het jy ’n Wopko-omslag of nie?” het Gray (1973a) by geleentheid opgemerk.

5. In Cloete (1975a) en Scholtz (1974) se aansoek om op die naamlys van die Departement van Binnelandse Sake se sensuurkomitee gevoeg te word, word aangedui dat albei aan die NG Kerk behoort, D.Litt. et Phil.-grade in die letterkunde in Amsterdam behaal het en by ’n verskeidenheid literêre aktiwiteite betrokke is.
6. “The censor is in several respects a special kind of reader. He is a reader with the power to suppress a text and make it unavailable for other readers. He is also a reader who often does not honour the aesthetic conventions for the interpretation of literature. He reads a literary text as a statement about the world, as a message with only a referential function, ignoring its poetic function. There is, therefore, a discrepancy between the censorious reader and the literary reader” (De Lange 1997: 1). Dit blyk ook die geval ten opsigte van Jensma te wees.

“Die lied van die nuwe jong Suid-Afrika”: Die representasie van vervreemding in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek

Burgert Senekal

Music is a familiar medium through which protest against unwanted socio-political realities are recorded. This article elaborates on Hermann's (2009) insights in this regard by suggesting that contemporary Afrikaans protest music articulates alienation among the Afrikaans youth. The manifestation of powerlessness, meaninglessness, normlessness and social isolation within the framework of in particular Seeman (1983), Geyer (2001) and Ross, Mirowsky & Pribesh (2001), is examined by discussing the lyrics of Afrikaans protest songs that were recorded since 1994. The article shows how common and widespread especially powerlessness and social isolation are in these songs, both because of a perceived lack of political power, and the omnipresent threat of crime.

1. Inleiding

Musiek is 'n alombekende medium deur middel waarvan protes teen ongewenste sosio-politieke realiteite aangeteken word. Van die bekendste Amerikaanse liedjies uit die Viëtnam-era, byvoorbeeld Joe McDonald se “Feel like I’m fixin’ to die” (1967) en Creedence Clearwater Revival se “Fortunate son” (1969), is uitgesproke protesliedjies. In 1988 het White Power groepe in Uppsala, Swede, tydens die Rock Against Communism fees bymekaargekom, en dit teen die agtergrond van 'n regering wat gedurende die tagtigerjare onder andere tot die begrotings van die ANC én SWAPO bygedra het. As 'n onbewustelike spieëlbeeld van hierdie gebeurtenis in Swede, organiseer Koos Kombuis, Bernoldus Niemand en Johannes Kerkorrel in 1989 die Voëlvy-toer, wat onder andere protes aanteken teen die destydse Nasionale Party-regering se oorlog teen sogenaamde bevrydingsbewegings.

Dirk Hermann (2009) noem dat vervreemding, soos ondervind deur die Afrikaanse jeug, in Afrikaanse liedjies verwoord word. Afrikaanse protesmusiek het gedurende die afgelope twee dekades 'n oplewing ondervind, en 'n mens kan jou inderdaad afvra of dit nie ten minste deels toegeskryf kan word aan die gevoel van vervreemding onder die jeug nie. Daarom poog hierdie artikel om die representasie van vervreemding in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek onder die loep te neem. Die term “protesmusiek” word gebruik om na liedjies wat sosio-politieke kwessies aanspreek te verwys, byvoorbeeld die gevoel van uitsluiting uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap, asook die bedreiging deur misdaad. Verveemding kan egter in 'n verskeidenheid kontekste manifesteer, byvoorbeeld binne liefdesverhoudings (sien Neal & Collas, 2000), of tussen generasies of subkulture (sien byvoorbeeld Senekal, 2009). Vir doeleindes van hierdie studie sal egter uitsluitlik gekonsentreer word op liedjies wat sosio-politieke kwessies

aanspreek. Dit klem sal ook geplaas word op hierdie liedjies se lirieke eerder as musiekstyle. Die oogmerk is om vas te stel of vervreemding inderdaad in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek verwoord word, hoe dit gedoen word en watter sosio-politieke kwessies binne die raamwerk van vervreemding aangespreek word. Die term “hedendaags” word gebruik om na liedjies wat ná 1994 verskyn het te verwys, aangesien hierdie jaar uiteraard ’n belangrike skeiding in die geskiedenis van Suid-Afrika verteenwoordig.

2. Vervreemding in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek

As gevolg van die verskillende teoretiese assosiasies van die term *vervreemding*, kan die konsep nie sinvol binne ’n akademiese konteks aangewend word sonder om dit eers te omskryf nie. Devorah Kalekin-Fishman (1998: 6) definieer *vervreemding* binne die sosiologie as verwysend na “the distancing of people from experiencing a crystallized totality both in the social world and in the self”. Hierdie geïmpliseerde verhouding van een entiteit tot ’n ander is ook in Geyer (2001: 390) se definisie teenwoordig, waar *vervreemding* as volg gedefinieer word:

a subjectively undesirable separation from something outside oneself (the means of production, God, money, status, power, the majority group to which one does not belong, etc.) or even inside oneself (one’s ‘real’ inner feelings, drives or desires, as in the concept of self-alienation).

Die konsep van *vervreemding* is veral uit die geskrifte van Marx, Weber en Durkheim bekend. Dit was egter Melvin Seeman wat in 1959 ’n model uitgewerk het aan die hand waarvan *vervreemding* ontleed kan word. Hy onderskei tussen vyf aspekte van *vervreemding*: magteloosheid, betekenisloosheid, normloosheid, sosiale isolasie en self-*vervreemding*. Later het hy ’n sesde aspek bygevoeg: kulturele *vervreemding*. Self-*vervreemding* word nie in die huidige studie bespreek nie, hoofsaaklik as gevolg van die problematiek rondom die definiëring van die self (sien Senekal, 2008: 49-58). Kulturele *vervreemding* op sy beurt kan met groter vrug ondersoek word in ’n studie wat die net wyer as bloot protesmusiek gooi. Die fokus val dus slegs op magteloosheid, betekenisloosheid, normloosheid en sosiale isolasie, hoofsaaklik aangesien Geis & Ross (1998), Mirowsky & Ross (1983), en Ross, Mirowsky & Pribesh (2001) juis aandui hoe verwickeld hierdie aspekte is in omgewings waar hoë vlakke van misdaad voorkom.

2.1 Magteloosheid

Geyer (1994, 1996 en 2001) stel dit dat die aard van *vervreemding* oor die laaste paar dekades verander het, aangesien die wêreld meer kompleks geword het, maar dat sogenaamde *klassieke vervreemding* – dié wat deur Seeman bespreek is – steeds

bestaan (Geyer, 1996: xiv). Magteloosheid is nou nie meer alleen die persepsie dat 'n persoon se aksies nie die gewenste uitkomst kan oplewer nie (Seeman, 1959: 784), maar ook word die moderne mens gebombardeer met wat Geyer (1994: 21) 'n "relative overchoice of output options" noem. Magteloosheid tree dus in wanneer die individu nie die gepaste handeling kan identifiseer wat kan lei tot die bereiking van sy objektiewe nie, beide omdat hy nie genoeg opsies het nie, én omdat daar te veel moontlikhede bestaan.

Geis & Ross (1998: 232) toon aan dat magteloosheid beïnvloed word deur die aard van die omgewing waarin 'n individu leef. Individue wat in omgewings leef waar sosiale orde afgeneem het – waar hoë misdaad, vandalisme, drankmisbruik, ensovoorts dus voorkom – het 'n sterker persepsie van magteloosheid. Die rede hiervoor is dat mense in sulke omstandighede hulself as magteloos beskou om 'n veilige, netjiese en geordende omgewing te bewerkstellig. Dit is veral die blootstelling aan onbeheerbare, negatiewe ervarings soos misdaad wat tot magteloosheid bydra (Ross, Mirowsky & Pribesh, 2001: 572). Die volgehoue blootstelling aan só 'n omgewing lei nie alleen tot wantroue jeens ander individue nie, maar ook tot wantroue in gesagstrukture.

Afrikaanse protesmusiek verwoord vele male 'n gevoel van magteloosheid, veral ten opsigte van misdaad en die verlies aan politieke mag. In die groep Radio-Suid-Afrika se liedjie "Bid" (*Bid*, 2006) is daar twee maniere om die bedreiging van misdaad te hanteer: "die kroeg jou hawe veilig hier en gerustheid kom met elke bier", of "bid dat niemand vir ons buite in die tuin sal wag, bid vir krag en vir genade in elke donker dag". In hulle leefruimte van "moord en kinderrape" kan die individu homself dus nie beskerm nie en is op óf blote aanvaarding van sy lot aangewese, óf op wat Seeman (1959: 786) *eksterne beheer* noem. Alhoewel die spreker glo "dalk kan ons eendag ophou praat en doen wat ons al lankal dreig", onderstreep die lied juis dat dit nie gedoen word nie.

In "Vasbeslote korporasie Deel 2" (*Swanesang*, 2006) is Fokofpolisiekar ook aan misdaad oorgelewer, en hulle merk: "Ek's nie paranoïes nie – miskien net 'n klein bietjie". Vir hulle is daar óók "messe wat wag, in die bosse buite jou huis in die nag" ("Brand Suid-Afrika") (*Brand Suid-Afrika*, 2006). Hulle is krities teenoor passiwiteit en vra dat die luisteraar nie net sal "kla oor die toestand van ons land" nie, "maar fokken doen iets daaromtrent". Die gebruik van die woord "iets" dui egter daarop dat hulle nie doelgerigte optrede kán identifiseer wat die gewenste verandering kan bewerkstellig nie.

Johannes Kerkorrel sing ook oor magteloosheid teenoor die kriminele aanslag, insluitend gewapende roof en verkragting, in "Die stad bloei vanaand" (*Die ander kant*, 2000): "Die grond onder ons voete skuif onder ons weg, en alles wat mooi was, ja alles verdamp". Die woord 'verdamp' dui juis op sy magteloosheid, aangesien dit uiteraard 'n natuurverskynsel is waarvoor geeneen beheer het nie.

Ook ddisselblom kontrasteer die droom van die nuwe Suid-Afrika met die

werklikheid in “Jobangensburg” (*Donker grond*, 2007): “It’s been a long walk to freedom, even longer to captivity”. Die spreker is paranoïes (“ek ruik heeldyd lont”) en kruip agter diefwering en heinings weg – ’n nuwe soort tronk. Vir hom is “elke draai in my kar [...] ’n vrees vir ’n smash and grab”. Die magtelose aanskouing van die metamorfose vanaf vryheid na tronk word in die refrein verwoord, waar geen agent vir geweld verantwoordelik is nie: “die reënboog was aan die kom, maar wat van dit oorbly is een donderstorm wat hier woed van moord en doodslag, rooi onskuldige bloed”. Soos in “Die stad bloei vanaand” staan die spreker dus net so magteloos teenoor geweld soos wat hy teenoor die magte van die natuur staan.

Battery 9 bied in twee liedjies, “Blaas hom” (*Wrok*, 1998) en “Geen genade” (*Galbraak*, 2008), ’n ander uitbeelding van magteloosheid teenoor die bedreiging van misdaad. In hierdie liedjies verval die spreker in ’n fantasie van mag deur vergelding. In “Blaas hom” word die verteller ’n “bebliksemde Boer” met ’n “handkanon” wat die inbreker herhaaldelik “blaas” en in “Geen genade” sê die spreker dat hy alles wat van hom gesteel is, uit die inbreker sal “uitmoer”. Die feit dat beide hierdie liedjies egter fantasieë is, aksentueer eerder die spreker se magteloosheid as wat dit die herwinning van mag suggereer.

In “Toema Jacob Zuma” (*Piet Paraat se plaat*, 2007) van Piet Paraat is die spreker ewe magteloos, soos hy in sy bed lê en “worry oor ’n inbreker,” terwyl Gian Groen passief is in “Mitchell’s Plein” (*Groenkitaar*, 2002): “vir jou African dream, meneer, sal ons hopeful *sit en wag*” (klem bygevoeg). Baie van die sprekers in hierdie liedjies tree nie teen misdaad op nie en, soos Fokofpolisiekar, kritiseer Liesl op bladsy 5 ook die gebrek aan optrede in “Wie doen wat?” (*Genoeg is genoeg*, 2007): “sê my wie doen wat? Almal is gatvol almal is siek en sat”. Ten spyte van die oproep egter om teen “die monsters” op te staan en saam te staan, is die spreker net so magteloos soos die slagoffers van misdaad waarvan gesing word, aangesien daar weer eens slegs ’n leë oproep tot optrede gemaak kan word.

K.O.B.U.S. se “Doodstraf” (*Swaarmetaal*, 2007) sluit by “Jobangensburg” en “Die stad bloei vanaand” aan wanneer hulle let op die onvervulde droom van die Reënboognasie en die vryheid wat daarmee gepaard moes gaan: “ons is vryheid belowe maar het vrees ontvang, met pyn en tranes en begrafnisang, die reënboog is rooi deurweek met bloed, op die horison agter die begrafnisstoet”. Anders as in die meeste ander liedjies wat hier onder die vergrootglas geplaas word, stel hulle egter ’n daadwerklike oplossing vir die bedreiging van geweldsmisdaad voor: “noodmaatreëls vir ’n noodtoestand, ’n oog vir ’n oog en ’n tand vir ’n tand, [...] staan saam en eis die doodstraf terug”. Hierdie direkte identifisering van ’n oplossing (alhoewel onrealisties) word geëwenaar deur die uitbeelding van mense wat tot doelgerigte handeling in staat is en nie net hulpelose slagoffers is nie, wanneer K.O.B.U.S. waarsku: “as die strome onskuldige bloed aanhou stort gaan die mense begin doen wat daar gedoen moet word”. Die uitbeelding van magteloosheid is dus nie ’n universele kenmerk van hierdie liedjies nie.

Ross, Mirowsky & Pribesh (2001: 571) koppel die wantroue in gesagstrukture met vervreemding, aangesien hoë misdaad die indruk skep dat diegene in magsposisies óf onwillig is om die slagoffers behulpsaam te wees, óf nie oor die vermoë beskik nie en hulle gevolglik aan hulle eie lot oorlaat. Albert de Wet merk in “Wat het gebeur by Aliwal-Noord” (3 jaar, 2008): “die regering gee nie om, die president hou hom stom”. Hierdie liedjie handel oor ’n plaasmoord en, soos in die geval van Koos Kombuis se “Reconciliation Day” (*Bloedrivier*, 2008), gebruik De Wet ’n spesifieke gebeurtenis om algemene protes teen die geweldsituasie in Suid-Afrika aan te teken. Hy sê wel dat hy sy “voet neersit en opstaan” teen ongeregthede, maar soos die meerderheid ander liedjies se oproep tot optrede, stel hy geensins voor wát hierdie optrede moet wees nie.

In “Geagte Meneer President” (*Revolusie, Romantiek, Ruk en Rol*, 2006) spreek Glaskas President Mbeki aan en sê: “al wat ek vra is dat u iets begin doen”. In “Die fokkol song” (*Bloedrivier*, 2008), sowel as in “Blameer dit op apartheid” (*Blameer dit op apartheid*, 1997), blameer Koos Kombuis die owerhede vir die toestand in die land: “Mbeki is oorsee, Trevor Manuel is gou gym toe en Zuma roer haar rooibos tee”, terwyl K.O.B.U.S. ook na “presidentia in absentia” verwys in “Nuwe jong Suid-Afrika” (*Swaarmetaal*, 2007). In “Reconciliation Day” van Koos Kombuis is die owerhede ewe magteloos om hulle te beskerm: “Hoeveel keer moet ons dit rapporteer, hoe lank moet ons stry?” Magteloosheid gaan oor in woede gerig teen die owerhede: “Ons is so kwaad en so moerig, want ons wonder waar is die law. Van vroeg tot laat is daar net gangs in die straat, wat help dit om te praat? Ons is in ’n state of war”.

In Bok van Blerk se “So waai die wind” (*De la Rey*, 2005) word politieke magteloosheid verwoord met: “So waai die wind, my kind mos alles weg”. Die liedjie let op die ondergeskikte posisie wat Afrikaans tans beklee (“Hy vra my deur die stories van hoe gaan dit nog op Maties, en of ons nog ons taal praat, want hy weet dis uit ons boeke”), maar bly, soos in die lied “De la Rey”, hoopvol dat die situasie sal verander: “dis diep in jou gebore dat niks is ooit verlore”. Politieke magteloosheid kom ook in “Die kleur van my vel” (*Afrikanerhart*, 2009) voor wanneer die spreker let op hoe min beheer hy oor werkseleenthede het: “Elke man hier hou net aan om te bid, dat daai leiers vir ons nie op straat sal laat sit”.

Magteloosheid is volop in hierdie liedjies, beide ten opsigte van die onmag om hulself en ander teen misdaad te beskerm, asook ten opsigte van politieke mag. Dit word ook gekenmerk deur ’n gebrek aan opsies in die verband. Met die uitsondering van K.O.B.U.S. se “Doodstraf” is die totale gebrek aan enige konstruktiewe oplossings vir die probleme wat hulle verwoord byvoorbeeld opvallend. Selfs wanneer ’n beroep op die luisteraar gedoen word om saam te staan teen korrupsie, misdaad, wanbestuur en praktyke soos Swart Ekonomiese Bemagtiging, is die totale afwesigheid van konkrete oplossings treffend.

2.2 Betekenisloosheid

Waar Seeman (1972: 472) die gevoel van betekenisloosheid sien as 'n individu se “sense of the incomprehensibility of social affairs, whose dynamics one does not understand and whose future course one cannot predict”, sien Geyer (2001: 391) die probleem eerder as 'n oormaat informasie waarmee die individu in die postmoderne wêreld gebombardeer word. Hy sien betekenisloosheid as 'n informasie-prosesseringsprobleem:

a problem of developing efficient *selection techniques* to pick up whatever goal-relevant information is hidden in the middle of the daily stream with which everyone is bombarded; or as a problem of developing good *scanning techniques* when the problem is not so much to ward off a mass of irrelevant and unsolicited information, but rather to search for the goal-relevant information one needs, which is hidden like the proverbial needle in the haystack (Geyer, 1994: 21) (oorspronklike klem).

Betekenis word gereeld in die simbole van 'n kultuur gevind (Schacht, 1996: 6), veral in die geskiedenis waar die identifikasie met helde en belangrike veldslae 'n saambindende faktor is. Bok van Blerk se “De la Rey” is die mees voor-die-hand-iggende voorbeeld van 'n soeke na 'n held in die geskiedenis waarop die spreker trots kan wees, 'n held wat nie vervuil is met die konsep van *apartheid* nie. Koos Kombuis (2006), wat juis sy musiek ingespan het vir protes teen apartheid, meen byvoorbeeld generaal De la Rey (held uit die Anglo-Boereoorlog) was “'n man van durf en daad, 'n man van aksie, 'n man met gewete, 'n ware leier wat, indien hy vandag gelewe het, nie net ons volk nie, maar die ganse Suid-Afrikaanse nasiedom sou help vorder het tot by daardie wonderlike land wat die Nuwe Suid-Afrika nog altyd veronderstel was om te wees”. Wat Kombuis se kommentaar hier juis illustreer, is hoe 'n historiese figuur aangewend kan word om betekenis in die hede te skep.

In “So waai die wind” gaan Bok van Blerk ook op 'n soektog na 'n betekenisvolle geskiedenis deur 'n besoek aan sy oupa te bring – 'n “Broederbond gebore”. Dié vertel hom “van die jare toe ons mense vir beskerming gepleit het” (vermoedelik die tyd voordat die Afrikaner regeringsmag bekom het, d.w.s. voor 1948), en kontrasteer die leefwêreld van sy oupa met die ondergeskikte posisie wat Afrikaans, en by implikasie Afrikaners, tans bekleë (“hy weet dis uit ons boeke”). In sy oupa se oë vind hy “'n trots wat my laat skaam voel, 'n trots van Bo”, waardeur hy weer moed kry vir die hede en die “oorloë van verandering”.

Verwant aan die soeke na betekenis in die geskiedenis, is die kwessie van naamveranderinge, waaroor dan ook gereeld in hedendaagse Afrikaanse musiek gesing word. Voorbeelde hiervan is van die bekendste protesliedjies, Klopjag se “Ek sal nie langer” (*Album 3*, 2005), en Albert de Wet se “Fok Tswane” (*3 Jaar*, 2008). In “Afrikaans sal ek altyd wees” (*Klein Karoo*, 2004) wonder Adriaan van der Merwe

ook hoekom so baie dinge in Suid-Afrika moet verander, insluitend plekname. Naamveranderinge skep die indruk dat die Afrikaner se bydrae tot Suid-Afrika se geskiedenis uitgewis word, en hier is dit veral Lianie May se “Pretoria” wat die krisis ten opsigte van betekenis verwoord. Sy en haar moeder staan voor Paul Kruger se standbeeld, en haar moeder vra: “Ek wonder was ons dan niks werd”. Die siening dat ‘Pretoria’ nie alleen ’n naam is nie, maar ook deel van die spreker se herkoms uitmaak, word gestel in die reël: “Jy lê in my kluis, ek noem jou my huis, ek vergeet nooit jou naam”. Hierdie liedjie betreur die verlies aan sekerheid ten opsigte van die geskiedenis en die spreker vra spesifiek of daar ’n plek vir haar en die Afrikaner in die geskiedenis is. Sy stel haar onsekerheid: “wat as my kind my vra?” Daar is egter geen antwoord nie, net verdere vrae: “Is die naam dan so erg, so bitter en sleg? Hoekom gooi jul dit weg?”

Hanru Niemand herskryf “Sarie Marais” in ’n paradigma van geldgierigheid en misdaad en vermeld ook die kriminalisering en herskrywing van die geskiedenis: “my Sarie Marais was ’n Zulu Queen – so sal die boeke sê. Of wie weet dalk was sy ook ’n vrou van die nag – ons weet sy’t maklik gaan lê”.

Dit is egter in “Kaplyn” (*Afrikanerhart*, 2009) van Bok van Blerk waar die soeke na betekenis en die kriminalisering van die Afrikaner se geskiedenis myns insiens die helderste aan die bod kom. Die lied handel oor ’n soldaat wat deur die gees van een van sy gesneuwelde vriende na die Kaplyn teruggedroep word en is, soos baie oorlogsliteratuur, deurspek met ’n soeke na betekenis. Reeds in die eerste vers poog die spreker om sy betrokkenheid by die Grensoorlog te verstaan (“Hoe kan ons verstaan?” terwyl hulle “tussen grense” wag). Die soeke na betekenis tydens die Grensoorlog verskuif na ’n soeke na betekenis in die geskiedenis: “Deur die jare het die wêreld gedraai. Toe ons jonk was hoe sou ons dit kon raai?” Die kern van die spreker se betoog is die weglating van SAW soldate se name by die Vryheidspark Gedenkmuur: “by daai mure staan ek vir ure, maar waar’s jou naam nou my vriend? Kan hul nie verstaan, jong soldate vergaan, sonder rede dra hulle die blaam”. Deurgaans soek die spreker met ander woorde betekenis: eers tussen die “bosse en bome” van die grens, en later in die geskiedenis, maar soos “daai bos [...] [hul] spore [vreet]”, het hulle ook uit die geskiedenis verdwyn. Hy is op soek na ’n samehangende storie wat hy kan begryp, maar soos in die verlede is daar geen antwoorde in die hede nie: “jy was nooit vereer en niemand gaan nou oor jou lewe skryf en wat jy nog wou”. As ’n mens dié liedjie breër as alleen binne die konteks van die Grensoorlog interpreteer, kan dit gesien word as ’n algemene poging om sin te maak uit ’n geskiedenis van Suid-Afrika waar die Afrikaner se bydrae misken word, en waar dit bykans onmoontlik geword het om enige sekerheid te behou.

Afgesien van ’n soeke na betekenis in die geskiedenis, is daar ook vele Afrikaanse liedjies wat getuig van ’n onvermoë om die hede te begryp. In “Siek bliksems” (*Varke, marbles, en ander verlore goed*, 2003) sien Kristoe Strauss “glad nie meer rede nie” in hedendaagse geweld, terwyl Koos Kombuis in “Reconciliation Day” vra: “Is daar ’n

antwoord hier tussen die duiwel en die diepblou vuur?” Fokofpolisiekar merk ook: “’n mens kan baie praat, tog sukkel om sin te maak” (“Oop vir misinterpretasie”). Albert de Wet soek na antwoorde in “Wat het gebeur by Aliwal-Noord”: hy vra of plaasmoorde gebeur as gevolg van die Afrikaner se verlede en watter toekoms die Afrikaner het. Hierby sluit Glaskas ook aan in “Meneer” (*MK Hoordosis Vól. 4*), wanneer hulle opmerk: “ek is oorlaai met bekommernis en eensame onsekerheid”.

Voorts is daar ’n skeptiese ingesteldheid teenoor die amptelike waarheid wat deur die media en politici verkondig word: Kerkorrel sing byvoorbeeld in “Die stad bloei vanaand”: “Die droom was beloof ja, maar net nog ’n leuen is verkoop” en K.O.B.U.S sien die belofte van vrede in die nuwe Suid-Afrika as “’n skandvlek Judaskus op elke wang” (“Doodstraf”). Vir Liesl op bladsy 5 skets die politici “’n prentjie van die reënboogland wat ons verblind teen die donker kant” (“Wie doen wat?”) en Terminatrix is ook “gatvol vir leuens en verdraaide waarheid” (“Siek+sat”) (*Terminatrix*, 2008).

Dit blyk egter dat die betekenisloosheid soos verwoord in Afrikaanse protesliedjies, nie handel oor ’n oormaat informasie wat so kenmerkend van die komplekse postmoderne wêreld is nie, maar eerder ’n afwesigheid van informasie, veral van betroubare informasie, waaruit die liedjieskrywers sin kan maak. Liedjies soos “Kaplyn” en “Pretoria” soek betekenis in kulturele simbole en ’n geskiedenis wat herdefinieer word, terwyl ander soos “Siek bliksems” en “Reconciliation Day” poog om die hedendaagse konflik te verstaan te midde van ’n gebrek aan verklarings.

2.3 Normloosheid

Normloosheid word deur Ross, Mirowsky & Pribesh (2001) met vervreemding in verband gebring deurdat die persepsie van ’n normlose gemeenskap waarin misdad, vandalisme en ’n algemene disrespek vir ander se veiligheid en eiendom voorkom, noodwendig sosiale isolasie, magteloosheid en wantroue bevorder. Normloosheid behels onder andere ’n toestand waarin die individu onseker is oor watter norme op die sosiale situasies wat hy teëkom van toepassing is (Kalekin-Fishman, 2008: 538). Geyer (1994: 22) aan die ander kant verbind normloosheid weer eens met kompleksiteit wanneer hy op sy beurt beweer dat daar in die hedendaagse wêreld ’n oormaat keuses van norme bestaan waaruit ’n individu kan kies (natuurlik met bogenoemde magteloosheid en betekenisloosheid in ag genome). Normloosheid is dus die gevolg van ’n bevraagtekening van bestaande norme, asook die gevolg van blootstelling aan ’n oormaat keuses.

Normloosheid hou ook in die onvermoë om met die heersende norme van ’n samelewing te identifiseer, of die aanvaarding van norme wat nié deur die samelewing aanvaar word nie (Ross & Mirowsky, 1987: 257). Veral arm gemeenskappe handhaaf die persepsie dat daar ’n gaping bestaan tussen dit wat die individu wil bereik, en die middele tot sy beskikking om daardie doelwit te haal. Kriminele gedrag is aldus

Ross & Mirowsky (1987: 258) die aanvaarding van geldelike sukses as doelwit, maar die verwerping van norme wat metodes om geldelike sukses te behaal, reguleer. Normloosheid kan egter geplaas word op 'n glyskaal van laag na hoog, en selfs dié wat in laasgenoemde kategorie val, is nooit totaal normloos nie. In die konteks van geweldsmisdad is vele protesliedjies uitgesproke oor die verval van norme in hedendaagse Suid-Afrika. Vir Koos Kombuis is “die Here [...] op holiday en die duiwel is nou los” (“Blameer dit op apartheid”), terwyl “die mammas en pappas skrik want hulle kinders is verslaaf aan tik op Reconciliation Day” (“Reconciliation Day”). Valiant Swart sien Johannesburg en Pretoria as “Sodom en Gomorra” (*Deur die donker vallei*, 1999): “Twee stede in die Noorde, sonder wette, sonder orde, te lekker vir woorde” en Albert de Wet vra: “Is daar dan niks meer fout [...] met pyn, haat en moord?” (“Wat het gebeur by Aliwal-Noord”). Liesl op bladsy 5 sing ook van “monsters wat ouer mense, babas, vroue vermink en grynslag vir die owerheid wat skarrel om by te bly” (“Wie doen wat?”). In “Mitchell’s Plein” sing Gian Groen van hoe menseleuens hul waarde verloor het:

in Mannenberg se strate met die son se breek
 het 7, 8 mans 'n lewe opgeneuk
 'n skoolkind word vermis, nog 'n ma lyk bleek
 in die gutter lê 'n lyk van voor en agter gesteek

Hierdie musikante se beeld van Suid-Afrika op voetsoolvlak is een waar respek vir ander se lewens en eiendom geen rol speel nie, waar 'n sogenaamde *zero-sum* (zero-sum)-uitkyk gevolg word. Dit kom ooreen met 'n uitkyk wat veral in arm gemeenskappe aangetref word: die totale rykdom, mag en prestige in die wêreld word as uitputbaar gesien. Gevolglik beteken een persoon se wins 'n ander se verlies, terwyl die persepsie bestaan dat dié met mag, prestige en rykdom dit verkry het deur dit van ander te neem (Ross, Mirowsky & Pribesh, 2001: 570).

Die beeld van die regering en ander owerheidsinstansies as korrup, is ook volop in Afrikaanse protesmusiek. 'n Lid van die groep Nul, Dawid Kahts, meen byvoorbeeld (aangehaal in Engelbrecht, 2009: 1): “Wat verset teen die stelsel betref, sit ons tans met 'n korrupte, outokratiese regime en 'n pseudodemokrasie. Dis nie veel anders as die dae van die Groot Krokodil nie. Die rykes word steeds ryker en die armes nog armer. Die Broederbond het plek gemaak vir tokenisme en nepotisme wat geskied onder die eufemisme van regstellende aksie”. In “Sukkel society” (*Innie (Sper) Vuur*, 2006) van Beeskraal “soek [almal] glamour, dis net geld wat hier praat”, in “B.E.E”. (*Genoeg is genoeg*, 2007) van Abraham Kraamsaal sing hy van die “knoeciery” en Koos Kombuis sê “selfs die Matie rektor het sy vingers in die til” (“Blameer dit op apartheid”). Liesl op bladsy 5 sing van die “vermetelheid van korrupsie” in “Wie doen wat?” en Koos Kombuis kritiseer ook die “Fat Cat Piete” “met hulle ANC tiete”: “die een weet meer as die ander van korrupsie en

ubuntu”. Vir Fokofpolisiekar handel politiek alleen oor “bloed en yster, bloed en grond, bloed en olie” (“Brand Suid-Afrika”) en Terminatrix (“Siek+sat”) is ook “moeg vir korrupsie, moord, verkragting en doodslag, vir gravy-train swape, wat vat en kry sonder swoeg [...] en vir agterbakse bliksems wat hulle eie sakke vol ploeg”. Hulle bevraagteken ook die integriteit van politieke leiers: “moeg vir politicians elke skrikkeljaar-klug met elections”.

Terwyl liedjies van veral Fokofpolisiekar krities teenoor die norme van die Afrikaner staan, is die verval van norme in hele die Suid-Afrikaanse gemeenskap een van die vernaamste temas van hedendaagse protesmusiek. Daar word veral van misdaad, korrupsie en gierigheid met ’n zero-som-uitkyk gesing en die afkeur waarmee hierdie musikante na normloosheid verwys, lei tot die volgende aspek van vervreemding: sosiale isolasie.

2.4 Sosiale isolasie

Ross & Mirowsky (1987: 238) voer aan dat magteloosheid, wantroue en paranoia (die persepsie dat ’n persoon geteiken word, hetsy werklik of verbeeld) ’n trapleer van verdiepende vervreemding verteenwoordig: “The individual descends from a sense of powerlessness or lack of control, to one of being used and abused and, finally, to one of being attacked. When other people in one’s life have become a hostile army, social alienation is at its deepest”. Misdad is in hierdie geval ’n belangrike wig wat tussen mense ingedryf word en Ross, Mirowsky & Pribesh (2001: 571) noem onder andere rommel, graffiti, misdaad, en vandalisme as tekens dat

the people who live around them are not concerned with public order, that residents are not respectful of one another and of each other’s property, that the local agents of social control are either unable or unwilling to cope with local problems, and that those in power have abandoned them, all of which undermine trust.

Fokofpolisiekar beklemtoon hierdie gevoel van bedreiging in “Leegglê drome droom” (*Lugsteuring*, 2004) wanneer hulle uitroep: “Daar’s geen vlag wat ek met trots sal dra nie, so haat my want ek vrees my nasie!” Elders sing hulle herhaaldelik: “ons het ons konneksie met mekaar verloor, ons het ons konneksie met mekaar verloor”. In “Vasbeslote Korporasie Deel 2” bieg hulle: “ek vertrou die mense nie, ek druk my kardeurknoppie af as ek voor die verkeerslig wag”. Abel Kraamsaal merk ook in “Toema Jacob Zuma”: “Jy kan nie meer by ’n robot stop sonder om rond te kyk nie”. In “Witman” (*Swaarmetaal*, 2007) sing K.O.B.U.S. van die persepsie dat veral blankes in Suid-Afrika bedreig word: “Witman loop deur die Trellidoor-utopia, volkskonsentrasiekamp, onbewus euforia. Witman loop ongemaklik in sy vel, elke tree wat hy gee ’n bietjie nader aan die hel”. In hierdie liedjie ly “witman” aan ’n

“swart agoraphobia” en sy toekoms lyk “al hoe skrikwekkender” – ’n duidelike indikasie dat vrees en ras hier geskakel word.

Hierdie protesliedjies verwoord nie alleen ’n distansiëring van ander Suid-Afrikaners nie, maar die frustrasie borrel ook soms oor in opmerkinge van vyandigheid. Vir Gian Groen is “ons land se gewere [...] gelaai, daar’s woede wat broei om elke draai” (“Weskus skemer”) (*Welkom in Somersburg*, 2007). Hy vind vrede in die rustigheid van ’n Weskus skemer, maar dui aan dat elke aand nie so kan wees nie. Kristoe Strauss spreek ook sy woede uit in “Siek bliksems”: “Ek weet ek mag nie haat nie, maar dis bleddie moeilik”. Hierdie musikante verwoord dus sosiale isolasie wat heelwat verder as blote vervreemding beweeg het: grense tussen *ons* en *hulle* word op ’n vyandige wyse getrek wat strook met Ross & Mirowsky (1987: 238) se waarnemings dat misdaad sosiale isolasie verdiep.

In die lig van praktyke soos Swart Ekonomiese Bemagtiging en Regstellende Aksie, verwoord ’n groot aantal Afrikaanse liedjies ’n gevoel van uitsluiting uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap. Die Voëlvry-musikante het ook hul plek in die Suid-Afrikaanse samelewing beredeneer in die lig van negatiewe persepsies van die Afrikaner (Hopkins, 2006: 142), maar meer onlangs sing Koos Kombuis in “Hoe lank moet ons nog sorry sê?”: “julle sê ek is geen African”. Met verwysing na Fokofpolisiekar se liedjie “Antibiotika” (*Antibiotika*, 2008), waarin hulle sing: “ek’s net ’n toeris in my geboorteland” en Klopjag se “Ek sal nie langer”, waarin hulle sing “ek sal agter in die tou staan, ons reënboog op my mou dra, maar ek sal nie langer jammer sê nie”, stel Dirk Hermann (2009) dit dat hierdie jong musikante Afrika omhels, maar Afrika omhels hulle nie.

Dieselfde kan gesê word van Mallies le Roux se “Auckland Blues” (Liewe Jan, 2007), wat handel oor ’n man wat nie werk kan kry nie omdat hy blank is, en dan na Nieu-Zeeland emigreer om skoene te verkoop. Tog is daar deurgaans ’n sterk identifikasie met Suid-Afrika, want hy sing: “Ek mis *my* volkslied, ek mis *my* vlag” (klem bygevoeg). In “Bloekomboom” (*Alien Inboorling*, 2004) vergelyk Gian Groen die Afrikaner met ’n bloekomboom, wat hy noem “alien dog inboorling [...] hy hoort nie hier, maar hy sit wortels neer”. In “Vrede” (*Revolusie, Romantiek, Ruk en Rol*, 2006) vra Glaskas: “Waar is die equality, waar is die vryheid in ons democracy?” en Fokofpolisiekar verwys ook na “inboorling of indringerspesie” in “Vasbeslote korporasie Deel 2”. Abel Kraamsaal kritiseer op sy beurt Swart Ekonomiese Bemagtiging in “B.E.E”. wanneer hy sing: “dis jou velkleur wat jou diskwalifiseer,” en Blouklip sing in “Klaar met Rugby” (*Genoeg is genoeg*, 2007) dat Regstellende Aksie “jou siel deurboor”. In “Tyd om te trek” (*Afrikanerhart*, 2009) van Bok van Blerk vat die spreker se meisie haar hart ook uit Suid-Afrika, want “daar’s geen plek vir jou hier”. In sy “Die kleur van my vel” kom hierdie gevoel veral duidelik na vore: “hierdie hande werk vir jou, maar my land [...] wil my nie hou”. Sy “ewige hel is dat hul my vertel: dis die kleur van my vel”. Richard van der Westhuizen sing ook van die volgehoue belangrikheid van velkleur in “’n Lied vir die nuwe jong Suid-Afrika”

(*Vuurklip*, 1998), waar 'n blanke ma 'n kind by 'n swart man het, en hy die bagasie van sy verlede met hom sal saamdra: "Sy pa was 'n kaffer en sy ma 'n boerin, en hy, kleine dingetjie, is in sy moer in".

Hierdie duidelike behoefte om as deel van die nuwe Suid-Afrika beskou te word, dui daarop dat die persepsie bestaan dat dít nie tans die geval is nie. Die behoefte om deel te wees van 'n gemeenskap is 'n sentrale aspek van sosiale isolasie:

[O]ne can only be said appropriately and significantly to be alienated from something to which one has been *and remains* meaningfully related, but from which one at the same time has come to be separated. Without a persisting link of some sort, the absence of participation and identification does not suffice (Schacht, 1996: 13) (oorspronklike klem).

In baie liedjies sien musikante hulself as geassosieer met die negatiewe beeld van die Afrikaner. In "Toema Jacob Zuma" sing Piet Paraat dat hy sy lewe lank vir die sondes van sy vaders gestraf word, alhoewel hy slegs 'n paar jaar oud was toe Mandela vrygelaat is. Koos Kombuis verwoord hierdie gevoel ook in "Hoe lank moet ons nog sorry sê?" (*Bloedrivier*, 2008): "Ek's vreeslik jammer oor alles wat gebeur het, was nie eintlik my skuld nie maar my ma'le ... ek was nie daar nie, maar anyway baie jammer". Wanneer Klopjag dieselfde tema dek in "Ek sal nie langer", word die refrein "ons sal nie langer jammer sê nie" (klem bygevoeg) – by implikasie sal die Afrikaner nie dus langer om verskoning vra nie. Fokofpolisiekar, wat altyd skepties teenoor Afrikanernorme is, sing ook in "Oop vir misinterpretasie" (*Monoloog in Stereo*, 2005) dat hulle vir ander se dade verantwoordelik gehou word: "my vriende se bediendes het hulle met liefde grootgemaak. Dis nie my skuld nie. Ek herinner myself aan my pa, hulle moes Grens toe gaan. Dis nie my skuld nie". In "Meneer" pleit Glaskas ook: "Moet my asseblief nie in hulle boksie plaas nie, ek is anders, ek glo in 'n hoopvolle generasie" en in "Willem" van Die Kaalkop Waarheid vra hulle ook: "hoeveel keer geëtiketteer ontken en verwyt?" In "Nuwe Jong Suid-Afrika" (*Swaarmetaal*, 2007) sing K.O.B.U.S.: "O Ja! Ons weier om die sondes te dra van jou ma en pa. O Ja! O ja! Die lied van die nuwe jong Suid-Afrika. [...] Knip ons vlerke en ons groei weer 'n nuwe paar". Hierdie assosiasie met die Afrikaner se negatiewe beeld word egter as 'n assosiasie wat van buite opgelê word uitgebeeld en gevolglik werk só 'n assosiasie nie sosiale isolasie teë nie.

Wat sosiale isolasie aanbetref, verwoord Afrikaanse protesmusiek veral die wrywing tussen twee identiteite: dié van Afrikaner, en dié van Suid-Afrikaner. Laasgenoemde blyk uit die lirieke van Afrikaanse protesmusiek 'n probleem te wees, nie omdat hulle nie wil deel wees van die Suid-Afrikaanse gemeenskap nie, maar omdat hulle glo dat hulle nie toegelaat word nie. Aangesien sosiale isolasie verwickeld is met magteloosheid, betekenisloosheid en normloosheid, het misdaad ook 'n duidelike invloed: baie van hierdie musikante verwoord vervreemding van hulle landsburgers as gevolg van misdaad.

3. Slot

Hierdie artikel het duidelik getoon dat vervreemding inderdaad sterk in hedendaagse Afrikaanse protesmusiek verwoord word en aspekte daarvan uitgelig. Verskeie kunstenaars oor 'n wye spektrum is onder die loep geneem en uit die diversiteit van musiekstyle kan afgelei word, is dat 'n wye spektrum luisteraars eweneens met soortgelyke kwessies worstel. Dit suggereer dat die tema van vervreemding diep in die Afrikanerjeug deurgesypel het. Om die voorkoms daarvan te kwantifiseer, lê egter op die terrein van 'n sosiologiese studie.

Magteloosheid manifesteer veral met betrekking tot die bedreiging van misdaad, maar ook in terme van politieke magteloosheid. Die kwessie is egter een van 'n afwesigheid van opsies, eerder as 'n oormaat opsies wat Geyer as kenmerkend van die postmoderne wêreld sien. Dit is juis opvallend dat selfs wanneer 'n beroep op die luisteraar gedoen word om saam te staan of daadwerklik iets te doen teen korrupsie, misdaad, wanbestuur en praktyke soos Swart Ekonomiese Bemagtiging, daardie 'iets' nie geïdentifiseer kan word nie, omdat oplossings ontbreek. Soos in die geval van magteloosheid, blyk dit dat die betekenisloosheid soos verwoord in hierdie protesliedjies, nie 'n toestand beskryf waarin die individu met 'n oormaat informasie gebombardeer word nie, maar dat daar eerder 'n gebrek aan betroubare informasie bestaan. Normloosheid manifesteer in hierdie liedjies wanneer die kunstenaar die wêreld kritiseer waar 'n zero-som-uitkyk (in hul oë) heers, gekenmerk deur korrupsie en geweld. Sosiale isolasie neem in onveilige en normlose omgewings toe. In die woorde van Afrikaanse musikante word 'n sterk mate van sosiale isolasie egter nie net uitgespreek as gevolg van hierdie alomteenwoordige bedreiging van misdaad nie, maar ook weens hul persepsie dat hulle uit die breër Suid-Afrikaanse gemeenskap uitgesluit word.

Vervreemding kan uiteraard verwag word in 'n omgewing waar politieke magsverhoudinge en kulturele norme só radikaal verander het soos in Suid-Afrika die afgelope twintig jaar. Alhoewel hier van 'n uitgebreide korpus gebruik gemaak is, kon die hele terrein nie binne hierdie bestek betrek word nie. Daarnaas kon liedjies met 'n meer persoonlike tematiek nie werklik betrek en vervreemding binne mikro-vlakke nie nagegaan word nie. 'n Vergelykende studie tussen hedendaagse Afrikaanse protesmusiek en dié in ander lande is eweneens 'n belangrike onderwerp wat wag op verdere ondersoek.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

Bezuidenhout, A. 2007. *From Voëlvy to De la Rey: popular music, Afrikaner nationalism and lost irony*, Department of History Seminar: University of Stellenbosch.

- Engelbrecht, T.** 2009. Voëlvryers tot draaitafel-jafels, *Rapport Weekliks*, 11 Oktober, p. 1.
- Geis, K.J. en Ross, C.E.** 1998. A New Look at Urban Alienation: The Effect of Neighborhood Disorder on Perceived Powerlessness, *Social Psychology Quarterly*, 61(3), September, 232-246.
- Geyer, F.** 1994. Alienation, Participation and Increasing Societal Complexity, *Kybernetes*, 23(2), 10-34.
- Geyer, F.** 1996. Introduction, in Geyer, F. (red.) *Alienation, ethnicity, and postmodernism*, London: Greenwood.
- Geyer, F.** 2001. Sociology of alienation, in Smelser, N.J. en Baltes, P.B. (reds.) *International encyclopaedia of the social and behavioral sciences*, Amsterdam: Elsevier.
- Hermann, D.** 2009. *Transformasie en vervreemding. Lesing gelewer tydens die Konferensie aangebied deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, getiteld "SA Universiteit: Politieke brandpunte of sentrums van uitnemendheid"*, Bloemfontein. Gepubliseer op <http://www.solidaritysa.co.za/Tuis/wmprint.php?ArtID=2262>, toegang 18 Oktober 2010.
- Hopkins, P.** 2006. *Voëlvry. The movement that rocked South Africa*, Kaapstad: Zebra Press.
- Kalekin-Fishman, D.** 1998. Introduction, in Kalekin-Fishman, D. (red.) *Designs for Alienation: Exploring Diverse Realities*, Finland: University of Jyväskylä.
- Kalekin-Fishman, D.** 2008. "False Consciousness": How "Ideology" Emerges from the Encounter of Body Practices and Hegemonic Ideas, *Current Sociology*, 56(4), Julie, p. 535-553.
- Kombuis, K.** 2006. *Bok van Blerk en die bagasie van veertig jaar*, 28 November, geraadpleeg 23 Junie 2009: http://www.litnet.co.za/cgi-bin/giga.cgi?cmd=cause_dir_news_item&news_id=6473&cause_id=1270.
- Kombuis, K.** 2008. *Hierdie kak moet nou end kry!*, CD-boekie van "Bloedrivier". Johannesburg: Select Music.
- Mirowsky, J. en Ross, C.E.** 1983. Paranoia and the Structure of Powerlessness, *American Sociological Review*, 48(2), April, 228-239.
- Neal, A.G. en Collas, S.F.** 2000. *Intimacy and alienation: Forms of estrangement in female/male relationships*, New York: Garland Publishing.
- Ross, C.E. en Mirowsky, J.** 1987. Normlessness, powerlessness, and trouble with the law, *Criminology*, 25(2), 257-278.
- Ross, C.E., Mirowsky, J. en Pribesh, S.** 2001. Powerlessness and the Amplification of Threat: Neighborhood Disadvantage, Disorder, and Mistrust, *American Sociological Review*, 66(4), Augustus, 568-591.
- Schacht, R.** 1996. Alienation redux: from here to post-modernity, in Geyer, F. (red.) *Alienation, Ethnicity, and Post-modernism*, London: Greenwood Press.
- Seeman, M.** 1959. On the meaning of alienation, *American Sociological Review*, 24(6), 783-791.

- Seeman, M.** 1972. Alienation and engagement, in Campbell, A. en Converse, P.E. (reds.) *The Human Meaning of Social Change*, New York: Russell Sage.
- Seeman, M.** 1983. Alienation Motifs in Contemporary Theorizing: The Hidden Continuity of the Classic Themes, *Social Psychology Quarterly*, 46(3), September, 171-184.
- Senekal, B.A.** 2008. *Alienation as a fictional construct in four contemporary British novels: A Literary-theoretical Study*, Universiteit van die Vrystaat, Bloemfontein: Ongepubliseerde MA-verhandeling.
- Senekal, B.A.** 2009. Vervreemding in Fanie Viljoen se BreinBliksem, *Stilet*, 21(1), Maart, 101-118.

G.R. von Wielligh en die Afrikaanse taalbeweging

J.C. Steyn

As author, Von Wielligh was involved in the First Language Movement until its conclusion. In three versions of his work Eerste Skrywers (First Writers), he contextualizes the activities of the First Movement. He commences by stating that the books of the first authors often come “under the magnifying glass without taking into account the circumstances of the times and what elements confronted the First Writers”. Although Von Wielligh’s work is therefore sporadically apologetic, he provides useful information on the language movement. He was personally acquainted with almost all the members of the Genootskap van Regte Afrikaners (Society of Real Afrikaners) (GRA) and had a good sense of their attitudes, activities and sacrifices. He puts controversial regulations of the GRA, such as the secrecy surrounding the names of members, in perspective. He also puts the initially elementary spelling regulations of the GRA in context with the aims of the movement.

1. Inleiding

G.R. von Wielligh was ’n merkwaardige en veelsydige persoonlikheid: landmeter-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) oftewel Transvaal; wat boekverkope betref, een van die suksesvolste vroeë Afrikaanse skrywers; daarby ’n baanbreker met die optekening van die dierestories van die San en Khoi-Khoin. Hy was ’n taalstryder en ’n taaleograaf en volkskundige na wie se waarnemings taal- en volkskundiges nog steeds verwys. Maar in sy persoonlike lewe het verskeie teenslae hom getref sodat sy tydgenoot, Gustav Preller, hom ’n “tragiese figuur” noem.

Dit was in 2009 150 jaar gelede dat Von Wielligh (op 1 April 1859 op ’n plaas in die Paarl) gebore is. ’n Paar lesings op ’n huldigingsgeleentheid op 14 Augustus 2009 by NALN in Bloemfontein het die lig laat val op sy veelsydigheid en die nuwe belangstelling in sy werk.¹ Laasgenoemde blyk onder meer uit die onlangse bekendstelling van die eerste deel van sy *Versamelde Boesmanstories*, ingelei deur Hennie Aucamp (Von Wielligh 2009). Een van die sprekers by die geleentheid was dr. Robert Schall, wat sy *Boesmanstories* kort tevore in Duits vertaal het.

In hierdie artikel word ingegaan op sy werk as taalstryder en skrywer van een van die eerste geskiedenis van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging. Agtereenvolgens word gelet op (1) sy deelname aan die taalbeweging; (2) sy beskrywing van die beweging en (3) ’n paar aspekte van sy beskrywing. Die biografiese en historiese konteks word ook verskaf.

2. Von Wielligh en die taalbeweging

Von Wielligh was nog op skool in die Paarlse Gimnasium toe die Genootskap van Regte Afrikaanders (GRA) op 14 Augustus 1875 in die Paarl onder leiding van ds.

S.J. du Toit gestig is en die eerste nommer van *Die Afrikaanse Patriot* op 15 Januarie 1876 verskyn het.

Von Wielligh kon as Paarliet ervaar met watter afkeer mense die *Patriot* ontvang het en vertel (1922:47): “Arrie! Dit het ’n opskudding veroorsaak! [...] As iemand ’n kringetjie mense langs die straat bymekaar sien staan, en een van hulle lees iets voor, wees dan maar verseker dat dit die *Patriot* is wat hy aan sy gehoor voorstel, terwyl sy toehoorders daarvoor lag en met die taal daarvan spot.”

Koshuiskinders is gestraf wanneer hulle die *Patriot* die koshuis ingebring het, en dié wat hulle by die GRA aangesluit het, is gedwing om as lede te bedank of die inrigting te verlaat. Studente wat geldelik gesteun is, is gedreig dat dié steun beëindig sou word tensy hulle die intekening op die *Patriot* opsê. Onderwysers wat dit gelees en ondersteun het, se salaris is verminder, of hulle is afgedank en kon moeilik ’n nuwe pos kry. Intekenaars kon moeilik ’n staatsbetrekking kry omdat die blad as rebels beskou is (Von Wielligh, 1925a:27).

Waarom hierdie afkeer? Een rede het die *Patriot* in sy eerste nommer genoem: “Die ou’e Patriotte hou vas, en klou vas, an die Hollans taal”. Die groot rede van die teenstand teen Afrikaans was egter veral die houding van die statusbewuste koloniale Afrikaners in die stede en dorpe. Hulle wou volgens Giliomee (2004:176) graag aanvaar word deur die toonaangewende Engelssprekendes, wat Afrikaans beskou het as ’n onwaardige openbare taal. Vir hierdie Afrikaners was Afrikaans ’n verleentheid. Dit was ’n veelrassige taal en dit het ’n verkeerde sein gegee in ’n samelewing wat al meer ’n obsessie ontwikkel met rasse- en klasse-onderskeidings.

Ten spyte van die dwang op die skoolkinders het Von Wielligh in 1975 die tweede vergadering van die GRA bygewoon, maar was toe nog nie lid nie, en het in 1876 op sestienjarige leeftyd lid geword terwyl hy nog op skool was (1922: 62; s.j.:5). Die man wat “my oë vir ons Afrikaanse saak geopen het en my lid van die Genootskap laat word het” (1926:62)² was Daniël Francois du Toit, later bekend as “Daan Dokter”. Hy was ’n jong wynboer. Die bynaam “Daan Dokter” het hy gekry omdat hy op ’n reis na Transvaal altyd ’n medisynetrommeltjie byderhand gehad het. Hy was later bestuurder van D.F. du Toit & Co., wat van 1878 af die *Patriot* en die meeste Afrikaanse boeke uitgegee het.

In die jaar dat Von Wielligh by die GRA aangesluit het, het hy ’n taalpolitieke les van Arnoldus Pannevis ontvang. Dis die man wat met sy pleidooie vir ’n Bybel in Afrikaans die Afrikaanse beweging aan die gang help sit het. Von Wielligh het in die destyds nog onbeboude Lady Greystraat in die Paarl afgestap met ’n boek in die hand. Skielik het hy voetstappe en ’n stem gehoor, en toe hy opkyk, neem Pannevis die boek uit sy hand en merk op dat dit Milton se *Paradise Lost* was, waarvan die leerlinge ’n groot deel uit die kop moes leer. Terwyl hulle oor letterkunde en digters praat, haal Pannevis ’n eksemplaar van die *Patriot* uit sy sak en sê: “Dit is die soort letterkunde wat my aandag die laaste tyd in beslag neem.”

Von Wielligh skryf hy het ’n “gebroke laggie” gegee. Hoewel hy toe al “tot die

taalbeweging toetree was”, was hy nog nie heeltemal vry van die “Engelse gif, wat ons ingesuij het nie”. Daarmee bedoel hy waarskynlik die destydse opvatting dat Engels groot waarde het en Afrikaans waardeloos is. ’n Tydgenoot, die skrywer M.E.R., (M.E. Rothmann) konstateer in die verband (1972:92): “Van kleins af het duisend drukkinge dit op my ingestempel dat wat Engels is, goed is; wat Afrikaans is, minder goed.” Die woord *gif* is ook in dié verband gebruik deur S.J. du Toit, wat geskryf het die Engelse meisieskole *vergiftig* “di fontein van ons nasionaliteit” (1891:XI, 55).

Pannevis sê toe (met die spelling van Von Wielligh 1918:14): “Ja, so gaan dit! Julle Afrikaners besef nog nie wat julle besit nie: ’n taal so bruikbaar as enige Europese taal. Ek het die oë van ds. [G.W.A.] van der Lingen daarvoor geopen: hij kon nie anders nie als instem met wat ek hom bewijs het. Ek het ds. [S.J.] du Toit die saak ook duidelik voorgestel, en jij weet, hij is ’n man wat ’n ding gouw kan insien – net soos die hooggeleerde Ds. Van der Lingen. Baing Afrikaners soos mnr. Gideon Malherbe, D.F. du Toit (Oom Lokomotief), en andere stem nou met mij in, maar die meeste het mij eers uitgelag”.³

Von Wielligh erken (1922:62) dat hy vanweë sy jeug en “geringe kennis van sake” nie sy “volle aandeel aan die Beweging” kon skenk nie omdat hy nog op skool was en “’n pure wiskundige opleiding gekry het”. Sy opleiding was in die teorie van landmeetkunde. Die eksamen daarin het hy blykbaar die eerste keer gesak, maar dit wel in 1879 geslaag ná drie maande aan die Diocesan-kollege in Rondebosch (Smith, 1919:187).

Tussen die twee eksamens het sy landmeterswerk hom na verskeie dele van die Kaapkolonie geneem soos Namakwaland, die Karoo, Oostelike Provinsie en Transkei. Dit is op sommige van sy reise dat Von Wielligh vertellings uit die mond van San of *Boesmans* gehoor het wat in sy latere werke soos *Boesman-stories* opgeteken is. Sy kennismaking met die San het eintlik al begin terwyl hy as elfjarige saam met sy pa reise deur dele van Namakwaland, die Boesmanland en die Hantam onderneem het. Met die opmetings in die Karoo het hy in 1876 en 1877 verskeie Boesman-veewagters ontmoet. Hy maak ook melding van die landmeterkantoor op Calvinia waar hy van 1880 tot 1883 gewerk en aantekeninge in die Boesmanland en die Agter-Hantam kon maak (Von Wielligh, 1921:1).

Op hierdie reise het hy ook gehoor gegee aan ’n opdrag van die GRA aan sy lede om aantekeninge te maak van die Afrikaanse spreektaal en taaleienaardighede. Met hierdie optekening het hy in 1876 begin, en sy werk *Ons geselstaal*, noem hy “’n naoes” van hierdie opdrag (1925b:3).

Latere taalkundiges het groot respek vir sy taalgeografiese werk gehad. S.A. Louw (1963:20–21) sê dat *Ons Geselstaal* onontbeerlik is vir ons kennis van gewestelike Afrikaans. Hy teken weliswaar nie ’n kaart nie, maar dink en werk geografies, sodat ’n mens op grond van sy beskrywing maklik ’n kaart kan maak. “Dat hy nie ’n kaart teken nie, kan ’n mens maar alte goed begryp: as landmeter het hy as’t ware te veel respek vir

'n baken en 'n lyn. Sulk vaste punte en duidelike grense deug nie hier nie.”⁴

Intussen het Von Wielligh die ander landmeterkantoor in die *Patriot*-gebou in die Paarl gereeld besoek. Hy moes deur die boekwinkel stap en met 'n trap na sy kantoor opgaan, en het altyd eers uitgevra oor die wel en wee van die koerant. Hy sê ook (1922:62): “Daar ek 'n vlieënde voël was, kon ek die redaksie met veel informasie en korrespondensie tot diens wees.” Hy het hom “met hart en siel in die Beweging gewerp” en die *Patriot* getrou gelees.

Von Wielligh het in oorleg met S.J. du Toit, sy broer D.F. du Toit (wat as “Oom Lokomotief” sowat twaalfjaar lank redakteur van die *Patriot* was) en C.P. Hoogenhout die wapen van die Genootskap geteken (1922: 52) wat 'n paar jaar op die voorblad van die *Patriot* gepryk het. Op die wapen was onder meer die woorde “Verenigde Suid Afrika”, en “Ver Moedertaal en Vaderland”.

In 1881 was hy ses maande lank op reis in Engeland, Skotland, Nederland, Duitsland, Switserland, Italië, Oostenryk en Frankryk, en was glo die eerste Afrikaner wat die gevaarlike tog na die top van die Mont Blanc afgelê het (Smith 1919:187).

In 1883 is Von Wielligh na die Zuid-Afrikaansche Republiek. Preller (1932:35) verklaar dat die Boere-oorwinnings in die Eerste Vryheidsoorlog en sy geesverwantskap met die mense van die noorde by hom die begeerte laat ontstaan het om sy beroep daár te gaan beoefen. In Transvaal het hy Piet Retief, Pietersburg en Roosenekal opgemeet en Nyabêla (Mapog) se grond van 30 000 morg in persele verdeel.

Op 13 Augustus 1884 het hy op 25-jarige leeftyd landmeter-generaal van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword, en die algemene opmeting van die republiek is onder sy toesig uitgevoer. Die reëling van die Transvaalse grenslyn is aan hom opgedra. Hy het vanaf Bloedrivier in Natal tot in Limpopo die oosgrens tussen Transvaal en Zoeloeland, Swaziland en Mosambiek afgebaken. Hy moes onderhandel met die koninklike kommissies van Portugal en Swaziland (Smith 1919:187). Sy latere werk, *Langs die Lebombo*, is gegrond op sy ervarings as landmeter langs daardie rivier. Preller oordeel dat Von Wielligh die landmeter-generaal se kantoor opgebou het “tot een van die agtermekaarste departemente van dié aard in Suid-Afrika” (1932: 35). Hy was getroud met Elizabeth de Villiers, dogter van J.S. (Jan Orreliis) de Villiers van die Paarl en vyf kinders is uit die huwelik gebore. 'n Tyd lank was hy 'n vermoënde man en het met beste en skape geboer op sy spogplaas Villieria, 600 morg groot en tans 'n voorstad van Pretoria.

Terwyl hy in Transvaal was, het Von Wielligh in voeling met die *Patriot*-kantoor gebly. Hy het eenmaal in die jaar die kantoor besoek, van die lede ontmoet en met hulle oor die taalbeweging gesels. In Pretoria het hy en S.J. du Toit, wat toe superintendent-generaal van onderwys in die Zuid-Afrikaansche Republiek was, in 'n stadium skaars 300 tree van mekaar gewoon en hulle het mekaar amper elke dag tuis gesien. Bowendien was hul kantore langs mekaar. Dikwels het hulle met mekaar gepraat oor wat vir die *Patriot* geskryf moes word. Hulle het 'n tak van die GRA

in Pretoria gestig (1922:62-63). Von Wielligh noem Du Toit selfs sy boesemvriend (1918:14).

Hy het van die 1870-erjare af vir *Die Afrikaanse Patriot* geskryf, hoewel eers naamloos soos ander skrywers (Smith, 1919: 187). Von Wielligh het volgens Antonites (1968) vir die intellektueel verwaarloosdes en minderbevoorregtes geskryf en wou hulle leer lees en aan die lees hou. In *Die Afrikaanse Patriot* het hy met sy lesers gesels, hulle onderrig, moeilikhede verklaar, afwykings van die voorvaderlike paaie aangetoon en die deugde en gewoontes van vroeër gedurig onder die aandag gebring. Die baie herdrukke van sy verhale toon dat hy hulle aan die lees kon hou.

Ongelukkig het die redaksie partykeer van sy verhale vermink weens gebrek aan ruimte. En omdat hy gedurig as gevolg van sy werk aan die trek was tussen verskillende plekke, kon hy nie altyd die deel van sy verhaal raadpleeg wat hy reeds geskryf het nie, sodat die storie soms onsamehangend word.

Teen 1891 het Von Wielligh sy bydraes tot die *Patriot* gestaak weens die blad se politieke ommekeer onder S.J. du Toit. Du Toit het opgehou om die republieke te steun en 'n bittere vyand geword veral van die Zuid-Afrikaansche Republiek en pres. Paul Kruger. Om die koerant na "sij oue paaie te dwing" het Von Wielligh en ander wat elk lenings van £20 aan die blad gemaak het, die lenings opgesê, maar dit het niks gehelp nie (Von Wielligh, 1918:33). 'n Paar van die ou strydrosse het afskeid van die *Patriot* geneem – onder andere S.J. du Toit se broer, "Oom Lokomotief", en C.P. Hoogenhout. Daan Dokter van D.F. du Toit & Co. het egter trou gebly aan S.J. du Toit.

In die jare negentig het die een ramp na die ander Von Wielligh getref – hy het dit self vergelyk met die Ou-Testamentiese Job. Hy "was 'n ryk man en binne 'n jaar het hy alles verloor". Eers is sy jongste seun oorlede. Sy woonhuis se dak is in 'n geweldige storm bokant die huismense afgewaai. Sakevennote het hom in 'n skuld van £17 000 gedompel. Hy het in 1895 as landmeter-generaal bedank en sy skuld binne vyf maande afbetaal, maar het sy plaas en later ander eiendom verloor. Hy het 'n bietjie geld oorgehou, en daarmee 83 koeie aangekoop. Binne twee dae blyk dit egter dat hulle longsiekte het. Ook ander beeste, skape en bokke verloor hy deur gifblaar en ander teëspoed. Ook het hy in dié tyd malaria opgedoen. Sonder om besonderhede te verstrek, meld Smith (1919: 189) dat 'n stuk grond van 120 morg by Elsburg-rif hom later wederregtelik ontnem is. "Sij vriende verlaat hom, en in sij huislike kring kom daar moeilikheid." Hy en sy vrou is uit mekaar en 'n paar jaar later geskei. Sy het hom gesmeek om die kinders te behou.

Hoewel Von Wielligh nie meer vir die *Patriot* geskryf het nie, het hy wel bydraes gelewer vir *Ons Klyntji*, wat in 1896 tot stand gekom het. Hierdie blad het baie lesers in die hele Suid-Afrika gehad. D.F. Malherbe het (volgens Von Wielligh, 1922:87) vertel hoe die leerlinge by die Hugenate-gedenkskool uitgesien het na die blad en hoe die een dit voor die ander wou lees. Omdat die *Patriot*-kantoor weens sy politiek onder verdenking was, het sommige skrywers hulle op 'n afstand gehou. S.J. du

Toit self was een van die vernaamste skrywers, maar ook ds. Jan Lion Cachet en Von Wielligh was gereelde medewerkers.

Von Wielligh het weer in diens van die ZAR getree en was besig om die grens tussen Mosambiek en Transvaal uit te meet toe die Tweede Vryheidsoorlog uitbreek en hy na Pretoria teruggeroep is. Sy instrumente het hy vir veilige bewaring na Delagoabaai (Lourenco Marques) gestuur.

Aan die begin van die oorlog was Von Wielligh krygskommissaris oor die Britse krygsgevangenes. Ná die Britse inname van Pretoria is hy daar aangehou. Hy het in Maart 1901 uit die stad probeer wegkom om by generaal Koos de la Rey aan te sluit, maar die ontsnappingspoging (deur homself beskryf in *Die Huisgenoot* van 1 en 8 Oktober 1926) het misluk. Later is hy geïnterneer en tydelik in Lourenco Marques aangehou.

In Lourenco Marques het 'n ramp hom in 1903 getref. Hy het ná die vrede die instrumente van die Transvaalse regering daar gaan haal. Op 'n karnaval het iemand kalk in sy oë gegooi en weens swak mediese versorging het Von Wielligh daardeur sy sig verloor – in so 'n mate dat hy nie eens 'n sterk elektriese lig kon sien brand nie. Later het ene dr. Wood van Kaapstad die sig in sy regteroog sodanig herstel dat dié oog oor 'n kwart van sy natuurlike krag kon beskik. Hy kon met die hulp van 'n sterk bril en 'n dubbele vergrootglas vyf letters tegelyk met sy regteroog lees.

Dit is na aanleiding hiervan dat Gustav Preller opgemerk het: “Wie hom vóór die oorlog geken het, die forse, beweeglike Afrikanergestalte, man van die vak, maar tegelykertyd goeie vaderlander in die beste sin van die woord, wie hom só geken het, in- en uitgaande uit die kantore op die eerste vloer van die ou Goewermentsgebou (...) ek sê, wie hom só geken het, dié het dit soms diep ter harte gegaan om hom gekromd, op 'n kiere leunde en blind te sien gaan en kom, na die oorlog” (1932:35).

Dié gebeurtenisse het hom volgens Smith (1919:189) laat besluit het om heeltyds te skryf. “Ja, Von Wielligh is skryfwer geword as 'n gevolg van treurige omstandighede; en dit is ook aan die tragedie van sij lewe te danke dat hij so met gevoel en kennis van die lewe kan skryf.”

Hy het baie bydraes vir *Ons Klyntji* gelewer. In die laaste nommers van die blad was hy die belangrikste outeur. In die nommer van Desember 1905 was veertien van die sestien bladsye sy dierestories. Die Tweede Vryheidsoorlog (en ook die armoede ná die oorlog) was “een van die doodsteke” van die maandblad. Die lesers kon nie die intekengeld gereeld betaal nie. Ná tien jaar het dit in 1906 “'n finansiële dood” gesterwe. Von Wielligh sê (1922:88) daar was nie meer geld nie en die lede het moed verloor.

Toe hy hoor dat *Ons Klyntji* gestaak is, het hy in 'n brief aan Ernst du Toit (jonger broer van “Daan Dokter”), bestuurder van die Paarlse Drukpers Maatskappy ('n voortsetting van D.F. du Toit & Co.), geskryf hoe jammer dit is dat daar nie meer 'n tydskrif of koerant bestaan wat die taalbeweging voortsit nie. Hy het gesuggereer dat Ernst du Toit vir S.J. du Toit moet raadpleeg om 'n nuwe tydskrif met die naam *Ons*

Taal te begin wat die plek van *Ons Klyntji* kon inneem.

Toe Von Wielligh weer by Ernst du Toit op kantoor kom, het hy aan Von Wielligh gesê: “Ek het jou brief ontvang, daaroor nagedink en het ds. Du Toit geraadpleeg, want ek het tog te lus om die saak weer kragtig aan te pak.” Von Wielligh se naam *Ons Taal* het hy baie goed gevind “daar dit meteens die doel en strewe van die maandskrif blootlê” (Von Wielligh, 1918: 42 en 1922:88). S.J. du Toit, wat ook die plan toegejuig het, was die redakteur. Von Wielligh het talle bydraes gelewer, onder meer ’n reeks oor byteelt.

Belangwekkend van die tydskrif was dat dit hard geprobeer het om ’n brug te slaan tussen wat die redakteur in die eerste nommer (15 Mei 1907) genoem het “di ou Afrikaanse beweging” en “Di Nuwe Afrikaanse beweging”. Nuus van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV), waarvan Von Wielligh lid was, is opgeneem, onder meer van die stigting van die tak op Stellenbosch (15 Maart 1908). *Ons Taal* het gulhartig die ATV se spelreëls gepubliseer (15 Oktober 1908), al het die blad self die *Patriot*-spelreëls gevolg. Skrywers wat in *Ons Taal* gepubliseer het, is Totius (J.D. du Toit), N.J. Brümmer en J.H.H. de Waal. Totius se eerste bydrae was nie juis opgewek nie. Dit was ’n lang gedig, “Di laaste Afrikaner” en begin met die woorde:

Hy is alleen nog o’er van heel die Boereras

Wat in syn kindsheid nog ’n volk, ’n nasi was.

’n Paar jaar later was daar van ’n sterwende volk en taal egter geen sprake nie. Ernst du Toit het in 1914 met die lewendige tak van die ATV op Stellenbosch onderhandel om *Ons Taal* oor te neem. Dié blad was gou in geldelike moeilikhede omdat die intekenaars nie betaal het nie en het teen die einde van 1909 al doodgeloop. Die ATV-mense wou liever ’n nuwe blad hê onder redaksie van hul eie lede. Mens kan verstaan dat die ATV versigtig was vir die assosiasie met S.J. du Toit weens sy politieke houding in die Tweede Vryheidsoorlog.

Dit wil uit C.F.J. Muller (1990:86) se beskrywing van die onderhandelinge voorkom of Ernst du Toit daarna aangebied het om ’n nuwe Afrikaanse blad uit te gee. Tobie Muller, een van die aktiewe taalstryders van Stellenbosch, het op 11 Mei 1914 “gevra dat gereël word dat die blad deur die ATV van Stellenbosch geredigeer word”. Só het die maandblad *Ons Moedertaal* tot stand gekom onder redaksie van J.J. Smith, Tobie Muller en Gordon Tomlinson. Dit is aanvanklik by die Paarlse Drukkers Maatskappy gedruk. Elke nommer van *Ons Moedertaal* het ’n volblad-advertensie van boeke van die eerste taalbeweging bevat. So is daar ’n band gelê tussen die voor- en naoorlogse taalbewegings, en soos Muller (1990:87) betoog, tussen die GRA en die Nasionale Pers, want *Ons Moedertaal* het in 1916 in *De Huisgenoot* opgegaan.

Dat die Nasionale Pers *Ons Moedertaal* oorgeneem het, was ten dele die gevolg van die spanning wat ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en die Rebellie van 1914

tussen Afrikaners ontstaan het. Ernst du Toit was ongelukkig oor die sterk nasionale strekking van *Ons Moedertaal*, en blykbaar ook oor geldsake (Muller 1990: 252).

3. Skrywer oor die taalbeweging

Tussen alles deur het Von Wielligh aan die skryf gebly. Hy het in 1917 'n reeks artikels voorgelê aan *Die Brandwag*, 'n tydskrif wat in 1910 deur lede van die Afrikaanse Taalgenootskap van Pretoria opgerig is, en waarvan dr. W.M.R. Malherbe redakteur was. Die eerste stuk het op 25 Junie 1917 verskyn onder die titel “Die eerste skrywers van Afrikaans”.

Von Wielligh gee in die reeks van vier (die laaste drie onder die titel “Die eerste skrywers”) 'n beskrywing van die taaltoestand in die Kaapkolonie, die begin van die taalbeweging, die stigting van die GRA, die oprigting van *Die Afrikaanse Patriot* en die invloed wat dit gehad het. Sy oogmerk was om die eerste skryfwerk te kontekstualiseer, want hy begin sy eerste stuk deur te sê dat hul werk dikwels “onder die vergrootglas en ontleedmes [kom] sonder dat egter voldoende voor oë gestel word die toestande wat in daardie tyd geheers het en met watter elemente die Eerste Skrywers te doen had”.

Dat die stukke as verweer bedoel is, blyk uit 'n opmerking in die tweede druk van die boek wat hy oor hierdie artikels gemaak het. Dit is dat dit “'n verdedigingsgeskrif [was] om die ou baanbrekers te verdedig” (1922: V). Hierdie strewe blyk ook uit 'n brief van Von Wielligh op 17 September 1917 aan D.F. du Toit.

Hy skryf: “Van die nuwe Afrikaanse taalbeweging begin het, het hulle – sommige altans – die ou of eerste beweging oor die hoof gesien deur dit dood te swijg of om die werk van die Eerste Skrywers te beoordeel als van geringe letterkundige gehalte.” Dit is miskien “nie onjuis nie”, betoog hy, maar die jongeres vergeet dat die *Patriot* “die mense moes leer lees en skrywe. Die geleerdes, wat die ou skrywers so sterk onder vergrootglas bring, was juis in daardie dae die bespotters en teenwerkers van Afrikaans. Nou dat die ou beweging die baan gebreek het nou weet hul te vertel die ou voortbrengsels was van geringe gehalte *sonder* om in ag te neem dat vir die minder bevoorregtes en *nie* vir slimmes geskrywe werd nie. Van daar die geringe standaard van letterkundige voortbrengsels.

“Ek kon die ding nie langer staan nie en het my namens die Eerste Skrywers van Afrikaans laat hoor om reg te doen wedervaar aan hulle wat dit verdien het. (...)

“Ek wou die verdediging nie alleen op my gevat het nie, so het ek mnr. Hoogenhout sy dienste ingeroep, dog ongelukkig was hy in tussen soek so het ek maar die saak manmoedig alleen aangepak.

“Maar die stukke het in biesonder die aandag van vele taalvoorstanders getrek, sodat hul die aandag van mnr. J.L. van Schaik (v/h Wormser) te Pretoria daarby bepaal het om die stukke uit die brandwag in boekvorm oor te druk. Ek het die reg aan hom toegestaan.”⁵

Dit is op grond van die voorgenome boek dat Von Wielligh in dié tyd verskeie briewe aan Du Toit, maar ook ander GRA-lede, geskryf het om meer inligting omtrent die GRA in te win.

Hy vervolg sy brief aan Du Toit deur te sê: “Nou het ek reeds met mnr. C.P. Hoogenhout beraadslaag, of hy, u en ek die saak nie breedvoerig voor die wêreld in boekvorm sal lê nie. Ons moet die saak so opvat: Als ons, wat nog lewe, die regte van die Eerste Skrywers nie bepleit nie, dan doen ons hulle onreg aan. Want netnou eendag word ’n Afrikaanse Letterkunde Geskiedenis geskrywe en daarin sal, so waar as mossie, die werk van die ou beweging met dolke onder die water gesteeke word. En waarvoor? Ek glo u sal wel baing van die teënswordige kritiek gelees het.

“Nou is my vriendelik versoek aan u om ’n stuk, of stukke te skrywe waarom die ou skrywers nie hoog gemik het nie en als hul dit sou gedoen het, dan sou die saak daar gebly het waar dit begin het. Ek wil nie aan u dikteer wat u moet skryf nie, want u weet mos baing beter als ek en u kan baing beter als ek dit doen.

“Nou Oom Lokomotief, ek weet u het bevele gegee – niks van u na uw sterfte te sê nie. Verskoon my vriendskappelike aanmerking. Als ons dood is, dan is ons afgesluit van ’n gevoelige wêreld, wat sy dierbare bemin het, wat die arbeid en opoffering van sy [weldoenders] op prys stel. Hulle bly agter, hulle leef, hulle voel en waarom die gevoel ’n klap in die gesig gee? Die oog wil ’n traan stort, die tedere hand van liefde wil ’n blommetjie op die graf lê en ’n dankbare gedeelte van die volk wil die *laaste eer* onafgebroke laat voortgaan. Moet hulle agting dan ophou bestaan als die aarde die doodkis dek? Kan dit gebeur? Is dit moontlik? Die lewende voel en waardeer, die gestorwene is naar ander oorde verplaas en waarom mag niemand oor hul treur en hulde bring nie? Die mens is een maal ’n mens en sodra hy aan die koorde van dwang gelê worde, is hy ’n vis buitekant die water.

“Mnr. Hoogenhout praat glad van loon weg te hê als mense iemand prys. Alemaskas als dit so moes wees dan sal baing daar Bo leë hande moet om draai. Wie kan help als hy geprys word? Is daar iemand wat andere sy bekke kan toeprop? Maar als iemand iets doen *om geprijs te worde* dan ontvang hy sy loon. Nou is die saak hier anders. Niemand streef naar selfverheffing nie. Dis alleen om historiese letterkundige feite vir die nageslag te bewaar en waar is daar nog twee ander buite u en mnr. H. wat dit so goed kan doen?

“Dis nie eieverheffing nie; maar dis om die standpunt, én doel én strewe van weldoeners van hulle volk reg te laat wedervaar teënoor later indringers.”

Du Toit het geantwoord dat hy Von Wielligh se ywer bewonder en die wyse waardeer waarop hy die taalbeweging voorgestel het. “Wat mij aandeel in die taalbeweging betref - dit is verbij. Die heel klein bietjie, wat ek tot die beweging kon bydra en bijgedra het, is in mij eie skatting, veels te gering om in herinnering gehou te word.”

Dié brief, asook twee ander van Du Toit, het Von Wielligh anoniem opgeneem in *Eerste skrywers*, wat J.L. van Schaik in 1918 uitgegee het; dit was ’n mooi versorgde

boek, met die titelblad waarop ook die GRA-wapen voorkom, in rooi gedruk. Bo aan Du Toit se brief verklaar Von Wielligh: “Dit doen ons leed dat ons nie verlos het om die naam van hierdie hoogsgeagte lid van die Genootskap te mag plaas nie. Hij egter was altijd een van die staatmakers.” Dat Du Toit die skrywer is, blyk uit die tweede druk, waarin sy naam wel vermeld word. Hierdie briewe, asook ander van C.P. Hoogenhout, Gideon Malherbe en F.W. Reitz, is deel van afdeling III van die boek. *Die Brandwag*-artikels vorm afdeling I en bykomende inligting oor die taalbeweging afdeling II.

Die verhouding tussen Du Toit en Von Wielligh was goed genoeg dat dit nie bederf is deur ’n kritiese brief van Du Toit en ’n antwoord daarop in *Eerste skrywers* nie. Du Toit het in *Die Brandwag* van 25 Oktober 1917 geskryf dat hy die reeks “met genoeg” gelees het, maar het enkele foute reggestel. Von Wielligh het op 25 Augustus 1917 beweer dat die intekenaars “bij groot getalle” die *Patriot* bedank het omdat die blad die Rhodes-politiek verkondig het oor die Brandsiektewet en die Adendorff-trek van Afrikaners na Masjionaland in die huidige Zimbabwe.

Du Toit het die *Patriot* se beleid hieroor verdedig, ontken dat die blad teen 1890 al baie intekenaars verloor het en gekonstateer dat die *Patriot* eers ná die Jameson-inval en in die Tweede Vryheidsoorlog lesers “bij dosijne” verloor het vanweë die politiek. “Eigelik het hulle nie juis bedank nie, maar met die oorlog was die poskommunikasie so ellendig dat die grote massa krante eenvoudig hulle bestemming nie kon bereik nie, en krante, boeke en ander wettige rekenings toen bij honderde ponde aan ons nooit betaal is nie. En daar die ‘Patriot’ sij grootste ondersteuning had in die Vrijstaat en Transvaal en in ons Grensdistrikte, waar die oorlog en opstand toen in volle gang was, is dit heel begripelik dat dit ons toen onmogelik was in (om?) langer vol te hou.”

Von Wielligh het hierdie uiteensetting nie aanvaar nie, en sonder om Du Toit se naam te noem (hy verwys na ’n lid van die beweging) geskryf: “Ons wapenbroer egter lij nog swaar aan die gevolge van ’n gevaarlike operasie en daar hij die latere politiek van die ‘Patriot’ wil verdedig en moeilik sal regkrij, so stap ons verder aanmerkings liewers verbij en verwijs die leser na die uitspraak van ander prominente lede van die Genootskap, wat sal getuig dat ons uiteensetting nog die korrekste is wat onder hulle aandag gekom het” (1918:129).

Die eerste oplaag van die boek is gunstig ontvang en is in ’n betreklike kort tyd heeltemal uitverkoop. Von Wielligh het die boek omgewerk en die tweede druk het in 1922 verskyn. Hy sê in die voorwoord dis nie meer “’n verdedigingsgeskrif om die baanbrekers te verdedig” nie, maar ’n behandeling van die feite oor die Genootskap “volgens tydsopvolging”.

Vir sy navorsing het hy ’n treinreis na Bloemfontein onderneem om die geskiedenis van die beweging grondig met Du Toit te bespreek sodat sy geskiedenis “die seël van sy instemming ontvang het – maar nie sonder voorbehoude nie: hy wil sy naam en dae nie so prominent vermeld sien nie. Dog na hierdie saak bespreek

te hê, het hy ten slotte halfhartig ingewillig” (1922:VI). Verder is stukke van M.J. Stucki (vroëer onderwyser op Blouville, Wellington) en prof. W.J. Viljoen, ’n tyd lank superintenden-generaal van onderwys in Kaapland, opgeneem.

In 1925 is *Baanbrekerswerk* uitgegee. Volgens die voorwoord is dit bedoel “as aanvulling” van *Eerste skrywers*. Von Wielligh was dikwels die slagoffer van setfoute en ander flaters en ’n fout het *Baanbrekerswerk* ook getref. Die setters het soms sy hoofletter-F vir ’n J aangesien en die gevolg is dat daar heelparty foute met voorletters in die boek staan, soos D.J. du Toit pleks van D.F. du Toit.

Nog twee stukke van hom oor die taalbeweging verskyn in die *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners* (1875-1925), wat in 1926 deur die Afrikaanse Studentebond uitgegee is.

4. Kommentaar op en aantekeninge by Von Wielligh se werk

Von Wielligh se werk bevat baie inligting oor die negentiende-eeuse taaltoestand. ’n Hele paar fasette van die beweging kom in sy werke aan die lig, wat ’n mens weliswaar soms met informasie uit ander bronne moet aanvul om ’n vollediger beeld te kry.

4.1 Die begin van die taalbeweging

Reeds in die negentiende eeu het GRA-lede met mekaar verskil oor wanneer die taalbeweging begin het. “’n Lid fan di Genootskap fan Regte Afrikaners”, skuilnaam van S.J. du Toit, meen in 1879/1880 dit het in 1874 begin met sy briewe oor “Die Afrikaanse taal” in *De Zuid-Afrikaan* onder die skuilnaam “Een ware Afrikaander” (Du Toit 1909:16). Vir J.D. du Toit (1917:100), wat sê dat hy S.J. du Toit se mening stel, begin dit met die stigting van die GRA, vir Pannevis (1883) in 1872 met sy brief in *De Zuid-Afrikaan* oor die wenslikheid van ’n Bybelvertaling in Afrikaans ter wille van bruin Afrikaanssprekendes wat nie die Nederlandse Bybel verstaan nie. Von Wielligh (1922:43) haal die mening van Oom Lokomotief aan (sonder om egter te verklaar of hy saamstem): “Die voorbereiding is nog nie die daad self nie. So, volgens my mening, het die Afrikaanse Taalbeweging op 14 Augustus 1875 met die oprigting van die Genootskap begin.”

Die begin van taalbewegings was ook die tema van ’n polemieek wat in 1921 in *De Burger* tussen J.H.H. de Waal en E.C. Pienaar gevoer is. Hulle het met mekaar verskil oor wanneer die *tweede* taalbeweging begin het. J.J. Smith, professor in Afrikaans, maar ook redakteur van *Die Huisgenoot* het in die nommer van September 1921 daarop gewys dat die beantwoording van die vraag afhang van watter betekenis ’n mens aan beweging heg.

Hy sê dat as beweging dieselfde is as “georganiseerde beweging met sistematiese propaganda” of “georganiseerde beweging in die vorm van ’n vereniging”, het die

tweede taalbeweging begin met die stigting van die Afrikaanse Taalgenootskap (ATG) op 13 Desember 1905 in Pretoria – elf maande voor die stigting van die Afrikaanse Taalvereniging (ATV) op 3 November 1906 in die Kaap.

Hy gee met verwysing na die *Woordenboek der Nederlandsche Taal* egter voorkeur aan die betekenis van *beweging* as “voortgang, verandering, omwenteling, opskudding, t.w. in sake van staat, godsdiens wysbegeerte, ens.” Dan sluit dit “alle propaganda en partikuliere bemoeiinge” in. Aanvaar jy dit, het die tweede beweging in die Kaap begin. Daar is *De Goede Hoop* in Julie 1903 opgerig met ’n erkende voorstander van Afrikaans as redakteur. (Hy verwys hier dus na De Waal.) In die Kaap het daar van September 1904 af ’n felle koerantstryd gewoed tussen voorstanders van Vereenvoudigde Hollands en Afrikaans.

Smith beweer egter nie dat De Waal met die beweging begin het nie, maar sê alleen dat dit verkeerd sou wees om te sê dat dit met Preller begin het. Voor die stigting van die ATG “was die lug oral in Suid-Afrika vol elektrisiteit. In Augustus 1905 skryf prof. (P.J.G.) De Vos dat die taalstryd in die noorde nie heftiger is as in die suide nie. Daar was oral lewe en beweging sodat dit o.i. onmoontlik is om te sê dat die beweging van een sentrum na ’n ander gesprei het; daar was oral reaksie ná die Engelse Oorlog, en die gemoedere was oral gaande.”

In ooreenstemming met hierdie standpunt suggereer hy in ’n latere hoofartikel (November 1922) dat hy meen dat die taalbeweging reeds voor die oprigting van die GRA begin het. Ook J. du P. Scholtz (1965: 183 ev) huldig by implikasie dié mening. In elk geval verskaf Scholtz soveel gegewens oor taalaktiwiteite en taalpropaganda uit die tydperk voor 14 Augustus 1875 dat ’n mens moet konkludeer dat die beweging toe al aan die gang was.

Von Wielligh verwys wel na die Cradockse gesprekke tussen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar, maar het geen kennis gedra van die “Maleier-Afrikaanse Taalbeweging” wat Du Plessis (1986: 29-36) beskryf nie.

4.2 Intieme kennis van die hooffigure

Wat Von Wielligh se bydrae waardevol help maak, is ’n eienskap wat hy noem in verband met die brief van W.J. Viljoen oor die Vereenvoudigde Hollandse spelling: “Hy kan met gesag praat, daar hy die geskiedenis [...] help meemaak het en dit nie uit boeke ontleen het nie.” Von Wielligh het die geskiedenis meegemaak, die GRA-stigters geken en met party gekorrespondeer.

Sy mededelings oor die verlede is vol interessante besonderhede. Hy gee ’n lewendige beskrywing (1926:56 ev) van wat op 14 Augustus 1875 gebeur het. d’Assonville (1999:69-70) maak daarvan gebruik in sy biografie van S.J. du Toit.

Von Wielligh skryf dit was daardie Saterdagmore naar en winderig in die Paarl. Die suidooster het teen die hange van die Klein Drakensteinse gebergte afgedaal, ’n vaart oor die vlaktes geneem en stof in die Pêrelse strate opgewaai.

Dié oggend het 'n paar jong mans een-een, soms miskien twee saam, in Pastorielaan afgestap na die huis van Gideon Malherbe. Met sy wit baadjie aan en 'n wit hoed op het hy hulle by die voordeur ontvang en na sy ruim eetkamer gelei.

Die agt mans wat daardie dag bymekaargekom het, was almal betreklik jonk, “ons kan amper sê, volgroeiende seuns”. Uit hul voorkoms sou 'n waarnemer nooit kon aflei “watter wilskrag daardie jong manne besiel het nie. Toe hul name later bekend geword het, is met veragting op hulle neergesien en die teenstanders het uitgeroep: ‘Wat? Wil daardie skoolmeestertjies en Dalse wynboertjies vir ons van 'n Hotnotstaal 'n beskaafde taal maak?’” (1926:57-58).

'n Mens kom uit Von Wielligh se relaas nie mooi agter waarom die byeenkoms met soveel geheimsinnigheid plaasgevind het nie. Dit blyk uit ander bronne (Du Toit, 1917:16-19; Oberholster, 1950:28-33; Giliomee, 2004:175-176; d'Assonville, 1999:63-73 en D.A. Scholtz, 1975:31- 39.) dat die rede hiervan die bittere verdeeldheid in die NG gemeente Paarl was ná die dood van ds. G.W.A. van der Lingen. Hy was een van die eerste strydere teen verengelsing en het in 1858 die Paarlse Gimnasium as 'n vrye Christelike private Hollandsmediumskool opgerig in 'n tyd toe alle openbare skole in die kolonie slegs Engels moes gebruik. Dis by dié skool dat Arnoldus Pannevis skoolgehou het en S.J. du Toit een van die leerlinge was. Toe Van der Lingen in 1869 oorlede is, het ds. Gilles van de Wall in sy plek gekom. Hy was 'n gebore Nederlander, wat sy opleiding in Amerika ontvang het en geruime tyd daar werksaam was voordat hy na Suid-Afrika gekom het, eers na Bloemfontein. Sy simpatie het nie by die Gimnasium gelê nie, hy het ook gou Engelse dienste in die NG gemeente Paarl ingevoer. Heelparty gemeentelede was ontevrede, en toe Van de Wall in 1874 Kaapstad toe is, het die Van der Lingen-aanhangers hulle telkens daarvoor beywer dat S.J. du Toit daarheen beroep word. Maar elke keer is 'n ander predikant beroep, wat dan vir die beroep bedank het.

Uiteindelik het die Van der Lingen-volgeling 'n eie gemeente gekry – Noorder-Paarl, wat op 26 Julie 1875 formeel in die saal van die Gimnasium gestig is. Dit was, vreemd vir daardie dae, 'n gemeente sonder grense. Daar was baie arm lidmate, die meeste van hulle gekleurde. Die kerkraad moes op 16 Augustus hul eerste predikant beroep. Die waarskynlikste kandidaat was S.J. du Toit wat alreeds in die gemeente werksaam was.

Maar die spanning in die gemeente was nog groot en hy kon dit nie waag dat sy vyande moontlik sou verkondig dat hy met sommige lede van die gemeente konkel nie. Ses GRA-stigterslede was lidmate van Noorder-Paarl: S.J. du Toit en sy broer D.F., S.G. du Toit, D.F. du Toit of “Daan Dokter”, Gideon Malherbe en August Ahrbeck (Oberholster, 1950: 32). Die vergadering moes voorlopig geheim bly, en die teenwoordiges het so een-een en twee-twee by Malherbe se huis opgedaag omdat dit die aandag sou trek as sewe mans saam die straat afstap. Die voorsorg was voldoende, en op Maandag 16 Augustus 1875 is Du Toit as eerste leraar van die gemeente beroep.

Von Wielligh gee 'n beskrywing van die stigters se gewoontes en taalgebruik en selfs voorkoms en kleredrag. 'n Eienaardigheid in Hoogenhout se eerste geskifte was dat hy *mot* in plaas van *moet* gebruik het, en dit was ook in sy spraak waarneembaar (1926:59). D.F. du Toit het van 'n goeie grap gehou. Hy was aan sy een oog “effens soetskeel, na die buitekant, en dit het hom heel goed gestaan wanneer hy iets grappigs vertel” (1926:60). Von Wielligh wys op die feit dat soveel lede van die GRA familie van mekaar was. Interessant is dat ook hy met S.J. en D.F. du Toit verwant was. Hy spreek in 1917 laasgenoemde in 'n brief as “neef” aan en skryf: “Als ek u neef noem, dan slaan ek die bal nie vér mis nie; want uw moeder en mij moeder was ‘eie-niggies’ van die Retief kant.”⁶

4.3 *Strewe na billikheid en ewewigtigheid*

Die eerste uitgawe van *Eerste skrywers* was reeds by die drukkers toe J.D. du Toit (Totius) se biografie van S.J. du Toit verskyn het. Dit meld Von Wielligh in 'n tweede voorwoord in die boek. Hy noem Du Toit se werk daar uitmuntend, maar maak nie sonder voldoening nie in 'n brief aan C.P. Hoogenhout melding van wat D.F. du Toit aan hom geskryf het: “En toen ek die gesegde van Oom L. (Lokomotief) gekry het dat naar sy beskouwing dit nog die beste uiteensetting van die beweging is, dat ek ieder persoon daarin sy beskeie deel gegee het, was dit my 'n groot aanmoediging want hy voeg in vertrouwe daarby dat hy nie alles wat Dr Japie du Toit in sy ‘Lewe van Ds.’, omtrent die een en ander (meedeel?), graag sou wou onderteken nie.”⁷

Von Wielligh se strewe na billikheid kom tot uiting in die moeite wat hy gedoen het om inligting in die hande te kry oor minder bekende deelnemers aan die taalbeweging. In 'n brief aan D.F. du Toit op 5 Oktober 1917 verwys Von Wielligh na 'n paar name wat Du Toit genoem het, en vra: “Kan u my iets meer van hulle in kort meedeel? en sê wat hul gedoen het en of hul nog leef. Waarom moet ons sulke verdienstelike name aan die vergeetelheid toevertrou?”⁸ So kon hy by hom bykomende inligting verkry oor ds. D.P. Rossouw oftewel “Cefas” en D.P. (Daantjie) van den Heever. Hy maak ook melding van dr. Josias Hoffman van die Paarl, “'n kragtige ondersteuner” – 'n begaafde geneesheer wat volgens J.J. Badenhorst (1972:314) hoë agting geniet het.

Von Wielligh gee veral 'n ewewigtige beskrywing van die hoofdeelnemers aan die taalbeweging. Tot dié tyd was die enigste boek daaroor S.J. du Toit se *Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging*. J. du P. Scholtz, wat baie positief oor Du Toit oordeel en hom “'n nuwe soort Afrikaner” en “die eerste Afrikaanse nasionalis in die eintlike sin van die woord” (1965:194) noem, sê in 'n voetnoot dat Du Toit baie eersugtig was en nie maklik aan ander die eer gee wat hulle toekom nie. In sy *Geskiedenis* het hy die uiters belangrike rol van Hoogenhout, Pannevis en ander “op onvergeeflike wyse verklein” (1965:198).

Von Wielligh laat reg geskied aan almal. Hy skryf dat, as Du Toit nie so 'n sterk wilskrag gehad het nie, die GRA nooit sou ontstaan het nie. Maar sonder sy broer, D.F. du Toit, en Hoogenhout sou hy niks uitgerig het nie, want hulle was, as besadigde manne, sy beste adviseurs en het sy voortvarende planne betoel deur grondige bespreking (1925a: 33). Veral Oom Lokomotief se werk is dikwels onderskat, soos Otto Liebenberg (1976) duidelik aangetoon het. Dit was Oom Lokomotief wat in 1877 Du Toit en Hoogenhout se plan gekelder het om maar die taalbeweging te staak en *Die Afrikaanse Patriot* die mondstuk te maak van die Hollandse Genootskap. Von Wielligh skryf dat Oom Lokomotief vasgetrap het om die werk nie te laat vaar nie. Hy wys ook op Oom Lokomotief se belangrike werk as redakteur, en vertel hoe “n besonder goeie slag” hy met die minder bevoorregte lesers gehad het (1925a: 43).

Hoewel Von Wielligh met instemming skryf oor oom Lokomotief se strewe om die *Patriot* 'n mondstuk van die Afrikaanse beweging te hou, wys hy daarop dat dieselfde koerant hom ook beywer het vir die erkenning van Hollands in die Kaapse parlement en petisies daarvoor deur sy eie agente en met groot koste. “Hollands in die parlement het Afrikaans in die parlement beteken, want hoeveel kon Hollands praat?” (1922:91). Terloops wys hy daarop dat 22 predikante en ouderlinge op die NG sinode van 1880 teen Hollands in die parlement gestem het (1922:80). Dit was dieselfde sinode wat “duisende boekies” teen die *Patriot* laat versprei het (1922:90).

Von Wielligh maak 'n prikkelende bewering wanneer hy sê dat, ondanks S.J. du Toit se tekortkominge, een ding vas staan, en dis dat daar nie sonder hom (Du Toit) 'n taalbeweging sou gewees het nie. Hy vra: “En as die Eerste Taalbeweging nie daar was nie, sou daar ooit 'n Tweede gekom het?” Hy vra dit omdat die Vereenvoudigde Hollandse spelling uit die staanspoor ontsaglike vordering gemaak en spoedig die steun van die kerk en staat geniet het. Von Wielligh sê: “Het die vereenvoudiging eers posgevat, en was daar nie vooraf liefde vir Afrikaans opgewek nie, kan dit hard betwyfel word of Afrikaans na 1906 ooit weer 'n kans sou gestaan het.” Von Wielligh raak hiermee 'n belangrike saak aan, maar hy stel dit te sterk. Die welslae van 'n taalbeweging word eerder bepaal deur ekonomiese en politieke faktore as deur taalliefde, die eienskappe van die taal of sy spelling. Selfs die Kaapse taalbeweging het eers gevorder toe die *Patriot* vir die vryheid van Transvaal pleit het.

'n Taalstryd ontstaan dikwels waar kennis van 'n taal 'n struikelblok word vir goeie loopbane en ekonomiese mobiliteit. Die ZAR het wel “Hollands” as offisiële taal gehad, maar 'n betreklik liberale taalbeleid gevolg en *landszonen* aangestel ook al het hulle Hollands nie volkome beheers nie. (Buitendien het baie Afrikaners in elk geval Afrikaans as “Hollands” beskou.) Pieter Kapp (2009:11) wys egter daarop dat daar teen die einde van die negentiende eeu klagtes in die ZAR was “omdat van die burgers dit al moeiliker gevind het om die verhewe Nederlands te verstaan”. Die

kiem vir 'n taalbeweging het miskien toe al bestaan. Maar, en dis 'n groot “maar”, dit sou nie noodwendig 'n Afrikaanse taalbeweging gewees het nie, maar miskien 'n Engelse beweging.

Die Kaaps-georiënteerde NG predikante en ander geleerdes in die ZAR was teen die oorheersende plek van Hollands in die onderwys en het geagiteer vir meer Engels op skool. Dit was vir hulle nie onnasionaal om vir die kinders 'n beter lewensbestaan te probeer verkry deur 'n groter komponent Engels op skool nie (Zietsman, 1982:300). Party negentiende-eeuse Afrikaners wat sterk gevoel het oor hul Afrikanerskap, het Engels as kultuurtaal gebruik. Dis te betwyfel of dié Afrikaners wat Hollands as kultuurtaal gekies het, 'n beweging na Engels op die duur sou kon stuit. Alleen Afrikaans kon so 'n pro-Engelse nasionale beweging doeltreffend teengaan, en die eerste Afrikaanssprekende wat die taalpolitieke insig en dryfkrag gehad het om die leiding te neem, was S.J. du Toit. J. du P. Scholtz (1965:201) het groot gelyk wanneer hy betoog dat die GRA die Afrikaans-Hollandse kultuur in Suid-Afrika van ondergang gered en 'n nuwe rigting aan die geskiedenis van die land gegee het.

Giliomee (2004:179) konstateer tereg dat Du Toit Afrikaans ten nouste met die identiteit van die Afrikaners gekoppel het. Hierdie koppeling het nie eensklaps geskied nie. J.D. Kestell het byvoorbeeld tot in die 1890-erjare probeer om Engels te gebruik vir sy pro-Afrikaanse boeke (Van Schoor, 1992), terwyl M.E.R. en haar suster Annie Rothmann, albei met 'n ewe sterk volksgevoel, tot in die Tweede Vryheidsoorlog volgehou het om hul briewe en dagboeke in Engels te skryf. Dit was met baie Kaapse Afrikaners die geval.

Trouens, selfs Afrikaners, van wie 'n mens 'n emosionele band met Afrikaans sou verwag het, was nie te vinde vir Afrikaans as kultuurtaal nie. *Die Patriot* was die grootste koerantvegter vir Transvaal se onafhanklikheid ná die anneksasie van 1877, en 'n mens sou kon dink dat dit 'n goeie oorweging kon gewees het om Afrikaans in Transvaal te erken.

Pleitbesorgers was daar wel. Jan Lion Cachet het aan Totius vertel dat hy ná die Eerste Vryheidsoorlog “ernstig aangedring” het by pres. Paul Kruger om Afrikaans die offisiële taal van Transvaal te maak. Een van die prominente lede van die GRA, waarskynlik S.J. du Toit, het in 1881 met die lede van die Driemanskap (Paul Kruger, M.W. Pretorius en Piet Joubert) gepraat oor die invoering van Afrikaans as offisiële taal. Hulle was eenparig daarvoor, maar wou hê dat die volk dit vra. Op kmdt. J.H. Fouché se plaas Olifantshoek, Rustenburg, het die GRA-lid 'n taamlike groot byeenkoms toegespreek, die mense vertel wat die Driemanskap dink, en hulle aangeraai om petisies vir Afrikaans te teken. Die vergadering was eenparig vir Afrikaans (Du Toit, 1917: 112). Hoe en waarom hierdie beweging doodgeloop het, is onbekend, maar die gevoel vir Afrikaans was nie sterk genoeg nie. Artikel 1 van Wet 10 van 1888 het bepaal: “De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen.”

4.4 Begrip van die GRA-lede se gesindheid

Mens kom uit Von Wielligh se werk agter hoe sterk die GRA-lede se pligsgevoel was en hoe hulle weggeskram het van eerbetoon. Hoogenhout het aan Von Wielligh geskryf dat hy “’n verbond gemaak het” met ’n vriend “dat ons mekaar nie in geskrif sal prys nie. Wat ons aan die taaskaak en verder gedoen het, was slegs ons *plig*. En word ons deur die mense daarvoor geprys, dan het ons reeds hier op aarde ons loon weg”. Oom Lokomotief en ds. August Ahrbeck, een van die stigterslede van die GRA, het in dieselfde trant geskryf (1922: 98-99).

Die GRA-lede moes baie opofferings doen vir die saak waaraan hulle geglo het. Von Wielligh meld wat een van die stigterslede, Gideon Malherbe, bygedra het. Hy het onder meer die drukkoste gedra van C.P. Hoogenhout se boekie *Die geskiedenis van Josef*. Ná die stigting van die GRA het hy gratis ’n deel van sy woonhuis aan die drukkerij afgestaan, vir die diens betaal van sy seun Pieter wat bestuurder was, en losies verskaf aan ’n paar lettersetters. Direk en indirek het die saak hom £150 gekos (1918:140). Dit lyk vandag min, maar nie as mens dit vergelyk met die £300 wat ’n “snelpers uit Europa” (vir die *Patriot*) in 1878 gekos het nie. Volgens Von Wielligh (1922:1) was die prys van ’n vet skaap destyds sowat 7s.6d. (nominale waarde 75c), wat daarop neerkom dat die reële waarde van die £150 van Malherbe teen 2010 waarskynlik R400 000 was.

Die persoon wat geldelik miskien die meeste opgeoffer het, is D.F. du Toit, wat in Februarie 1878 die sekuriteit van ’n onderwysbetrekking verruil vir ’n onsekere toekoms as redakteur van *Die Afrikaanse Patriot*, wat geldelik in groot moeilikheid verkeer het. Von Wielligh getuig van Du Toit: “Die Afrikaanse taal was vir hom ALLES.” Hy vertel dat Du Toit weens die aanvanklik geringe salaris as redakteur sy voorgenome tweede huwelik ’n tyd lank moes uitstel. Om die uitgawes te beperk, het hy armoedig gelewe. “Dit het baie maal gebeur dat hy sy klein salarissie teruggestort het om die Afrikaanse saak teen geldelike ineenstorting te bewaar, en verskeie kere het hy net ’n paar pond daarvan vir eie gebruik geneem, waardeur hy sy eenvoudige lewenswyse nog eenvoudiger gemaak het” (1926:60). Liebenberg (1976) gee ’n volledige beeld van Oom Lokomotief se werksaamhede en opofferings.

“Daan Dokter”, wat in 1878 bestuurder van D.F. du Toit & Co. geword het, moes sy boerdery verwaarloos om dit te bestuur. “Vir hom was dit (die bestuur van D.F. du Toit & Co.) geen geldelike verbetering nie, want toe hy die besigheid verlaat en na sy plaas in die Dal terugkeer, het hy duisende vrugtebome aangeplant, waarvan hy ’n groot inkomste ingesamel het” (Von Wielligh 1922: 83). Hy kon dus teen die tyd van sy uittrede in 1898 ’n ryk man gewees het.

Mense was bereid om geld te gee vir die vertaling van die Bybel in Afrikaans. Von Wielligh meld (1922:75) dat die bydraes (altesaam £57 10s. 6d.) ingestroom het, terwyl groot bedrae beloof is. Ene mnr. Oelofse was bereid om ’n verband op sy

plaas te neem om geld vir die Bybelvertaling te kry.

Du Toit (1917:93-94) deel ook mee hoe positief lesers van die *Patriot* gereageer het op 'n artikel waarin die blad se geldelike moeikhede uiteengesit is. Mense het van 5s. tot £20 gestuur.

Die *Patriot*-beweging is die begin van 'n tradisie - wat lank onder Afrikaners voortgeduur het - om geldelik en op ander maniere opofferings vir Afrikaans te doen. Von Wielligh is een van die eerste skrywers wat daarvan verslag doen.

4.5 Perspektief op omstrede GRA-bepalings

Iets wat Von Wielligh in perspektief stel, is twee omstrede bepalinge van die GRA. Die eerste is die geheimhouding van die name van die lede. Dit lyk amper Broederbondagtig; en indertyd het mense gesê: “Dis 'n Vrijmesselaar-spul” (Du Toit 1917:70). Iemand het die reg gehad om te openbaar dat hy self lid is, maar hy mog nie ander lede se name onthul nie. Von Wielligh skryf (1922:46) dat dit vir die lede moeilik was om hul “warme harte vir so 'n groot volksaak in 'n koue harnas van geheimhouding te steek”. Maar dit kon nie anders nie, want “die skel, verwensings en verguising” sou onhoudbaar gewees het. Hy skryf daar is selfs gepraat van “teer en veer, van sambok en bedorwe eiers, pap tamaties en dies meer, selfs van doodskiet, al is dit nie letterlik so gemeen nie”.

Dit is as gevolg van die teenstand dat die naam van die redakteur van die *Patriot* geheim gehou is en hy slegs bekend gestaan het as Oom Lokomotief. Briewe aan die koerant is geadresseer aan Oom Lokomotief per adres *De Zuid-Afrikaan*, Kaapstad, waar dit aanvanklik gedruk is. Later het die naam oorgegaan op D.F. du Toit wat van 1878 tot einde 1890 die redakteur was.

Von Wielligh (1925a:26) bring die aanklagte van onsedelike gedrag wat in 1877 teen ds. Du Toit ingebring is, in verband met die veldtog teen hom as leier van die taalbeweging.

Von Wielligh wei nie oor die saak uit nie, maar dit het gegaan oor iemand se beweringe dat hy een aand op 'n afstand deur die venster in die kamer van 'n diensmeisie 'n man gesien het en dat dié man ds. Du Toit was. Toe Du Toit die dag ná die beweerde voorval die storie hoor, het hy self die kerkraad gevra om die gerugte te ondersoek. Sowel die kerkraad as die Ring het hom onskuldig bevind.

Dit blyk uit die proefskrif van D.A. Scholtz, wat al die dokumente nagegaan het, dat daar sprake is van 'n sameswering teen Du Toit. 'n Pruik en vals baard is as vermomming gebruik om die persoon na Du Toit te laat lyk. Scholtz (1975:50) wys daarop dat die kerklike liggeme die saak ondersoek het in 'n tyd toe die kerkmanne nie Du Toit se geesgenote was nie en dat hulle dus moeilik van toesmeerdery beskuldig kon word. Die kerkraad en gemeente het nooit aan sy onskuld getwyfel nie (Oberholster 1950:75). Wie agter alles gesit het, en wat die motiewe van die daders was, het onbekend gebly.

Hulle het wel in hul doel geslaag, want die stories is telkens opgerakel. Die kerkhistorikus J.A.S. Oberholster (1950:76) sê die saak “het ’n skadu oor sy hele lewe gewerp”. Of dit met die taalbeweging verband gehou het soos Von Wielligh meen, is onduidelik. Maar toevallig of nie, die krisis in Du Toit se lewe het geval in die tyd toe hy wou tou opgooi en die *Patriot* ’n mondstuk wou maak van die Hollandse Genootskap.

’n Tweede omstrede reël was dat alleen mans lid van die GRA kon word, hoewel dit nie uitdruklik so in die bepalings staan nie. S.J. du Toit het op 4 Desember 1875 die lede gevra of die Genootskap vroue as vriendinne wil erken. Die meerderheid wou eers daarvoor dink. Op 15 Januarie 1876 het D.F. du Toit voorgestel dat vroue as “vriendinne” erken word. Sy voorstel is egter verwerp. Sonder om die verband te verduidelik, beweer Von Wielligh (1922:17) dat die houding teenoor vroue te make gehad het met die geheimhouding van die name van lede.

4.6 ’n Nie-elitistiese taalbeweging

’n Belangrike saak wat Von Wielligh (1922:47-49) raakgesien het, is dat die taalbeweging aanklank gevind het by dié mense sonder veel geleerdheid. Hy skryf: “Die platteland, wat op skoolgebied minder bevoorreg was, en gelukkig nie so sterk aan verengels was nie, het die beweging geleidelik toegejuig. En toe wen die saak by die dag veld en die lys van intekenare word steeds langer.

“Dog die geleerde klas en dié wat lank op goeie skole was – vernaamlik dorpskole – het dadelik ’n vyandelike houding aangeneem en die beweging heftig in gesprekke en in geskifte aangeval”.

Dit is ’n belangrike waarneming, want dit gee een van die redes, weliswaar ’n ondergeskikte rede, vir die redelike mate van welslae van die Afrikaanse taalbeweging: die betreklik lae onderwyspeil van die Afrikaners, die gebrek aan ’n stedelike bevolking en die feit dat daar maar ’n heel klein elite was. Petrus van Eeden wat hierop wys (1998:170 ev), sê dat dit in Vlaandere en Noorweë veral die elite was wat die gevestigde kultuurtaal wou behou, terwyl die minder goed geskoolde bevolking en die plattelanders ’n eie taal voorgestaan het. Turkye kon in die 1920-erjare ’n drastiese taalhervorming deurvoer omdat so ’n klein persentasie van die bevolking geleterd was.

In die na-oorlogse taalbeweging het die toestand in een belangrike opsig verander: toonaangewende mense, van politieke leiers tot skrywers en ander intellektuele, het die beweging gesteun en die moeite wat gewone Afrikaners met Hollands gehad het, as ’n argument gebruik om Afrikaans te erken.

Die GRA het aanvanklik heel elementêre spelreëls gehad. Volgens Von Wielligh (1925a:47-48) was die volk nie so danig geheg aan Nederlands nie, maar het die mense gemeen dat die manier van spel volmaak was. Daarom sou dit onverstandig gewees het om meteens ’n “doeltreffende” Afrikaanse spelling in te voer. Die

oorgang van Nederlands na Afrikaans moes ongemerk plaasvind. Die GRA wou nie dadelik vaste reëls gee nie.

Die taalkundige T.H. le Roux oordeel gunstig oor die *Patriot*-sisteem. Mense wat bekend is met die probleme, sal Du Toit se werk “roem”. Dit was ’n sisteem wat grotendeels ’n end gemaak het aan “die inkonsekwensies en reëloosheid van vroeër”. Die *Patriot* het sy reëls gevolg in die gedeelte wat die redaksie versorg het. Daarbuite is ’n ruim mate van vryheid toegelaat (Le Roux, 1926:259-260). Volgens Von Wielligh (1925a:38) het die redaksie “die volk laat kies watter skryfvorm hulle verlang”.

Hy sê ook (1922:54) die spelling het “geleidelik verbeteringe ondergaan” totdat dit in die smaak van die lesers en skrywers geval het. S.J. du Toit het voortgegaan om die spelling “nog meer na die letterklank te reël”. Die spelling is vir die *Patriot* en latere boeke gebruik. (Von Wielligh verwys hier na *i* of *ii* vir *ie* en dus *di* en *hiir*, *f* vir *v*: *fan*, *folksliid* en *γ* in plaas van *ei*, dus *klyn* of *mysiis*.) Hierdie spelling het egter baie teësin van lesers en skrywers opgewek, selfs van die groot meerderheid van die GRA-lede, maar S.J. du Toit, wat toe redakteur van die *Patriot* was, “het sy sin gevolg” (Von Wielligh, 1922:54).

4.7 “Verdedigingsgeskrif”

Ook in die tweede druk van *Eerste skrywers* en in *Baanbrekerswerk* kon Von Wielligh nie heeltemal afskeid neem van die oorspronklike bedoeling van sy geskiedenis nie, naamlik om te dien as “verdedigingskrif om die ou baanbrekers te verdedig” (1922:V).

Dit blyk uit sy opmerkings dat die toe nog oorlewende deelnemers aan die eerste beweging seergemaak gevoel het oor die houding van die volgende geslag taalyweraars. Dat die jonger geslag geen notisie van die Genootskap geneem het nie, was ’n klap in die gesig van die lede van die ou garde”. Wat “fyng gevoel oorskrei het was om die voortbringsels van die Genootskap as minderwaardig en van lae gehalte te verklaar” (1925a: 86).

Elders verklaar hy dat die ou garde aan die begin van die tweede taalbeweging bly stil sit het omdat hulle gevoel het dat hulle onwelkom by die nuwe geslag is; “ook omdat die slegmaak van hul werk deur die geesdriftige nuwe skrywers hul baie, baie seergemaak het, want dit was eie honde, wat byt en nie meer vyande nie” (1925a:90),

Hy sê dat Preller die enigste was wat om inligting aangeklop het, en dat dit “met die grootste gewilligheid” verskaf is (1922:97). D’Assonville (1999: 330 ev) verstrekk besonderhede oor die korrespondensie tussen Preller en Du Toit oor laasgenoemde se opvatting, soos uiteengesit in *Afrikaans ons volkstaal. 71 theses of stellinge*, en hy noem Du Toit ietwat oordrewe “die stille krag agter die Tweede Taalbeweging” (1999:331).

Von Wielligh suggereer dat die soort leesstof wat die eerste skrywers moes lewer, verantwoordelik was vir die aard en gehalte van hul skryfwerk. Die eerste skrywers moes leeslus wek. Die stukkies moes baie kort wees - hy gee voorbeelde

van eensin-mededelings in *Ons Klyntji* (1925a:54). Die Genootskap was vas daarvan oortuig dat minder bevoorregtes gretig sou lees “wanneer aan hulle besorg word geestesvoedsel, wat hulle maklik kan verteer.” Dat die Genootskap dit reggekry het, toon die groei van die *Patriot* tot die mees verspreide en gelese blad met die grootste aantal geesdriftige intekenaars (55).

Om aan die eerste skrywers te vra waarom hulle nie uit die staanspoor kuns gelewer het nie, sou net so goed wees as om aan die Voortrekkers te vra waarom hulle nie van die begin af mooier en geriefliker woonhuise gebou het nie. “In albei gevalle was die stryd vir die verowering te heftig en die afloop te onseker om die kragte te verdeel” (1925a:67).

Von Wielligh maak darem met genoegdoening melding van die erkenning wat gekom het van D.F. Malherbe, J.J. Smith en T.H. le Roux. Hulle drie was die toonaangewende jong taalkundiges van hul tyd, al drie manne wat in Europa gaan studeer het. Hulle drie het die eerste Afrikaanse woordelys en spelreëls opgestel en in die voorwoord van die eerste uitgawe hulde aan die Genootskap gebring.

Die voorwoord begin met die volgende woorde: “Na aanleiding van die vordering wat Afrikaans die laaste jare gemaak het, het een uit die ou taalgarde hom onlangs op die volgende wyse uitgedruk: dis tog maar waar, die een sal saai en die ander sal maai. So is dit. Hierdie woordelijs en hierdie spelreëls is die vrug van die werksaamhede van die taalpioniers, die lede van *Die Genootskap van Regte Afrikaners*, opgerig in die Paarl op 14 Augustus, 1875.”

5. Samevatting

Von Wielligh se *Eerste skrywers*, en veral die eerste druk, is sekerlik nie altyd goed gestruktureer nie, en dit het, soos die hegter gestruktureerde *Baanbrekerswerk*, ’n apologetiese karakter. Daarteenoor staan dat hy billik en ewewigtig oordeel, en belangwekkende inligting oor die pioniers verstrekkend en omstredende aspekte van hul werk in perspektief probeer stel. Omdat hy een van die pioniers van die negentiende-eeuse Suid-Afrika was, het hy besef hoe moeilik die baanbrekerswerk was. Tereg laat hy die klem val op deugde en verworwenhede, minder op die foute en die gebreke. Hy het so sterk oor S.J. du Toit se politieke ommekeer gevoel dat hy hom aan *Die Afrikaanse Patriot* onttrek het, maar noem hom nogtans ’n boesemvriend, en loof sy wilskrag en intellektuele vermoëns. Daar spreek veral uit *Eerste skrywers* ’n menslikheid, ’n waardering vir sy medestryders en ’n strewe om reg te laat geskied aan ’n vorige geslag met al sy tekortkominge.

’n Mens vind geen getuienis in sy werk of in dié van sy tydgenote wat die siening staaf dat Afrikaner-nasionaliste Afrikaans om politieke redes “gekoop” of alleen vir hulleself toegeëien het nie. Die GRA-lede was kinders van hul tyd, en nie vry van destydse vooroordele nie, maar hulle het nie die bruin Afrikaanssprekendes benadeel deur die standaardisering en bevordering van Afrikaans nie. Die taalbeweging is

begin deur die persoon met die meeste insig en dryfkrag, en dit was S.J. du Toit, maar in sy gemeente was daar ook bruin mense. Sy siening dat Afrikaans 'n taal vir wit en bruin mense is, word weerspieël in die briefwisseling oor 'n Bybel in Afrikaans. Hy het aan ds. George Morgan van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap geskryf (Du Toit, 1909: 64) dat die “enigste manier om di Afrikaans-sprekende bevolking, blanke en gekleurde, te beskawe, deur middel fan hulle *Moedertaal* moet geskide...”.

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

- Antonites, A.J.** 1968. Von Wielligh, Gideon Retief. In *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 1, 895-896. Kaapstad: Nasionale Boekhandel (vir Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing).
- D'Assonville, V.E.** 1999. *SJ du Toit van die Patriot (1847-1911)*. Weltevredenpark: Marnix.
- B(adenhorst), J.J.** 1972. Hoffman(n), Josias Mathias in *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* III, Kaapstad: Tafelberg (vir Nasionale Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing).
- De Waal, J.H.H.**, 1939. *Versamelde Werke, deel I. My herinnerings van ons taalstryd*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Du Plessis, L.T.** 1986: *Afrikaans in beweging*. Bloemfontein: Patmos.
- Du Toit, J.D.** 1917. *Ds. S.J. du Toit in weg en werk*. Paarl: Paarl Drukkers Maatschappij Beperk. (Faksimilee-heruitgawe deur Tafelberg, Kaapstad, in 1977).
- Du Toit, S.J.** 1891. *Afrikaans ons volkstaal. 71 theses, of stellinge*. Paarl: D.F. du Toit & Co.
- Du Toit, S.J.** 1909. *Geskiedenis fan di Afrikaanse Taalbeweging* (herdruk). Paarl: Paarl Drukkers Maatskappy, Beperk. (Eerste druk 1880; oorspronklik in *Die Afrikaanse Patriot* in 1879.)
- Giliomee, Hermann.** 2004. *Die Afrikaners. 'n Biografie*. Kaapstad: Tafelberg.
- Kapp, Pieter.** 2009. *Draer van 'n droom. Die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns 1909-2009*. Hermanus: Hemel en See boeke.
- Le Roux, T.H., D.F. Malherbe en Johannes J. Smith,** 1917. *Afrikaanse Woordelys en spelreëls*. Bloemfontein: Nasionale Pers (“Die Volksblad”-Drukkerij).
- Liebenberg, Otto Jaekel.** 1976. *D.F. du Toit (Oom Lokomotief): taalstryder, joernalis en letterkundige*. M.A.-verhandeling aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Louw, S. A.** 1963. Afrikaanse Spraakgebiede, in *Taalkundige Opstelle van oud-studente aan prof. Dr. T. H. Le Roux*. (20 – 35). HAUM. Kaapstad/Pretoria.
- M.E.R.**, kyk by Rothmann, M.E.
- Muller, C.J.F.** 1990. *Sonop in die suide*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nienaber, P.J.** 1972. Du Toit, Ernst Johannes. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordenboek* (II), 214. Kaapstad: Tafelberg (vir Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing).

- Oberholster, J.A.S.** 1950. *'n Driekwart-eeu van Gods liefde. Noorder-Paarl 1875-1950.* Paarl: NG Kerkraad Noorder-Paarl.
- Pannevis, A.** 1883. Het jaar 1872 voor Nederland en Zuid-Afrika in *De Hollandsche Afrikaan*, 22 Augustus 1883, oorgeneem in *Die Huisgenoot*, November 1922.
- Preller, Gustav S.** 1932. G.R. von Wielligh. *Die Huisgenoot* XV (545), 29 September 1932, 35.
- Rothmann, M.E.**, 1972. *My beskeie deel.* Kaapstad: Tafelberg.
- Scholtz, David Adelbert.** 1975. *Ds. S.J. du Toit as kerkman en kultuurleier.* D.Th.-proefskrif aan die Universiteit van Stellenbosch.
- Scholtz, J. du P.** 1965. *Die Afrikaner en sy taal 1806-1875* (herdruk). Kaapstad: Nasou.
- Schoonees, P.C.** 1927. *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging.* Tweede, omgewerkte en vermeerderde druk. Pretoria-Kaapstad: De Bussy-HAUM.
- S (mith), J.J.** 1919. Lewensskets. Gideon Retief von Wielligh. *Die Huisgenoot*, IV (41), November 1919, 187-188.
- Van Eeden, P.P.** 1998. *Afrikaans hóórt by Nederlands.* Howick: Brevitas
- Van Schoor, M.C.E.** 1992. *John Daniel Kestell 1854-1941.* Bloemfontein: Oorlogsmuseum van die Boererepublieke.
- Von Wielligh, G.R.** 1918. *Eerste skrywers.* Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 1921. *Boesman-stories, Deel I,* Tweede Druk. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Von Wielligh, G.R.** 1922. *Eerste skrywers* (tweede druk) Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 1925a. *Baanbrekerswerk.* Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 1925b. *Ons geselstaal.* Pretoria: Van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 1926. Persoonlike herinneringe van die Patriotmanne. In *Gedenkboek ter eere van die Genootskap van Regte Afrikaners (1875-1925)*, Potchefstroom: Afrikaanse Studentebond, 56-65.
- Von Wielligh, G. R.** 2009. *Versamelde Boesmanstories I.* Pretoria: Protea Boekhuis.
- Von Wielligh, G.R.** s.j. Sy lewensloop. Handgeskrewe manuskrip (10 bladsye) in besit van NALN.

Note

1. Die program is aangebied deur die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en navorsingsentrum (NALN) in samewerking met die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans van die Universiteit van die Vrystaat en die Bloemfonteinse Skrywersvereniging. Die inisiatief is geneem deur Otto Liebenberg, kurator van NALN.
2. Sy naam verskyn nie in die notule van daardie vergadering nie, miskien omdat hy nie lid was nie.
3. Die Akademie se *Woordelys en spelreëls* het in 1917 alleen die spelling met *ij* erken.
4. Von Wielligh skryf: "Die een spraakafdeling beïnvloed die ander, en gevolglik ontstaan daar tussen die twee 'n strook wat aan albei behoort. En tog word gesê: Só praat die Bolander, só die

Ondervelder, só die Namakwalander, ens. Wanneer ons ondersoek instel, sal ons ongeveer tien sulke spraakafdelings aantref - elkeen met sy eienaardige spreekwyse, woordgebruik en manier van uitdrukking - sonder dat een presies kan afgebaken word.” (*Ons Geselstaal*: 122). (Ek bedank Christo van Rensburg wat my aandag op Louw se uitspraak gevestig het.)

5. NALN 139/269: Von Wielligh aan D.F. du Toit, 17 September 1917. Die brief is in elektroniese formaat aan my beskikbaar gestel deur Otto Liebenberg, kurator van NALN.
6. Von Wielligh aan D.F. du Toit (Oom Lokomotief), 5 Oktober 1917.
7. NALN (RGN-versameling (Nr. 5033) Von Wielligh aan C.P. Hoogenhout, 9 Oktober 1917.
8. NALN, D.F. du Toit-versameling: bundel 1 (87-80): Von Wielligh aan D.F. du Toit, 5 Oktober 1917.

Landmeter Von Wielligh op ongekarteerde taallandskap

Corlietha Swart

On 12 August 2009 (GRA Day), 150 years after the birth of the writer and linguist G.R. von Wielligh and almost 80 years after his death, the National Afrikaans Literary Museum (NALN) under the curatorship of mr Otto Liebenberg hosted a commemorative function in co-operation with the Bloemfontein Writers' Association (BSV) and the Department of Afrikaans and Dutch, German and French of the Faculty of the Humanities of the University of the Free State. In addition to being the first and youngest surveyor-general of the Z.A.R (South African Republic) appointed at the age of 25, Von Wielligh was a pioneer of Afrikaans linguistics and literature, far ahead of his contemporaries, leaving researchers with a rich heritage in both fields. This achievement was all the more remarkable since he was blind when he produced most of his significant work. The full scope and complexity of his heritage can only be unveiled by researchers in the wide variety of fields he explored coming together to share their findings, preferably resulting in a biography of the writer. This article, focussing on Von Wielligh's linguistic work, highlights the extent of his achievement – for which he did not always receive the credit he was due.

1. Inleiding

Gideon Retief von Wielligh (skuilnaam: Hans Kaapnaar) is op 1 April 1859 op die plaas Vrye Guns in die Paarl, gebore en op 9 Augustus 1932 in die distrik Hendrina oorlede. Alhoewel hy sy sig grotendeels op 44-jarige ouderdom in 1903, kort na die Anglo-Boere-oorlog, verloor het toe kalk op 'n karnaval in Delagoabaai in sy oë gegooi is (hy kon daarna maar vyf tot ses letters op 'n slag sien), was hy 'n navorser met vele fasette. Dit, danksy 'n blymoedige geaardheid en 'n lewenslange diensbaarheid aan die doelstellings van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA).

Von Wielligh se 150ste geboortedag is in 2009 tydens 'n Von Wielligh 150-huldigingsprogram by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein herdenk. Mnr. Otto Liebenberg, NALN se kurator, het die inisiatief geneem om in samewerking met die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die Vrystaatse Universiteit (UV) en die Bloemfonteinse Skrywersvereniging (BSV), hierdie onderskatte figuur se grootliks vergete bydraes op 'n aantal terreine opnuut te laat ondersoek. Dit is gekomplementeer met 'n insiggewende uitstalling onder die titel, *G.R. von Wielligh – pionier-landmeter van die Afrikaanse woordlandskap*, wat deur Von Wielligh se oudste lewende kleinkind, emeritus-professor Deon von Willich,¹ geopen is. 'n Interessante artefak in die uitstalling was die outentieke kunswerk van die wapen van die Genootskap van Regte Afrikaners wat G.R. von Wielligh as 16-jarige seun in 1875 geteken het. Die uitstalling het ook memorabilia en voorbeelde ingesluit van sy onveranderde, sierlike handskrif waarmee hy steeds persoonlike en uitgebreide korrespondensie en 'n reeks boeke geskryf het ten spyte van sy gebrek.

Volgens Liebenberg regverdig Von Wielligh 'n volwaardige biografie. Die uiteenlopende vakgebiede wat betrokke is, sal volgens hom egter buitengewone eise aan 'n biograaf stel. Benewens die vervlegte genealogiese Bolandse bande met onder meer die Retiefs, Du Toits en De Villierse, aktiveer dit spesialisgebiede strekkende van die landmeterkunde en karteringsgeskiedenis van Suidelike Afrika, tot die Afrikaanse taalbeweging en die gepaardgaande geskiedskrywing daarvan. Die Bolandse en ZAR-kontekste en die rol van die Anglo-Boere oorlog sal deurentyd verreken moet word. Dieselfde geld vir verskeie fasette van die taalkunde (byvoorbeeld taalgeskiedenis, taalgeografie en gewestelike spraak of taalvariasie, toponimie, terminologie, leksikografie en ortografie). Dit sluit verder in die Khoi (Hottentot) en die San (Boesman) se mistiek, kultuur en mondelinge verhaleskat, joernalistiek en skeppende skrywerskap, vertaalkunde, kultuurgeskiedenis en selfs byeboerdery (waaroor hy 'n boek geskryf het). Die seminar by NALN was bedoel as 'n oproep aan navorsers om hierdie wye verskeidenheid terreine om Von Wielligh se nalatenskap na te vors en te dokumenteer as boustof vir 'n voorgestelde Von Wielligh-biografie.

2. Taalkundige nalatenskap

2.1 Dokumentering: 'n opdrag van die GRA

Daar word in hierdie verkennende artikel spesifiek gefokus op Von Wielligh se taalkundige nalatenskap. Dit is te meer 'n merkwaardige nalatenskap in 'n gespesialiseerde vakgebied as in ag geneem word dat 'n jong Von Wielligh self vir sy studies moes betaal omdat die familie weens borgstaan alles verloor het. Sy skoolloopbaan het ook eers op elfjarige ouderdom 'n aanvang geneem.

Sy begaafdheid blyk reeds uit die feit dat hy reeds op vyftienjarige leeftyd 'n landmeter van beroep was. Op vyf-en-twintig was hy landmeter-generaal, die jongste in die geskiedenis van Suid-Afrika. Juis hierdie beroep het vir hom die ideale omstandighede geskep vir taalkundige veldwerk aangesien hy die land deurkruis en gereeld by mense uit verskillende streke oorgebly het. Sodoende kon hy hul taalgebruik eerstehands bestudeer en dokumenteer.

Laasgenoemde noem hyself in die voorwoord van *Ons Geselstaal* (1925) "...'n na-oes van 'n opdrag van die GRA aan lede om aantekeninge van die Afrikaanse spreektaal en eienaardighede te maak". Aan hierdie taak het hy hom onvermoeid sedert 1876 (hy was toe sewentien) gewy. Dit getuig van 'n ongewone volwassenheid en begrip van die "groter taak" van die individu se diensbaarheid aan 'n taalgemeenskap. Von Wielligh bestempel homself byvoorbeeld in *Eerste skrywers* (1922) op die titelblad as "Die laaste stem en naklank uit die Genootskap van Regte Afrikaners". Teen daardie tyd was hy reeds erelid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Taal, Lettere en Kuns.

2.2 *Verlore veldwerk*

'n Weinig bekende verlies uit die Anglo-Boere oorlog is die feit dat Von Wielligh se dokumentasie van taalvariasieveldwerk oor meer as drie-en-twintig jaar tydens die oorlog in vyandige hande beland het. Dit het noukeurige aantekeninge oor taalkundige en dialektiese verskynsels in “geselstaal”, soos hy die verskynsel genoem het, behels. Daarom moes hy uiteindelik op sy geheue staatmaak om hierdie navorsing te rekonstrueer. Dit is vervolgens verder gekompliseer deur die verlies van sy sig (Von Wielligh 1922:57).

2.3 *Ons Geselstaal, 'n baanbrekerswerk*

Uiteindelik het hy die werk tussen 1921 en 1922 in *Die Huisgenoot* gepubliseer. Die redakteur was op daardie stadium die bekende taalkundige, prof. Johannes J. Smith, wat enkele aanbevelings gemaak het en hom met proefleeswerk gehelp het (vergeelyk ook in dié verband Hugo, 2009: 74, 77). Smith sou later die eerste hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal* word.

Die uiteindelige resultaat was die boek *Ons Geselstaal* (1925) met 'n inleiding deur Smith. Hierin noem Smith dit “baanbrekerswerk” en “pionierswerk”. Hy noem ook dat die skrywer bewus was van die onvolmaaktheid daarvan, maar dat dit 'n stuk veldwerk is waarvan kennis geneem gaan word in die Afrikaanse taalkunde en dat dit as vertrekpunt vir verdere studie kon dien.

3. Leksikografiese nalatenskap

Die jaar na die verskyning van die boek word Smith aangestel as die eerste hoofredakteur van die *Woordeboek van die Afrikaanse Taal*.² Smith het hom reeds in 1920 begin beywer vir 'n groot Afrikaanse woordeboek en sy woordversameling begin opbou wat mettertyd tot 'n kwartmiljoen kaartjies aangegroei het. (Schoonees, 1958:123) Hy het sy werk as hoofredakteur begin deur met persone en liggame oor die hele land heen te skakel vir medewerking. 'n Subredaksie vir die verwerking en insameling van materiaal is ook in die lewe geroep. Die *Inleiding tot die WAT (deel A-C)* werp meer lig op die samestelling van dié medewerkers: hulle was adv. J.H.H. de Waal, dr. F.E.J. Malherbe, dr. R Marloth, dr. E. Percy Phillips, Gustav Preller, die *Natalse Saamwerk-Unie* onder leiding van dr. P.C. Schoonees, senator C.J. Langenhoven en G.R. von Wielligh. In die *Inleiding tot die WAT* word Von Wielligh beskryf as “...afkomstig van Hendrina, Transvaal, 'n medewerker wat fokus op bepaald Oos-Transvaalse woorde en uitdrukkinge, maar vanweë sy veldwerk, die hele taalgebied dek soos gedokumenteer in *Ons Geselstaal*...”

Chronologies beskou kan uiteraard afgelei word dat baie van Von Wielligh se veldwerk vir Smith, net soos sy eie lysste, sinvolle data en agtergrond kon bied in

sy nuwe pos en dat baie van hierdie gegewens uiteraard, nadat dit gekontroleer is, as lemmas in die WAT tereggekome het. Of Von Wielligh in alle gevalle in die WAT die krediet vir sy veldwerk gekry het wat hom toegekome het, is 'n vraag wat slegs vasgestel kan word uit 'n vergelykende studie tussen enersyds die gedrukte WAT asook die omvangryke kaartjiewersameling in die kluis van die Buro van die WAT en andersyds die Von Wielligh-publikasies in *Die Huisgenoot* en in *Ons Geselstaal*.

By navraag (10.8.2009) was die WAT-hoofredakteur, dr. Willem Botha en sy medewerker dr. Frikkie Lombard wel bewus van 'n beperkte aantal verwysings na Von Wielligh in die kaartjiewersameling. By verdere navraag het me. Tanja Harteveld met behulp van die gevorderde nuwe elektroniese WAT-soekfasiliteit 611 gebruiksvoorbeelde van Von Wielligh in die sentrale teks van dele A tot R, soos geëkserpeer tot 8 Februarie 2010, geïdentifiseer. Dit was heelwat minder as 'n tydgenoot van hom, C.J. Langenhoven, met 2621 verwysings. 'n Verdere ontleding van die data het aangetoon dat daar maar net 102 van hierdie 611 lemmas uit die omvangryke *Ons Geselstaal* afkomstig was. Tog het hierdie werk toe reeds gewemel van ekserpeerbare lemmas. Uitgaande hiervan behoort die verwysings na Von Wielligh in die WAT veel meer te wees. As in ag geneem word dat Von Wielligh (net soos Langenhoven) in 1932 oorlede is, sou 'n logiese veronderstelling wees dat die eerste dele van die WAT (wat weliswaar eers vanaf 1950 uitgegee is) na verhouding meer verwysings na Von Wielligh behoort te bevat as latere dele. Die teendeel is egter waar, aangesien A maar 3 verwysings bevat (bv. 'n lemma soos "anneks"), B 3 en C 0. Van D af met 19, gaan dit algaande beter. Die verwysings na Von Wielligh lyk verder soos volg: E - 10, F - 7, G - 23, H - 35, I - 12, J - 13, K - 269, L - 44, M - 38, N - 17, O - 59, P - 33, Q - 0 en R - 26.

Interessant genoeg verwys Hugo (2009:77) na vroeë wat ontstaan het oor die geskiktheid van Smit as hoofredakteur van die WAT aangesien daar in sy tyd (vanaf 1926 tot met sy aftrede in 1945 weens sy gesondheid) nog geen deel van die woordeboek verskyn het nie. Daarteenoor is wel 'n kosbare woordversameling van 230 000 kaartjies opgebou (volgens bevindinge in 1945 deur die Broeksmakomitee, vergelyk die *Inleiding tot die WAT, deel A-C*, 1950: ii). Die waarde van hierdie versameling word in Julie 1944 deur prof. D. B. Bosman en dr. J. du P. Scholtz as volg beskryf: "Ons is baie beslis van mening dat dit 'n kosbare versameling van Afrikaanse taalmateriaal vorm en dat dit 'n nasionale verlies sou beteken as hierdie materiaal nie in deeglik bewerkte vorm aan die volk beskikbaar gestel word nie" (*Inleiding tot die WAT, deel A-C*, 1950: ii).

Muller (1990: 390) noem in sy studie oor die geboorte en groei van die Nasionale Pers dat die kontrak wat tussen die Nasionale Pers, die regering en die WAT onderteken is, gestipuleer het dat die voorgenome verklarende woordeboek ook gegewens oor etimologie en uitspraak moes bevat (en binne drie jaar en drie maande afgehandel moes wees!) waarna die Pers die werk sou uitgee. Almal het destyds die omvang van die werk onderskat. Die WAT as omvattende woordeboek van 'n

snelgroeiende taal is immers tans na meer as 80 jaar steeds nie naastenby afgehandel nie. Die letter R eers in 2009 uitgegee is en Z sal eers, volgens beraming, in ongeveer 2026 bereik sal word, 'n eeu na die ontstaan van die woordeboek. Dit neem nie weg dat Smith tot 1932 in Von Wielligh en sy materiaal 'n goeie medestander gehad het nie. Dit sluit die kwessie van woord-uitspraak in.

Die enigste uitspraak wat egter in dié verband met sekerheid gemaak kan word, is dat Von Wielligh se omvangryke veldwerk ten opsigte van uitspraak en woordeskat uit verskillende streke (taalvariasie) weens 'n ideale veldwerkposisionering, sonder twyfel aan Smith 'n waardevolle bron besorg het. Hoe daarmee omgegaan is, bly voorlopig onduidelik.

4. Gewestelike spraak

Sedert *Ons Geselstaal* in 1925 verskyn het, het heelwat omvangryke, sistematiese studies ten opsigte van gewestelike spraak of taalvariasie in Afrikaans verskyn. 'n Vroeëre werk was dié van Rademeyer: *Kleurling-Afrikaans* (1938). S.A. Louw volg dit op met sy *Taalgeografie: Inleidende gedagtes oor Dialekstudie* (1941) en sy werk aan die *Afrikaanse TaalAtlas* (Louw 1959). Claassen en Van Rensburg gaan verder met hul *Taalverskeidenheid, 'n Blik op die spektrum van Taalvariasie in Afrikaans* (1983) waarin Kaapse Afrikaans, Flaaitaal, ensovoorts verreken word. Nog 'n werk van dié aard is *Variasietaalkunde* (1987) van Du Plessis met 'n hoofstuk wat spesifiek fokus op Van der Merwe-Afrikaans. Grobler, Prinsloo en Van der Merwe het in 1990 'n algemene taalAtlas die lig laat sien (*Language atlas of South Africa*). Nieuwoudt se *Die taal van die Griekwas en die Rohoboth-Basters* (1990) fokus op wat vandag Oranjerivier-Afrikaans genoem word.

Daar was ook uitgebreide akademiese navorsing, projekte en hoofstukke in publikasies, soos byvoorbeeld hoofstukke in 'n *Verkenning van Afrikaans* van Van Rensburg (1988) en omvangryke navorsing oor Griekwa-Afrikaans wat in 1984 onder leiding van Van Rensburg (projekleier) en medewerkers by die destydse U.O.V.S. gedoen is en nuttige datalyste opgelewer het. Links (1989) se fokus het weer op die spraak van Namakwalanders geval in sy *So praat ons Namakwalanders*. Coetzee (1989) het die uitspraakvariasie in die Afrikaans van Johannesburgse bruin gemeenskappe bestudeer en Kotzé (1983) het gefokus op variasiepatrone in Maleier-Afrikaans.

Hoewel bogenoemde nog geen volledige lys is nie, bevat dit wel die vernaamstes. Daaruit blyk dat geen latere navorser werklik Von Wielligh se wye spektrum, vervat in een omvangryke werk, kon ewenaar nie.

Die eerste vergelykbare omvattende naslaanwerk oor gewestelike spraakverskynsels is dr. Anton Prinsloo se woordeboek oor kontreitaal, *Annerlike Afrikaans*, wat pas in 2009 verskyn het. In die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 2002 is daar ook wel 'n lys met woorde uit die omgangstaal opgeneem (toe Prinsloo die voorsitter van die

Taalkommissie was).³ Merkwaardig genoeg ontbreek *Ons Geselstaal* dikwels in die bibliografieë van bogenoemde latere navorsers.

Ons Geselstaal gee 'n oorsig van gewestelike spraak van Afrikaans soos dit indertyd in die verskillende streke gepraat is. Hierdie studie moet dan ook binne die konteks van die tyd en omstandighede waarin dit geskryf is, beskou word. In literatuurgeskiedenis word Von Wielligh se belangrikste literêre werk, *Jakob Platjie*, getipeer as didakties-informatief van aard (Kannemeyer, 1988: 37, ensovoorts). Met die boekstaving van sy taalkundige waarnemings was dit in werklikheid nie anders gesteld nie en sy mededeling oor taalkundige kwessies in *Ons Geselstaal* kan eweneens stilisties as “didakties-informatief” beskryf word.

Von Wielligh verduidelik in die boek woordeskatuitbreiding, -verryking en nuutskeppinge aan die hand van geografiese verspreiding, asook die onderskeie trektoegte van Afrikaanssprekendes die binneland in. Hy bevind byvoorbeeld dat die koloniste wat nie aan die trek deelgeneem het nie, hul woordeskat oor onder andere visse, wynbou en sekere plante behou het. Hy lei vervolgens af dat diegene, wat binneland toe getrek het, daardie woordeskat verloor het, maar darem nuwe ondervindinge opgedoen en voorwerpe ontdek het wat tot woordeskatverryking aanleiding gegee het. Hy verklaar in dié verband: “Ons praat dieselfde taal, slegs met die onderskeid dat een deel ryker is aan woorde van 'n sekere soort as die ander. En dit vereis oplettendheid om die onderskeid vas te stel” (1925:13). Laasgenoemde vaardigheid het hy, veral ook later as gesiggestremde, met verskerpte gehoor, indrukwekkend bemeester. 'n Mens kan jou egter afvra of sy afleiding in die verband klop en of hy nie die voortbestaan van die menslike woordeskatgeheue onderskat nie.

Hieruit blyk wel dat sy fokus nie op standaardtaal was nie, maar op afwykende verskynsels in taal volgens streek. Hy verklaar dan ook: “Wat uitspraak en woordkeuse betref, is die afwykings so gering dat selfs geleerdes dit moeilik vind om dit te ontdek; hiervan het ek ondervinding genoeg opgedoen met die lysie van woorde en uitdrukkings wat ek oor die hele Unie rondgestuur het om met plaaslike spraak te vergelyk” (1925:13). Von Wielligh was gekant teen die term “dialektiese Afrikaans” aangesien die afwykings en onderskeid in die spraak van die verskillende streke volgens sy waarnemings te onbeduidend was om van dialekte te praat (1925:4).

5. Kartering van die taallandskap

Hy is die eerste taalkundige waarnemer wat aanstalties gemaak het om die Afrikaanse taalareas in streke te verdeel. Landmeter-generaal Von Wielligh het hom dus weliswaar hier op 'n “ongekarteerde taallandskap” bevind en hy het, eie aan sy primêre beroep, ook die taallandskap waarmee hy in aanraking gekom het, gekarteer. So het hy in wese veldwerk in Afrikaans gedoen wat Louw se eerste *Afrikaanse TaalAtlas* (1959) ongeveer 34 jaar vooruit was. Eintlik was sy navorsing sy tydgenote

veel langer vooruit as in ag geneem word dat sy aanvanklike streeksdialeknavorsing reeds tydens die Anglo-Boere oorlog verlore geraak het.

Hy verdeel, volgens sy eie waarnemings, die Unie in 10 spraakafdelings. Hierby laat speel hy die provinsiale grense dalk soms 'n te groot rol, want taalgebruik steur hom nie noodwendig aan mensgekarteerde grense nie (vergelyk ook in dié verband Louw, 1941: 38). In deel twee van *Ons Geselstaal* word die volgende streke bespreek: (1) Die Boland as Afrikaans se Bakermat, (2) Die Noordwestelike Distrikte (wat Boesmanland en Namakwaland insluit), (3) Die Binnelande van die Kaapprovinsie, (4) die Suidelike distrikte van Swellendam tot Port-Elizabeth, (5) die Oostelike Distrikte van Port-Elizabeth tot Basoetoeland, (6) die Vrystaat, (7) Natal, (8) Oostelike Transvaal, (9) Westelike Transvaal en (10) Griekwaland-Wes en Betsjoeanaland.

Daar kan in hierdie artikel nie ingegaan word op die skrywer se voorbeelde by elk van die tien spraakafdelings nie. Om die diepgang van sy navorsing per streek te illustreer, beperk ek my daarom tot enkele streekswoorde wat hy t.o.v. Griekwaland-Wes aanwys. Tydens die NALN-beraad in 2009 het 'n deskundige op die terrein van Griekwa-Afrikaans, prof. Hans du Plessis, uit die gehoor onderskryf dat Von Wielligh inderdaad reeds in 1925 fyn taalkundige waarnemings rondom die Griekwa-Afrikaanse woorde en segswyses gemaak het met verwysing na *hoeka*, *pa-goed*, *goete* en *breek geslaan*, ensovoorts. 'n Voorbeeld van die uitdrukkings uit hierdie streek, is die bydrae van mej. Miems Haumann van Campbell wat verwys na iemand wat (ondanks die stadige motors van voor 1925!) “'n S gooi”. Laasgenoemde het vandag steeds nie sy trefkrag verloor nie. Die intensiteit van Von Wielligh se taalkundige waarnemings word ten opsigte van elk van die 10 streke gehandhaaf.

6. Samewerking uit verskillende streke

Dit is duidelik dat taalondersoek vir Von Wielligh by uitnemendheid 'n saak van samewerking met medewerkers uit verskillende streke was. Hy het vraelyste en woordelyste aan hulle gestuur en sy entoesiasme vir die saak het kennelik goeie terugvoer gewaarborg.

Net na die voorwoord in *Ons Geselstaal* (1925) kom 'n erkenningsnaamlys voor van diegene wat goedgunstiglik sy woordelys met die plaaslike spraak van hul onderskeie distrikte vergelyk het. Hieronder tel bekende figure van destyds: prof. dr. B.B. Keet (Graaff-Reinet), mej. Sarah Goldblatt, Langenhoven se sub (Kaaipstad), prof. J.J. Smith wie se verbintenis met Von Wielligh reeds bespreek is (Stellenbosch), mev. M.E. Rothman, die skryfster MER (Swellendam), mnr. C.P. Hoogenhout, lid van die Genootskap (Wellington), mnr. D.F. du Toit (Oom Lokomotief van Bloemfontein), adv. E.G. Jansen en sy vrou (Pietermaritzburg), om maar enkeles te noem. Dikwels is dit dominees (soos ds. N.J. van der Merwe van Wepener) en regsliu, maar ook familie,

soos mej. Kittie von Wielligh (Clanwilliam), mej. Maria von Wielligh (Oudtshoorn) en mev. M.W. von Wielligh (Middelburgse Hoëveldse spraak).

Hy spreek verder die versugting uit dat "...studente van uniwersiteite (sic), uniwersiteitskolleges (sic), normaalskole en teologiese seminariums, gewapen met lyste woorde, gedurende lang vakansies hul tuisdistrikte se woordeskat moet vergelyk..." (1925:17). Die kommissie moet volgens streke verdeel word en dan die lyste nagaan en uitbrei. Von Wielligh se entoesiasme het baie medewerkers uit verskillende streke gemotiveer tot samewerking en uiteindelik noemenswaardige en baanbrekende taalkundige navorsing. Hierdie prosedure was 'n voorloper op die navorsing vir die WAT wat uiteindelik sou volg.

7. Beskouing oor van die aard van Afrikaans

Von Wielligh was 'n selferkende taalpuris; gevolglik stuit woorde soos "energie", "soliditeit", "affiliasie" en "alternatief" hom teen die bors. Hy verwys daarna (1922: 35) onder meer as wat ons mense op die platteland - en ook baie dorpelinge - hoor sing, maar hulle weet nie waar die goedjies presies sit nie..."

Verder waarsku hy veral teen die gebruik van Neerlandismes deur skrywers wat in "Hollands" en "in Holland" gestudeer het. Sy poging tot verafrikaansing van Nederlandse woorde en uitdrukkings, of enige taalvreemde woorde, is 'n minder geslaagde taaloefening, soos die woord "propaganda" wat hy met "voortplantingplanne" in *Die Brandwag* van Februarie 1918 verafrikaans het. Tog het sy naartoe verafrikaansing van die on-Afrikaanse ten doel gehad om sy lesers van hierdie jong taal te sensiteer vir 'n eie, unieke en suiwer Afrikaanse woordeskat en gepaardgaande taaltrots.

Sy deurdatte, vergelykende wye visie omtrent die Afrikaanse woordeskat, blyk uit sy volgende stelling: "In die eerste plaas het die woord *veld* 'n baie mooier betekenis gekry as wat dit in Hollands besit. Selfs die Engelse het daarop verlief geraak, sodat dit ook nou 'n Engelse woord geword het" (1925: 20).

Sy beskouing van die aard van Afrikaans blyk uit die volgende stelling (Von Wielligh, 1925: 24): "Die Afrikaanse taal is seker een van die suiwerste Germaanse tale wat daar vandag gepraat word. Sy grondwoorde is direk uit die Hollandse taal van die 17de eeu geneem; en dié het, met min uitsonderinge, die oorspronklike betekenis behou, soos *grond, vet, skaap*, (...). Dus, uit die aard van die saak is Afrikaanse enkelwoorde skaars. Die skat van suiwer Afrikaans bestaan egter uit sy samestellings, soos *nou-nou* (...), *wag-'n-bietjie* (...) *hotnaasagteros, swartwitpensbok* (...)" Dit pla hom dat die skryftaal in navolging van Nederlands, neig om so baie leenwoorde uit Frans, Latyn en Grieks direk op te neem ten koste van Afrikaanse woorde (1925:25).

Von Wielligh het verder beskik oor die vermoë om die herkoms en voorkoms van 'n spesifieke woord haarfyn geografies na te loop (en gedetailleerd letterlik oor

'n leeftyd heen te dokumenteer). Soos 'n bloedhond het hy nie laat los voor hy nie 'n bevredigende verklaring daarvoor gehad het nie. 'n Voorbeeld is “slinger-om-die-smoel” soos deur sy oupa (in Kaapstad gebore) gebruik. Hy het dit teruggevind by mnr. Krips Erasmus (boorling van Pearston) naby Stutterheim in 1878 en daarna weer in 1915 op die Hoëveld by mnr. Hermanus de Jager (Natal-boorling). Uiteindelik het hy aan die einde van die “dowwe spoor” van 37 jaar 'n bevredigende verklaring gevind by die Genootskapper C.P. Hoogenhout. Hoogenhout kon hom meedeel dat die woord effens anders (“slinger-om-die-trap”) in sy kinderjare in Holland gebruiklik was weens die meelpap wat aanhoudend geroer (geslinger) moes word om klontvorming te vermy (1925: 26).

Hy bespreek ook woordgevalle wat op verkeerde aannames geskoei is en tot nuwe benaminge lei, byvoorbeeld “seekoei” (1925: 28). Sy bespreking verwys verder na verskeie invloede op Afrikaans, soos die invloed van seemanstaal, Hollandse gewestelike spraak, Maleis, Portugees, Slawetaal, Frans, Duits en inheemse tale, soos “Hottentots”, kompleet met omvangryke lyste voorbeelde uit die “geselstaal”.

8. Ingesteldheid en vermoëns ten opsigte van taalkundige navorsing

8.1 'n Natuurlike taalkundige

Von Wielligh kan beskou word as 'n natuurlike taalkundige wat, sonder formele onderrig, verskeie dissiplines bestudeer het. Verskillende taalkundige dissiplines is herkenbaar in sy besprekings, al was daar nog nie noodwendig op daardie stadium benaminge vir al die hierdie dissiplines in Afrikaans nie.

Hy verwys onder andere na taalverskynsels per streek, individu en omstandigheid (wat dui op *sosiolinguistiese* waarnemings, waaronder geolekte, ideolekte, dialekte, ensovoorts). Hy verwys ook na samestellings, sonderlinge meervoude en sametrekkinge (wat op *morfologiese* waarnemings dui), na uitdrukkings (wat onder andere op *sintaktiese* waarnemings dui), verskuiwings van aksent, ontronding, nasalering en klankverskynsels (wat op *fonetiese* aspekte dui), die woordbetekenis (wat op *semantiese* waarnemings dui), die woordeskat, wisselvorme en spelling van woorde (wat tipiese *leksikografiese en terminologiese* aspekte aantoon), taal in gebruik (wat dui op *pragmatiese* aspekte) en die voorafgeskiedenis en invloede van ander tale op Afrikaans (*historiese taalkunde*).

Hy bespreek verder ook sy tyd se doelbewuste *taalbeplanning en taalpolitiek* (al was daar nog nie op daardie stadium terme vir die verskynsels nie) aan die hand van die VOC se grondbriefuitreiking in die Stellenbosch-, Drakenstein- en Riebeekdistrikte wat doelbewus nasionaliteite deurmekaar geplaas het. Dit het uiteraard uiteindelik tot die ontstaan van Afrikaans en 'n nuwe volk weens die ineen-smelting van verskillende volke (en tale) gelei terwyl Nederlands, aanvanklik as die taal van die

regering, uiteraard die oorhand behou het. Hy vermeld die latere fel aanslag van lord Charles Somerset om Engels aan Afrikaanses op te dring en bevind dat die geleerde woorde geen invloed op die spreektaal sal uitoefen nie en opgesluit sal bly "...in die geskifte waarin hul ingetronk is..." (1925: 25).

Von Wielligh het dus die totale taalkundige spektrum gedek en dit sonder formele taalkundige opleiding, maar gewapen met 'n uitstaande taalaanvoeling, waarnemingsvermoë en prysenswaardige dryfkrag. Dat hy egter wel ingelig was oor wêreldwye tendense ten opsigte van stelselmatige taalondersoeke, blyk duidelik uit sy verwysing na werk van die Dialect Society in Engeland, asook dr. Wright van Oxford se studie van Engelse tongvalle en dr. Wright en sir James Murray van die Laelande van Skotland se bewaring van suiwer uitspraak op grammofoonplate (1925:15).

8.2 'n Lewenstaak sonder gewin

Hoe besied hy was oor hierdie lewenstaak sonder gewin, blyk uit 'n verwysing in die derdepersoon na sy eie omstandighede wanneer hy die oprig van 'n ondersoek-"kommissie" deur vrywillige respondente bepleit:

So vèr as die skrywer van *Ons Geselstaal* hoef die lede nie te gaan nie. Vir hom beteken die samestel en publikasie van hierdie werkie 'n geldelike verlies; en al sou iemand die tekort finansiël (sic) wil dek, dan sal hy bly weier om van dié welwillendheid gebruik te maak. Want hy is ná 'n taalstryd van vyftig jaar nog fris en gesond om sy volk te dien; en al is hy amper blind, dan nog is hy gewillig om homself en sy tyd te offer aan 'n saak van liefde. (1925:17)

8.3 Hulde aan ander, maar self vergete

Von Wielligh lê tereg in *Ons Geselstaal* 'n denkbeeldige krans op die onbekende grafte van afgestorwe "boereskoolmeesters" (sic) wat Afrikaans help bevorder het. Hy vermeld sy eie meester in die dae toe Nederlands uit Kaaplandse skole verban is, Jan Balt, 'n Hollandse matroos, wat later lid van die GRA geword het (Von Wielligh, 1925:25). Von Wielligh is gretig om krediet aan mense toe te ken, maar self het hy min erkenning vir sy reuse bydrae tot Afrikaans gekry. Dat Von Wielligh sy eie prestasies behaal het as woelgees op beide taalkundige as letterkundige vlak, ten spyte van sy gebrek, verdien vandag inderdaad spesiale erkenning.

'n Mens kan hierby Von Wielligh se siening van homself in berekening bring. Hy het homself beskou nie as kunstenaar wat vir die uitgelese geleerdes skryf nie, maar as volkskrywer wat die eintlike taalgemeenskap wou bereik. In sy eie woorde: "Die kunstenaar lewer 'n kosbaar monument om sy volk onder die ander volke te laat uitblink; maar die Volksskrywer saai die sade, wat voedsel vir sy eie Volk lewer." (Schoonees, 1922: 71)

9. Slot

Met sy 150-jarige herdenking in 2009 is 'n behoefte vervul om Gideon Retief Von Wielligh te vereer vir die skoffelwerk wat hy saam met die Genootskap van Regte Afrikaners gedoen het om die taalakker plantgereed te kry. So ook vir die saad wat hy so mildelik in taalkundige, sowel as letterkundige beddings gesaai het sodat ons tans steeds die Afrikaanse vrugte daarvan pluk. Die bydrae deur Von Wielligh soos hierbo beskryf, onderskryf inderdaad mnr. Otto Liebenberg se versugting om 'n uitvoerige biografie:

Die regte tyd sal dus nog kom – indien nie teen 2025 met die 150ste herdenking van die stigting van die GRA nie, dan bes moontlik teen 2032, 'n honderd jaar na Von Wielligh se dood, of in 2059, tweehonderd jaar na sy geboorte. Tyd, die geskiedenis, is nie haastig nie. Die geskiedenis is 'n verbete, 'n ongenaakbare, 'n kliniese assessor van die waarheid, van reg en geregtigheid. En hy het die wêreld se tyd om daarvoor te wag.

Op 'n tyd wanneer min of dalk nie een van ons wat vandag hier bymekaar is meer hier gaan wees nie, sal dus wel gebeur wat móét gebeur, en sal reg aan die eerbiedwaardige ou gryse Von Wielligh geskied. Die begenadigde om dit te doen, sal nog gebore word. (Liebenberg, 2009)

Universiteit van die Vrystaat

Bronnelys

- Antonites, A.J.** 1968. Von Wielligh, Gideon Retief. *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, deel I*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Claassen, G.N. & M.C.J. van Rensburg** (reds.) 1983. *Taalverskeidenheid. 'n Blik op die spektrum van taalvariasie in Afrikaans*. Pretoria: Academica.
- Coetzee, Anna E.** 1989. *Uitspraakvariasie in die Afrikaans van die Johannesburgse bruin gemeenskappe: 'n vergelykende studie*. D. Litt.-verhandeling, RAU.
- Du Plessis, Hans.** 1988. *Variasietalkunde*. Pretoria: Serva Uitgewers.
- Du Plessis, L.T.** 1983. *'n Kritiese beskouing van die identifikasie van die Afrikaanse taalbewegings en hulle funksies*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Elektroniese WAT.** 2009. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal (A-R)*. Oorsig van die Voorgeskiedenis van Die Afrikaanse Woordeboek. Buro van die WAT: Stellenbosch.
- Grobler, E. Prinsloo, K.P. & I.J. van der Merwe.** 1990. *Language Atlas of South Africa: Language and Literacy Patterns*. Pretoria: Human Sciences Research Council.
- Hugo, Daniël** (Red.). 2009. *Halala Afrikaans*. Pretoria: Protea Boekhuis.
- Kannemeyer, J.C.** 1974. *Die Afrikaanse bewegings*. Blokboeke. Pretoria: H & R – Academica.

- Kannemeyer, J.C.** 1988. *Die Afrikaanse Literatuur 1652 – 1987*. Kaapstad: Human & Rousseau.
- Kotzé, E.F.** 1983. *Variasiepatrone in Maleier-Afrikaans*. Ph.D.-verhandeling, Universiteit van die Witwatersrand.
- Liebenberg, Otto.** 2009. Openingstoespraak gelewer op 12 Augustus tydens die *Von Wielligh 150-huldigingsprogram* by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum en Navorsingsentrum (NALN) in Bloemfontein. (Ongepubliseerde aantekeninge).
- Links, Tony.** 1989. *So praat ons Namakwalanders*. Kaapstad: Tafelberg.
- Louw, S.A.** 1941. *Taalgeografie. Inleidende gedagtes oor Dialekstudie*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.
- Louw, S.A.** 1959. *Afrikaanse Taalatlas*. Universiteit van Pretoria. Pretoria: Aurora Drukkers.
- Muller, C.F.J.** 1990. *Sonop in die Suide – geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915 – 1948*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Nieuwoudt, H.P.** 1990. *Variasie binne Oranjerivier-Afrikaans*. D. Litt.-verhandeling. PU vir CHO.
- Pienaar, E.C.** 1926. *Die Triomf van Afrikaans*. Kaapstad: Nasionale Pers.
- Rademeyer, J.H.** 1938. *Kleurling-Afrikaans. Die taal van die Griekwas en die Rohoboth-Basters*. Amsterdam: N.V. Swets & Zeitlinger.
- Schoonees, P.C.** 1922. *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging*. Amsterdam: De Bussy.
- Schoonees, P.C.** (hoofred.). 1950. *Woordeboek van die Afrikaanse Taal, A-C*. Pretoria: Die Staatsdrukker.
- Schoonees, P. C.** 1958. *Rondom die woordeboek*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- Van Rensburg, M.C.J.** (projekleier). 1984. *Finale verslag van 'n ondersoek na Afrikaans van die Griekwas van die tagtigerjare*. U.O.V.S.
- Van Rensburg, M.C.J.** (red.) e.a. 1988. *'n Verkenning van Afrikaans*. Bloemfontein: Patmos.
- Von Wielligh, G.R.** 1917. Die laaste snikke van Maleis-Portugees aan die Kaap. *Die Brandwag*, Oktober 1917.
- Von Wielligh, G.R.** 1922. *Eerste skrywers of laaste stem en naklank uit die Genootskap van Regte Afrikaners*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- Von Wielligh, G.R.** 1925. *Ons Geselstaal. 'n Oorsig van gewestelike spraak soos Afrikaans gepraat word*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Note

1. Die Von Wielligh-van het 'n spellingverandering in die nageslagte ondergaan.
2. Hugo 2009: 66 verwys ook na Smith se vroeëre leksikografiese werk, onder andere as mederedakteur van die *Afrikaanse Woordelys en Spelreëls* van 1917 saam met T. H. le Roux en D.F. Malherbe; ook

die feit dat hy na sy aanstelling in 1919 as eerste professor in Afrikaans by die Universiteit van Stellenbosch ywerig woordelyste opgestel het en in der waarheid alreeds in 1911 daarmee begin het tydens sy Londense studentejare. (Vergelyk Hugo, 2009: 66 & 76 – 77.)

3. Aangesien die AWS 'n riglyn ten opsigte van Standaardafrikaans is en daar oor die opname van hierdie lys 'n polemieek ontstaan het, is die lys met Omgangsafrikaanse woorde grotendeels uit die nuwe AWS, wat in 2009 verskyn het, weggelaat.

Riglyne vir outeurs:

Manuskrip vir T.N&A uit die volgende onderdele:

- U naam, adres, telefoon, faks-nommer en e-po adres op 'n afsonderlike bladsy.
- 'n Uitdruk van die artikel (in drievoud).
- Genommerde illustrasies, indien benodig, met duidelike aanduiding van waar hulle in die teks geplaas moet word.

Aanwysings vir die artikel self:

- Bydraes kan in Afrikaans, Nederlands, Duits of Engels geskryf word.
- Gebruik die geldende spelling van hierdie tale.
- Na die titel van die artikel volg 'n samevatting van maksimaal 150 woorde. Die samevatting behoort in Afrikaans of Nederlands te wees indien die artikel in Duits of Engels geskryf is.
- Moenie afkortings gebruik nie (skryf “onder meer”, nie “o.m.” nie).
- Laat die eerste reël van 'n paragraaf inspring, behalwe na 'n opskrif.
- Laat langer aanhalings inspring, en onderskei hulle deur middel van witreëls van die res van die teks.
- Verwys na notas met behulp van syfers in boskrif.
- Gebruik by aanhalings dubbele aanhalingstekens (“ ”) behalwe by aanhalings binne aanhalings (“ ‘ ’”).
- By aanhalings val die leesteken slegs binne die aanhalingstekens wanneer dit deel vorm van die aanhaling.
- Die publikasie waarna in die artikel verwys word, verskyn agteraan in 'n bibliografie.
- Gebruik by voorkeur die Harvard-sisteem van titelbeskrywing en verwysing.
- Verwysings in die teks word aangedui deur die name van outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakies te plaas. Byvoorbeeld: (Lijphart-Bezuidenhout 1984: 40-42).
- Titelbeskrywing in die bibliografie aan die einde van die artikel (titels in alfabetiese en kronologiese volgorde):

Groeneboer, Kees. 1993. *Weg tot het Westen: het Nederlands voor Indië: een taalpolitieke geschiedenis*. Leiden: kitlv Uitgeverij.

Lijphart-Bezuidenhout, Tr. 1984. Thomas François Burgers - *Toneelen, Tijdschrift voor Nederlands en Afrikaans*, 2 (1): 38-56.

Disket:

- Lewer 'n disket in met die definitiewe teks van die artikels; dit wil sê, nadat enige kritiek verwerk is.
- Skryf die naam van die gebruikte woordverwerkingspakket op die disket. T.N&A gee voorkeur aan die Richtext (rtf) formaat. Ander formate sal sover moontlik konverteer word.
- Hou 'n oorspronklike kopie.

Redaksionele Beleid:

Alle bydraes word anoniem op geskiktheid van publikasie beoordeel deur ten minste twee beoordelaars, onafhanklik van die T.N&A redaksie. Die kopiereg van artikels gepubliseer in T.N&A berus by die redaksie.

Menings wat in T.N&A uitgespreek word, hoef nie noodwendig deur die redaksie gedeel te word nie.

T.N&A

Intekenvorm

Titel:

Prof.

Dr.

Ds.

Mnr.

Mev.

Me.

Voorletters en van:

Adres:

.....

..... Kode:

Tel. (W): (H): (Faks):

Sel: E-pos:

Betaling: Suid-Afrikaanse Intekenaars: R 100

Buitelandse Intekenaars: R 175

per tjek / posorder uitgemaak aan die SAVN

per direkte deposito aan SAVN, Rekening no. 1190154676

ABSA, Kode: 630125

Pietermaritzburg

Suid-Afrika

Geteken: Datum:

Pos of faks asseblief die depositostrokke en rekening as bewys van betaling.

Adres: Me. Renée Marais

E A G

Universiteit van Pretoria

0002 Pretoria

Suid-Afrika

E-pos: renee.marais@up.ac.za

Faks/Tel.: 033 3461443

Kansellaries geskied op skriftelike versoek. Kwitansies werk op versoek gestuur.